# Taal en hegemonie: Die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal, 1923-1948

**JE Lochner**

B Bk (PUCHO)

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in Bedryfskommunikasie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

**Studieleier: Prof AM Gerber**
**Medestudieleier: Prof AS de Beer**

2002
Potchefstroom

**Met dank aan:**

Prof AM Gerber, studieleier.

Prof AS de Beer, medestudieleier.

Prof CJH Lessing, tegniese versorger.

T Terblanche, taalversorger.

Die personeel van die Ferdinand Postma biblioteek (PUCHO), die RAU Universiteitsbiblioteek en die William Cullen biblioteek (Witwatersrandse Universiteit).

## Verklarings:

Ek verklaar dat die verhandeling wat hiermee vir die graad Magister Artium in Bedryfskommunikasie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys deur my ingedien word, uitsluitlik my eie werk is en dat dit nie voorheen deur my vir 'n graad by 'n ander universiteit ingedien is nie.

Ek erken hiermee die finansiële ondersteuning ontvang van die National Research Foundation (NRF). Opinies of gevolgtrekkings wat in hierdie studie uitgedruk word, is dié van die skrywer en verteenwoordig nie die standpunte, opinies of gevolgtrekkings van die NRF nie.

JE Lochner

2002

## Abstract

This study investigated the development of Afrikaans as a broadcast language against the background of the Afrikaner's hegemonic struggle during the first half of the previous century. The following research question was posed: *What influence did the Afrikaner's hegemonic struggle have on the development of Afrikaans as a broadcast language, from 1923-1948?* The study postulated that changes in the Afrikaner's cultural, economic and political position determined the position and status of Afrikaans as an official and a broadcast language.

Gramsci's (1982) hegemonic perspective, which explains how one group achieves dominance over another group or groups in society, was used as theoretical approach to this question. This dominance, which manifests as consensual control, is negotiated by the state whilst moral and intellectual leadership are accomplished in civil society. The theory of hegemony was applied, focusing on the *terrain* on which hegemony is negotiated. The point of departure is that institutions in civil society, as vehicles of culture and ideology, persuade subjugated groups to agree to their own domination.

Through historical research this study determined the impact of cultural, economic and political developments in the external framework on the internal framework of broadcasting, and the South African Broadcasting Corporation (SABC) since 1936, focusing specifically on the status of Afrikaans as a broadcast language. Therefore, the field of study was also typified as *media policy*.

Afrikaner nationalism as organic ideology opposed British dominance in cultural, economic and political spheres. Initially, the aim was to give Afrikaner culture equal status with English culture, but in order to achieve this, the ideology grew organically to include both economic and political motives. In the attainment of each of these goals, the ethnic leaders used the Afrikaans language as both a unifying and mobilising symbol. This was primarily due to the language focus of the two primary organic intellectuals of the time, general JBM Hertzog and dr DF Malan whose articulation of Afrikaner nationalism was interpreted and executed by other organic intellectuals, including those in broadcasting.

The Afrikaner's hegemonic struggle was mainly conducted in civil society by the group's organic institutions, namely the National Party, the Afrikaner Broederbond, the Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings, the Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en

Kuns/Wetenskap en Kuns and the Afrikaans newspapers, who used the issue of the status of Afrikaans in their functioning as vehicles of Afrikaner nationalism. In contrast, the broadcast industry, specifically the Corporation, was a terrain of the Afrikaner's hegemonic struggle rather than a vehicle of their ideology.

The success of this hegemonic struggle was reflected in the status of the Afrikaans language. As the Afrikaner developed from a counter-hegemonic group at the beginning of this study period to gaining political power at the end of it, Afrikaans developed from an unofficial language to a broadcast language equal in status to English.

## Abstrak

Hierdie studie het die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal teen die agtergrond van die Afrikaner se stryd om hegemonie in die eerste helfte van die vorige eeu ondersoek. Die volgende navorsingsvraag is gestel: *Watter invloed het die Afrikaner se stryd om hegemonie op die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal, van 1923-1948, gehad?* Die studie het gepostuleer dat veranderinge in die Afrikaner se kulturele, ekonomiese en politieke posisie die stand en status van Afrikaans as beide amptelike en uitsaaitaal bepaal het.

Gramsci (1982) se hegemoniese perspektief wat 'n verklaring bied vir hoe een groep in 'n samelewing dominasie oor 'n ander groep of groepe verkry, is as teoretiese benadering tot hierdie vraag gebruik. Hierdie dominasie wat as konsensuele beheer manifesteer word deur die staat onderhandel, terwyl morele en intellektuele leierskap deur die burgerlike samelewing bewerkstellig word. Die teorie van hegemonie is op hierdie studie van toepassing gemaak deur te fokus op die *terrein* waarop hegemonie bewerkstellig word. Die uitgangspunt is dat instellings in die burgerlike samelewing, as voertuie van kultuur en ideologie, die ondergeskikte groepe oorreed om bepaalde gesagsverhoudings te aanvaar. Hierdie bedinging van hegemonie is afhanklik van die organiese aard – wat saam met die groep groei en die vermoë het om gedrag en denke te rig – van ideologieë, instellings en intellektuele. Die instemming tot hegemonie word beding deur organiese intellektuele, werksaam in organiese instellings wat die groep se organiese ideologie versprei.

Deur middel van historiese navorsing het hierdie studie bepaal hoe kulturele, ekonomiese en politieke ontwikkelinge in die eksterne beleidsraamwerk die interne beleidsraamwerk van die uitsaaiwese, en sedert 1936 die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK), beïnvloed het met

spesifieke inagneming van die status van Afrikaans as uitsaaitaal. Derhalwe is die studieveld ook as *mediabeleid* getipeer.

Afrikanernasionalisme as organiese ideologie het ontstaan in verset teen Britse oorheersing op kulturele, ekonomiese en politieke terreine. Aanvanklik was die doel om die Afrikanerkultuur gelyke status met die Engelse kultuur te gee, maar ten einde dit te verwesenlik het die ideologie organies gegroei om ook die ekonomiese gelykberegtiging en uiteindelik die politieke magsoorname van die groep in te sluit. In die verwesenliking van elk van hierdie doelwitte is die Afrikaanse taal as verenigende en mobiliseringsimbool deur die etniese mobiliseerders aangewend. Dit was veral as gevolg van die taalgerigtheid van die twee primêre organiese intellektuele in hierdie tydperk, naamlik generaal JBM Hertzog en dr DF Malan wie se formulering van Afrikanernasionalisme deur ander organiese intellektuele, ook binne die uitsaaiwese, vertolk en toegepas is.

Die Afrikaner se stryd om hegemonie in die tydperk van hierdie studie het hoofsaaklik in die burgerlike samelewing deur middel van die groep se organiese instellings plaasgevind. Die kwessie van Afrikaans as uitsaaitaal is deur die Nasionale Party, die Afrikaner Broederbond, die Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns/Wetenskap en Kuns en die Afrikaanse koerante gebruik in hul funksionering as voertuie van Afrikanernasionalisme. Daarenteen was die uitsaaiwese, en spesifiek die Korporasie, in hierdie tyd eerder 'n terrein van die Afrikaner se hegemoniese stryd as 'n voertuig van sy ideologie.

Die sukses van hierdie hegemoniese strewe van die Afrikaner is in die stand van die Afrikaanse taal gereflekteer. Net soos die Afrikaners van teenhegemoniese orde aan die begin van hierdie studietydperk tot die politieke maghebbers aan die einde daarvan gevorder het, het Afrikaans van nie-amptelike taal tot 'n uitsaaitaal met gelyke status aan Engels ontwikkel.

# Inhoudsopgawe

**P**

**Hoofstuk 1**
**Inleiding** 1

1.1 Navorsingsagtergrond en –vrae 1
1.2 Teoretiese begronding en begripsomskrywing 3
1.3 Doelstellings 5
1.4 Metodologie 6
1.5 Studieperiode en aktualiteit 8
1.6 Hoofstukindeling 10

**Hoofstuk 2**
**Teoretiese grondslag** 12

2.1 Inleiding 12
2.2 Wat hegemonie is 14
2.2.1 Hegemonie en die bedinging van instemming 14
2.2.2 Staat en burgerlike samelewing 16
2.3 Die organiese aard van hegemonie 17
2.3.1 Organiese ideologie 17
2.3.2 Organiese instellings 18
2.3.3 Organiese intellektuele 21
2.4 Samevatting 23

**Hoofstuk 3**
**Historiese kontekstualisering** 25

3.1 Inleiding 25
3.2 Afrikanernasionalisme as organiese ideologie 25
3.2.1 Die politisering van taal 29
3.3 Die rol van instellings in die mobilisering van die Afrikaner 33
3.3.1 Nasionale Party (NP) 33
3.3.2 Afrikaner Broederbond (AB) 34
3.3.3 Christelik-Nasionale Onderwys (CNO) skole 36

3.3.4 Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns/Wetenskap en Kuns (Akademie) 36
3.3.5 Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) 37
3.3.6 Media 37
3.4 Die rol van Afrikanerleiers in die strewe na mag 39
3.4.1 Genl JBM Hertzog (Hertzog) 39
3.4.2 Dr DF Malan (Malan) 44
3.5 Samevatting 45

**Hoofstuk 4**
**Uitsaai onder privaatbeheer: Die stand van Afrikaans as uitsaaitaal, 1924-1936** 46

4.1 Inleiding 46
4.2 Die eksterne beleidsraamwerk van Afrikaans as uitsaaitaal, 1924-1936 47
4.2.1 Die politieke mag van die Afrikaner 47
4.2.2 Die ekonomiese posisie van die Afrikaner 50
4.2.3 Die taal- en kultuurstryd van die Afrikaner 52
4.3 Die uitsaaiwese onder privaatbeheer 55
4.3.1 Die eerste onafhanklike streeks-, kommersiële stasies 55
4.3.2 Schlesinger en die African Broadcasting Company (ABC) 55
4.3.3 Die taal- en magstryd oor die radio 58
*4.3.3.1 Aanvanklike uitsaaiwese weerspieël hegemoniese orde* 58
*4.3.3.2 Programbeleid en –inhoud* 59
*4.3.3.3 Tweetaligheid teenoor taalgelykheid in SAUK-Raad* 64
4.4 Samevatting 68

**Hoofstuk 5**
**Uitsaai onder openbare beheer: Strukturele akkommodasie en uitbreiding van Afrikaans as uitsaaitaal, 1936-1939** 70

5.1 Inleiding 70
5.2 Die eksterne beleidsraamwerk van Afrikaans as uitsaaitaal, 1936-1939 71
5.2.1 Die ekonomiese mobilisering van die Afrikaner 71
5.2.2 Taal en kultuur in die Afrikaner se eenheidsbeweging 73
5.2.3 Die politieke mobilisering van die Afrikaner 75

5.3 Die uitsaaiwese onder openbare beheer 77
5.3.1 Twee tale op een diens 78
5.3.2 Die radio-referendum 81
5.3.3 Afrikaans en Engels op verskillende kanale 83
5.3.4 Die 1938-Trek 85
5.4 Samevatting 88

**Hoofstuk 6**
**Uitsaai en oorlog: Politieke en tegniese struikelblokke in die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal, 1939-1948** 90

6.1 Inleiding 90
6.2 Die eksterne beleidsraamwerk van Afrikaans as uitsaaitaal, 1939-1948 91
6.2.1 Die Afrikaner se stryd om politieke mag 91
6.2.2 Ekonomiese faktore in die Afrikaner se stryd om mag 96
6.2.3 Taal en kultuur in die magstryd 97
6.3 Die politieke en tegnologiese impak van die oorlog op die SAUK 99
6.3.1 Die SAUK steun die oorlog 99
6.3.2 Afrikaners binne die Korporasie se verset teen die oorlog 104
6.3.3 Impak van die oorlog op pariteit van senders 107
6.4 Samevatting 109

**Hoofstuk 7**
**Samevatting en gevolgtrekking** 111

7.1 Inleiding 111
7.2 Hoe het die Afrikaner se stryd om politieke mag die stand van Afrikaans as uitsaaitaal beïnvloed? 114
7.3 Hoe het die Afrikaner se kultuurstryd die status van Afrikaans as uitsaaitaal beïnvloed? 116
7.4 Watter invloed het ekonomiese faktore op die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal gehad? 117
7.5 Slotopmerkings en aanbevelings 119

**Bronnelys** 121

# Hoofstuk 1

# Inleiding

## 1.1 NAVORSINGSAGTERGROND EN -VRAE

Die algemene verkiesing in 1994 het die einde van meer as vier dekades van Nasionale Party-regering in Suid-Afrika beteken. Politieke veranderinge wat hierna plaasgevind het, het neerslag gevind in 'n omvattende transformasie van die uitsaaiwese.

Die loodsing van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie[1] (SAUK) se drie nuwe kanale op 4 Februarie 1996 was inderdaad 'n waterskeiding in die Suid-Afrikaanse uitsaaibedryf. Die grondwetlike bepaling van elf amptelike landstale is ook deur die SAUK deurgevoer (SABC, 1998). Terwyl swart tale uit die vorige taalbedeling hierdeur bevoordeel is, en Engels sy posisie behou het, het Afrikaans 'n vermindering van status beleef. Dit het tot hewige kritiek onder Afrikaanssprekendes gelei, en in sommige kringe is 'n boikot van die betaling van televisielisensies gepropageer (Karriem, 1996).

Die dilemma van Afrikaans as 'n uitsaaitaal na 1994 toon heelwat ooreenkomste met sy posisie as 'n uitsaaitaal in die twintiger- en dertigerjare van die vorige eeu. Op politieke, kulturele en ekonomiese terreine het die Afrikaner 'n stryd gevoer teen die Britse Ryksidee, Engels, en 'n kapitalistiese stelsel waarin 'n groot meerderheid Afrikaners verarm het (vgl. Krüger, 1971; Davenport, 1991). Die ontwikkelende uitsaaiwese was pro-Brits, oorwegend Engels en min Afrikaners kon radio's en die lisensiegeld bekostig. Boonop het die meerderheid op die platteland gewoon waar die ontvangs baie swak was (vgl. Gerber, 1997).

Die Afrikaner se stryd om hegemonie in die eerste helfte van die vorige eeu het oor politiek, kultuur en ekonomie gestrek. Die Afrikaanse taal was immer 'n sentrale strydpunt, hetsy as benadeelde taal in byvoorbeeld die staatsdiens (Nienaber, 1960), of as miskende taal in 'n uitsaaibedeling waar Afrikaners nie die uitsaaibeleid bepaal het nie (Gerber, 1997). Derhalwe was die bevordering van Afrikaans in onder meer die uitsaaiwese so 'n belangrike terrein van stryd in die Afrikaner se veldtog om politieke, kulturele en ekonomiese mag te bekom (vgl. Meyer, 1984). Met die verkryging van politieke mag in 1948 het Afrikaans en Afrikaners in 'n aks meer as 'n dekade die uitsaaiwese oorheers (vgl. Tomaselli & Teer-Tomaselli, 1989). Voortaan, tot 1994, sou uitsaaibeleid deur Afrikaners bepaal word, net soos die groep sy

dominante posisie op alle ander terreine van die samelewing sou afdruk (vgl. Giliomee & Adam, 1981; De Beer & Steyn, 1993; Viljoen & Cronjé, 1993; Van Wyk, 1997).

'n Mens sou die breë studieterrein van die voorgenome navorsing as *mediabeleid* kon tipeer. Die invloed van enige politieke ideologie op veral mediabeleid kan gesien word in direkte regulering, soos wetgewing, of indirekte regulering, wat gebeur as die ideologie van die staat met dié van die leiers van die burgerlike gemeenskap ooreenstem. Die media kan 'n politieke ideologie bevorder deur die wyse waarop dit voorkeur gee aan vertolkings van die politieke werklikheid en 'n politieke dominasie help vestig deur die doelwitte van die ideologie openlik te propageer (Oosthuizen, 1990:44; sien Hoofstuk 2).

Hierdie studie fokus op die invloed van die Afrikaner se stryd om hegemonie op twee soorte beleidsraamwerke met betrekking tot die uitsaaiwese en Afrikaans. Die eerste is die eksterne beleidsraamwerk waarbinne die parlement deur wetgewing, en belangegroepe deur druk, uitsaaibeleid in die algemeen en taalbeleid in die besonder geformuleer het. Die tweede raamwerk is die interne beleid van die uitsaaiers en sedert 1936, die Korporasie – dit wil sê die formele kodes en beleidsvertolkings deur beleidmakende en uitvoerende amptenare.

Wat taal en beleid betref, het navorsers soos Watson (1986), Mersham (1986), Oosthuizen (1990), Louw (1993), Fourie (1994), Hwengere (1996) en Gerber (1997) wetenskaplike bydraes gelewer. Veral Steyn (1980, 1987a, 1987b, 1991, 1996) en Nienaber (1959, 1960, 1965a, 1965b, 1965c, 1968a, 1968b) gee 'n in-diepte historiese perspektief van die ontwikkeling van die taalbewegings en Afrikanernasionalisme in Suid-Afrika. Saam met navorsing deur Van Aardt (1989) en Pieterse (1995), bestaan daar uitgebreide literatuur oor taalpolitiek en die politisering van taal.

Daar is 'n leemte in navorsing oor die rol van die uitsaaiwese en Afrikaans as uitsaaitaal in die opkoms van Afrikanernasionalisme en die Afrikaner se verkryging van hegemonie. Hayman en Tomaselli (1989) kyk wel na die verhouding tussen staat en uitsaaiwese in die tydperk 1924-1971. Tomaselli, Tomaselli en Muller (1987) ondersoek die verband tussen die Suid-Afrikaanse pers en die legitimisering van die Nasionale Party-regering terwyl Oosthuizen (1990) die verwantskap tussen Afrikanernasionalisme en die Afrikaanse pers ontleed. Gerber (1997) ondersoek hoe die SAUK ondersteuning vir die driekamerparlement probeer bewerkstellig het, deur legitimiteit aan die heersende politieke orde te verskaf. Beide hierdie studies is gemoeid met die handhawing, en nie die verkryging nie, van mag.

Die algemene navorsingsvraag kan in die lig hiervan soos volg gestel word:

*Watter invloed het die Afrikaner se stryd om hegemonie op die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal, van 1923-1948, gehad?*

Gegrond op voorafgaande bespreking, word drie spesifieke navorsingsvrae ten opsigte van die gegewe periode uit die algemene navorsingsvraag afgelei.

*a.* *Hoe het die Afrikaner se stryd om politieke mag die stand van Afrikaans as uitsaaitaal beïnvloed?*

*b.* *Hoe het die Afrikaner se kultuurstryd die status van Afrikaans as uitsaaitaal beïnvloed?*

c. *Watter invloed het ekonomiese faktore op die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal gehad?*

## 1.2 TEORETIESE BEGRONDING EN BEGRIPSOMSKRYWING

Die historiese situering en konteks van hierdie studie word in 'n latere hoofstuk (Hoofstuk 3) in dieper besonderheid bespreek. Wat nou volg, is 'n substansiëring van die teoretiese uitgangspunte waarop die studie berus. Só 'n inleidende bespreking dien 'n verdere doel, naamlik om bepaalde kernbegrippe wat deurgaans gebruik word, te verklaar.

Die stryd van die Afrikaner in die eerste helfte van die vorige eeu om heerskappy te verkry, kan as 'n hegemoniese stryd beskou word. Hegemonie volgens Gramsci (1982) verklaar hoe een groep in 'n samelewing dominasie oor 'n ander groep of groepe verkry. In hierdie studie is dié teorie veral toepaslik op die terrein waarop hegemonie bewerkstellig word. Die uitgangspunt volgens Gerber (1997:22) is dat die heersende orde hegemonie in die kulturele en ideologiese terreine moet onderhandel deur middel van instellings wat kultuur en ideologie produseer, reproduseer en versprei. Hierdeur word dominasie verseker deurdat die ondergeskikte klas of groep oorreed word om vrywillig tot sy eie ondergeskiktheid in te stem.

Die bedinging van hegemonie is afhanklik van die organiese aard – wat saam met die groep groei en die vermoë het om gedrag en denke te rig – van ideologieë, instellings en intellektuele. Die instemming tot hegemonie word beding deur organiese intellektuele, werksaam in organiese instellings (soos kerke, kultuurverenigings, skole en universiteite, of die massamedia), wat

sekere organiese ideologieë versprei. Hierdie intellektuele kan leiers in die tradisionele rolle, naamlik kerk, politiek en akademie wees, maar sluit ook leiersfigure in die media in. Die voertuie waarmee hulle instemming beding, is kultuur en organiese ideologieë, op grond waarvan die lewens- en wêreldbeskouing van groepe bepaal word (Gramsci, 1982).

Aan die begin van die vorige eeu was die Afrikaner in 'n teenhegemoniese stryd teen 'n Brits-georiënteerde orde in Suid-Afrika gewikkel. Afrikanernasionalisme was die ideologiese voertuig waarmee Afrikaners op politieke, ekonomiese en kulturele terreine gemobiliseer is (sien Giliomee & Adam, 1981). Die begrip Afrikaner, soos veronderstel in Afrikanernasionalisme, was nie inklusief van alle Afrikaanssprekendes nie. Dit het nie die hele taalgemeenskap ingesluit nie, maar slegs die wit deel (Steyn, 1980:226). Afrikaner kan dus wat hierdie studie betref, gedefinieer word as 'n wit Suid-Afrikaner wie se moedertaal Afrikaans is (Degenaar, 1987:234).

Afrikanernasionalisme kan eerstens getipeer word as 'n volksnasionalisme wat Afrikanermag verbind met Afrikanerkultuur: 'n nasionalisme wat Afrikanerskap afbaken binne 'n wit kleurgrens (Van Aardt, 1989:182). Dit sluit aan by Degenaar (1987:234) se definisie van nasionalisme as 'n "ideologie waarvolgens prioriteit gegee word aan 'n groep mense se strewe na politieke selfbeskikking, met die gevolg dat die hoogste politieke lojaliteit aan die nasie toekom". Afrikanernasionalisme is 'n soortgelyke ideologie en het organies saam met die groep ontwikkel om die totale spektrum van politiek, kultuur en ekonomie in te sluit. Op elkeen van hierdie drie terreine, waarvan die grense nie altyd duidelik afgebaken kan word nie (sien Hoofstuk 3), was Afrikaans 'n prominente teenhegemoniese strydpunt.

Hierdie studie is gebaseer op die veronderstelling dat Afrikanerleiers, in die periode waarop gefokus word, taal gebruik het om mede-Afrikaners te mobiliseer, en dat oorheersing van Engels in die opkomende uitsaaiwese hoë prioriteit in die Afrikaner se teenhegemoniese stryd geniet het. Veral genl JBM Hertzog en dr DF Malan as opvolgende leiers van die groep se vernaamste politieke organiese instelling, die Nasionale Party, staan uit as twee organiese intellektuele in die tydperk van hierdie studie wat die rigting van Afrikanernasionalisme bepaal het deur op die Afrikaanse taalkwessie te fokus (sien Hoofstuk 3).

Hierdie nasionalisme is deur die kultuurorganisasies van die Afrikaner (die Afrikaner Broederbond, die Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns/Wetenskap en Kuns, en die Afrikaanse pers), sowel as organiese intellektuele binne die uitsaaiwese (sien Hoofstukke 4, 5 en 6) vertolk en toegepas. Die taalstryd

wat deur hierdie organiese intellektuele en instellings aangegryp is, het politieke, kulturele en ekonomiese dimensies gehad (sien 1.1).

Op grond hiervan lui die sentrale teoretiese stelling soos volg:

*Die verloop van die Afrikaner se stryd om hegemonie in die tydperk 1923-1948, het 'n bepalende invloed op die ontwikkeling van Afrikaans as 'n uitsaaitaal uitgeoefen.*

Hieruit kan die volgende spesifieke teoretiese stellings afgelei word:

*a.* *Veranderinge in die omvang van die Afrikaner se politieke mag word weerspieël deur veranderinge in die stand en status van Afrikaans as 'n uitsaaitaal.*

*b.* *Met inagneming van die Afrikaner se politieke stryd, het die stand en status van Afrikaans as 'n uitsaaitaal verander namate veranderinge in die stand en status van die Afrikaanse kultuur ingetree het.*

*c.* *Bepaalde ekonomiese toestande wat die Afrikaner se stryd om hegemonie benadeel het, het ook die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal benadeel.*

## 1.3 DOELSTELLINGS

*Hierdie studie wil vasstel hoe die Afrikaner se stryd om hegemonie die ontwikkeling van Afrikaans as 'n uitsaaitaal, van 1923-1948, beïnvloed het.*

In die lig van hierdie algemene doelstelling, kan die volgende spesifieke doelstellings bepaal word:

*a.* *Om te bepaal hoe die verloop van die Afrikaner se stryd om politieke mag te bekom en te behou, die posisie van Afrikaans as 'n uitsaaitaal beïnvloed het.*

*b.* *Om die verband tussen die Afrikaner se stryd om politieke mag en gevolglike verandering in die stand en status van Afrikanerkultuur en Afrikaans as uitsaaitaal te bepaal.*

*c.* *Om te bepaal hoe die ekonomiese toestande wat die Afrikaner se stryd om hegemonie belemmer het ook die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal belemmer het.*

## 1.4 METODOLOGIE

Die keuse van 'n wetenskaplike metode word deur die beskikbare materiaal asook die doelwit van die wetenskaplike of navorser bepaal.

Hierdie studie sou as historiese navorsing getipeer kan word. Dit gaan by hierdie tipe navorsing nie soseer oor die inwinning van nuwe gegewens nie, maar oor nuwe verklarings en interpretasies van bekende inligting. Mouton en Marais (1990:46) noem dit historiese beskrywing waar 'n bepaalde (chronologiese) verband tussen gebeure gepostuleer word. Mouton (2001:170) beskryf dit ook as 'n poging om die verlede te herkonstrueer.

Historiese navorsing, ook bekend as histiografie, word as veral geskik beskou om die aard van samelewings en sosiale verandering te verklaar waarvoor kwantitatiewe metodes of 'n positiwistiese benadering dikwels onvoldoende is (Neuman, 1997:383). Historiese navorsing word dus as kontekstueel van aard beskou (Mouton & Marais, 1990:123).

Volgens Dahl (1976:130) kom die historiese navorser voor twee uitdagings te staan wat die uitsaaiwese betref. Die navorser word met 'n oormaat van inligting oor die werksaamhede van die organisasie gekonfronteer, terwyl verrekening van die ekonomiese, politieke en administratiewe konteks van die instelling wat ondersoek word, ook gegee moet word. Volgens Huyshamen (1993:165) sou sosiale, ekonomiese en politieke gebruike en probleme beter begryp kon word as dit bekend was hoe dit tot stand gekom het. Gebeure kan geïdentifiseer word wat betekenisvolle ontwikkelinge tot gevolg gehad het (Mouton, 2001:170). Daarin lê die waarde van hierdie metode.

In historiese navorsing word bronne waarin die verlede neergeskryf is of op een of ander wyse neerslag gevind het, opgespoor, geëvalueer en die geëvalueerde bronne saamgevoeg en geïnterpreteer ten einde oorsaaklike verklarings vir gebeure of verskynsels aan te voer (Huyshamen, 1993:165). Bestaande data word dus hoofsaaklik gebruik (Mouton & Marais, 1990:123).

Een van die basiese beginsels is dat voorkeur aan primêre bronne bo sekondêre bronne gegee moet word. Eersgenoemde is 'n eerstehandse getuienis van wat plaasgevind het, terwyl laasgenoemde tweedehandse inligting van gebeure verskaf. Die rede vir hierdie voorkeur, volgens Huyshamen (1993:165), is dat by elke oordrag van inligting van een bron na 'n ander,

die moontlikheid bestaan dat dit onbewustelik of doelbewus verdraai kan word. Volgens Neuman (1997:399) kan sekondêre bronne egter 'n belangrike rol speel in historiese navorsing as die werk van betroubare geskiedkundiges gebruik word om algemene verklarings vir voorvalle te ontwikkel.

Historiese navorsing verskil van ander navorsing in soverre dat die probleemstelling verklarings of interpretasies behels wat nie as navorsingshipotese getoets kan word nie, maar as die hooftema of doelwit van die studie beskryf kan word. Die navorser spoor dus bronne op waarin inligting oor die verlede behoue gebly het en beskryf, ontleed logies-induktief en interpreteer gebeure wat reeds plaasgevind het (Huyshamen, 1993:165). 'n Historiese analise van gebeure word dan ook 'n verhalende beskrywing genoem (Mouton & Marais, 1990:46; Mouton, 2001:170-171).

Volgens Huyshamen (1993:165-168) moet die historiese navorser op vier sleutelprobleme bedag wees: (a) die afleiding van oorsaaklikheid op grond van korrelasionele verbande; (b) die vae definiëring van sleutelbegrippe en die veronderstelling dat terme hul huidige betekenisse in die verlede gehad het; (c) die nalating om te onderskei tussen gedokumenteerde, amptelike of professionele voorskrifte aan die een kant en of dié voorskrifte in werklikheid deur die gemeenskap gevolg is; (d) en die neiging om die bedoelings van historiese figure van die gevolge van hul optrede af te lei, asof hulle die gevolge vooraf kon voorsien soos wat ons dit agterna kan waarneem (vgl. Neuman, 1997:399-402; Mouton, 2001:171).

Een van die belangrikste nadele van historiese navorsing is dat daar dikwels onvoldoende inligting beskikbaar is om tot wetenskaplik-verantwoordbare gevolgtrekkings te kom (Neuman, 1997:401). Dit kan lei tot 'n oormatige afhanklikheid van sekondêre bronne of die beïnvloeding van die interpretasie van historiese gegewens deur persoonlike sydigheid, oftewel die lewens- en wêreldbeskouing van die navorser (Huyshamen, 1993:166; Mouton, 2001:171). Volgens Du Plooy (1995:102) kan dit teengewerk word deur die navorser se aannames bekend te maak en 'n kritiese ingesteldheid te behou.

Die navorsingsmateriaal in hierdie studie sluit in 'n omvangryke en verteenwoordigende stel primêre bronne soos beleidskodes, beleidsdokumente, briewe, toesprake, jaarverslae, promosiepublikasies, en onderhoude gevoer met voormalige direkteur-generaals van die SAUK (Fuchs, 1988; Roos, 1988a; Roos, 1988b; McClurg, 1988). Sekondêre bronne sluit in koerant- en

tydskrifartikels oor die uitsaaiwese en die SAUK en Afrikaans asook literatuur oor taalpolitiek waarin Afrikaans en die uitsaaiwese ter sprake kom.

Databasissoektogte van proefskrifte, verhandelings en artikels in erkende Suid-Afrikaanse en internasionale vakkundige tydskrifte het 'n aanduiding van resente navorsing oor die SAUK en die uitsaaiwese in Suid-Afrika verskaf.

Deur soveel moontlik primêre en sekondêre bronne oor die studie-onderwerp en –tydperk te bekom, is daar gepoog om die geloofwaardigheid van die inligting te verhoog. Volgens Huyshamen (1993:166) moet inligting wat op hierdie wyse bekom is, aan streng interne en eksterne kritiek onderwerp word. Eksterne kritiek is gerig op die egtheid of outentisiteit van 'n bron, terwyl interne kritiek kyk na die akkuraatheid en geloofwaardigheid van die bron. Interne kritiek probeer ook die betekenis van die dokument binne die konteks waarin dit geskryf is, of neerslag gevind het, bepaal (Neuman, 1997:401-402).

Die laaste stap van historiese navorsing is die interpretasie van inligting deur induktiewe logika wat gewoonlik vanuit 'n bepaalde uitgangspunt geskied. Volgens Huyshamen (1993:166) sal ondersoeke wat van verskillende standpunte uitgaan, oënskynlik-teenstrydige verklarings van dieselfde historiese gebeurtenis kan bied (vgl. Neuman, 1997:384).

In die geval van historiese navorsing, verwys die wetenskaplike vereiste van repliseerbaarheid na die dupliseerbaarheid van prosedures, ontledings en gevolgtrekkings. Interne geldigheid word verkry in soverre die beskikbare bronne alternatiewe verklarings moontlik maak. Eksterne geldigheid geniet nie 'n hoë prioriteit in historiese navorsing nie vanweë die unieke aard van historiese gebeure. Dit kan egter verhoog word deur die doeltreffendheid van die studie om die gang van soortgelyke gebeure in ander tye en plekke te voorspel (Huyshamen, 1993:167). Volgens Du Plooy (1995:102) is een van die voordele van historiese navorsing dat dit die verlede probeer herskep en 'n sosiale en kulturele konteks vir 'n beter begrip van kontemporêre kwessies verskaf. Vir Mouton (2001:171) lê die voordeel daarin dat die proses van gebeure en verandering beter verstaan word.

## 1.5 STUDIEPERIODE EN AKTUALITEIT

Afrikanernasionaliste se verlies aan mag in Suid-Afrika se oorgang na 'n veelrassige demokrasie het tot 'n vermindering in die status van Afrikaans gelei. Volgens Steyn (1996:33) is Afrikaans

sedert Mei 1994 ernstig deur die optrede van die nuwe bedeling benadeel wat op die verlies van Afrikaans se funksies in die onderwys, staatsdiens en die massamedia uitgeloop het.

Sedert die vroeë negentigerjare al, toe politieke en sosiale veranderinge in Suid-Afrika begin het, was die kwessie van Afrikaans 'n onderwerp van hewige debatvoering in die Afrikaanse pers. Duidelike ooreenkomste met die posisie van Afrikaans aan die begin van die vorige eeu word deur die media en akademici uitgewys, soos geïllustreer deur die volgende aanhaling uit 'n hoofartikel in *Die Burger* (Anon., 1993:10):

> Die ANC-Kommunistiese alliansie se taalbeleid maak bowendien voorsiening vir net één taal van dokumentasie (*language of record*). Dis die verskuilde anti-Afrikaanse agenda, want daardie taal sal sekerlik Engels wees. Dit is taal-imperialisme in 'n nuwe vorm, maar steeds in die kleed van Milnerisme... Die NP moet dus volhardend voortgaan om die goeie taalstryd te stry, al staan hy ook stokalleen. Hy kan hiermee net wen.

Hierdie studie is 'n historiese ondersoek na die verband tussen Afrikaans as uitsaaitaal en die ontwikkeling van die Afrikaner se posisie op politieke, ekonomiese en kulturele terrein in die tydperk tussen die totstandkoming van die uitsaaiwese met die eerste uitsendings in 1923 en die politieke bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948.

Hierdie tydperk sien die eerste pogings van die destydse regering om die uitsaaiwese te reguleer met die lisensiëring van dié omgewing in 1923 (Hayman & Tomaselli, 1989:24). Volgens Van der Walt (1973:83) het die staat gou besef dat hierdie massakommunikasiemedium, met sy ontsaglike groot moontlikhede, nie in private hande toegelaat kan word nie en dat die owerheid 'n plig het om te vervul ten opsigte van beheer en toesighouding. Dit het uiting gekry in die wetlike en finansiële herorganisasie van die uitsaaiwese onder 'n mate van staatsbeheer met die stigting van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie in 1936 (Hayman & Tomaselli, 1989:30).

Die toename in mag van die Afrikaner in die hegemoniese alliansie het gelei tot 'n vermeerdering van uitsaaityd in Afrikaans onder die hoofsaaklik Engelstalige African Broadcasting Corporation (ABC) wat die uitsaaiwese tot en met die stigting van die SAUK oorheers het (Teer-Tomaselli & De Villiers, 1998:153; sien Hoofstuk 4). In die tydperk 1936-1939, die aanvangsjare van die Korporasie, was daar 'n beduidende toename in die status en funksies van Afrikaans, ook as uitsaaitaal. So is 'n afsonderlike, voltydse diens met Afrikaans as voertaal, binne iets meer as 'n jaar na die stigting van die Korporasie ingestel (Jooste, 1961:99; sien Hoofstuk 5). Alhoewel die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog die posisie van Afrikaans

oor die radio benadeel het, het die na-oorlogse tydperk 'n hernude fokus op die stand en status van Afrikaans as uitsaaitaal sowel as die magsoorname van die Afrikanernasionaliste gesien (sien Hoofstuk 6).

In die studietydperk het die Afrikaner dus van teenhegemoniese orde in die hegemoniese orde ontwikkel, deur middel van die bedinging van instemming op politieke, kulturele en ekonomiese terrein. Dit het 'n sekere bepalende uitwerking op die status van Afrikaans as amps- en voertaal en ook as uitsaaitaal gehad net soos die Afrikaner se verlies aan mag sedert die vroeë negentigerjare van die vorige eeu die posisie van Afrikaans beïnvloed het.

## 1.6 HOOFSTUKINDELING

Die hoofstukindeling van die res van die studie sien as volg uit:

*Hoofstuk 2 – Teoretiese grondslag.* In hierdie hoofstuk word die kernaspekte van Gramsciaanse hegemonie, soos van toepassing op hierdie studie, behandel. Drie fokuspunte word bespreek, naamlik organiese ideologieë (Afrikanernasionalisme en die verpolitisering van taal), organiese instellings (wat organiese ideologieë versprei, soos politieke partye, kultuurorganisasies, skole, kerke en die media) en organiese intellektuele (wat organiese ideologieë deur middel van organiese instellings versprei).

*Hoofstuk 3 – Historiese situering.* Hierdie hoofstuk kyk na die tydperk voor die totstandkoming van die uitsaaiwese in Suid-Afrika binne die raamwerk van Gramsci se piramide van organiese ideologie, instellings en intellektuele. Die fokus is die politiek-kulturele en ekonomiese determinante in die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme as organiese ideologie, sowel as die organiese instellings en intellektuele wat hierdie ideologie gestalte sou gee.

In die opvolgende hoofstukke word elk van die navorsingsvrae in terme van chronologiese kontekstualisering van die politieke, kulturele en ekonomiese terreine beantwoord. Alhoewel die Gramsciaanse relevansie van die magstryd telkens uitgewys sal word, is die klem op die wisselwerking tussen hierdie eksterne beleidsraamwerk en die interne beleidsraamwerk van die uitsaaiwese.

*Hoofstuk 4 – Uitsaai onder privaatbeheer: Die stand van Afrikaans as uitsaaitaal, 1923-1936.* Hierdie deel kyk na die beginfase van die uitsaaiwese in Suid-Afrika en die politiek-kulturele en

ekonomiese omstandighede wat die weg vir die stigting van die SAUK gebaan het. Kernaspekte sluit in die opkoms van Afrikanernasionalisme in afwysing van die Britse Ryksidee en die stryd om die gelykberegtiging van Afrikaans as taal in die staatsdiens, sowel as in die uitsaaiwese.

*Hoofstuk 5 – Uitsaai onder openbare beheer: Strukturele akkommodasie en uitbreiding van Afrikaans as uitsaaitaal, 1936-1939.* Hierdie hoofstuk fokus op die ontwikkeling van Afrikanereenheid as teenvoeter vir Engelse politieke en ekonomiese mag. Daar word spesifiek gekyk na die gebruik van die Afrikaanse taal en geskiedenis deur die etniese mobiliseerders om spesifiek die ekonomiese beweging van die groep te bevorder. Die gevolglike gespanne verhoudinge tussen die Afrikaanssprekende en Engelssprekende dele van die wit bevolking wat veral in die uitsaaiwese gestalte sou vind, vorm die swaartepunt van die hoofstuk.

*Hoofstuk 6 – Uitsaai en oorlog: Politieke en tegniese struikelblokke in die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal, 1939-1948.* In hierdie hoofstuk is die fokus op die impak van die Tweede Wêreldoorlog op verhoudinge tussen die twee wit taalgroepe in die politiek en die uitsaaiwese, sowel as die impak op die strukturele akkommodasie van Afrikaans as uitsaaitaal. Daar word ook gekyk na die invloed van die Afrikanernasionaliste se na-oorlogse magstoename, wat in die verkiesingsoorwinning van 1948 gekulmineer het, op die stand van Afrikaans in die uitsaaiwese.

*Hoofstuk 7 – Samevatting en gevolgtrekking.* Die laaste hoofstuk is 'n samevatting van afleidings en gevolgtrekkings wat in hierdie studie gemaak is. Insigte en standpunte word tot 'n finale sintese gebring en sekere aanbevelings word gemaak.

---

1 Die amptelike en enigste afkorting is tans SABC (South African Broadcasting Corporation), maar in die periode waaroor hierdie studie gaan, het SAUK (Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie) naas SABC gegeld. Derhalwe word die afkorting SAUK gebruik.

# Hoofstuk 2

# Teoretiese grondslag

## 2.1 INLEIDING

Kritiese sosiale wetenskap, spesifiek Marxisme-gebaseerde sosiale teorie, ontleed sosiale simbole en handelinge in 'n poging om die dominante orde en die handhawing en reproduksie van verskillende, gewoonlik verborge, magstrukture in 'n samelewing te bevraagteken (Littlejohn, 2002:208; Grossberg, Wartella & Whitney, 1998:181). Volgens Jansen (1989:65) is die motivering hiervoor dikwels die verandering van die *status quo* om samelewingstoestande te verbeter.

Alhoewel die fokus van hierdie vorm van wetenskap gewoonlik ekonomies en polities van aard is, word dit ook op kommunikasie toegepas, met inagneming van ander elemente in die algehele sisteem. Dus is 'n kritiese ontleding van kommunikasie (of ekonomie, of politiek) noodwendig 'n kritiese beskouing van die samelewing as 'n geheel (Littlejohn, 2002:208).

Volgens Marx se konsep van politieke ekonomie word die basiese aard van 'n samelewing deur sy produksiemetodes bepaal. Hierdie is die liniêre idee van 'n basis-superstruktuur-verhouding: die ekonomie is die basis van alle sosiale strukture, insluitende instellings en idees (die sogenaamde superstruktuur) (Stillo, 2001). In kapitalistiese stelsels word produksie, en dus arbeid, deur 'n winsmotief gedryf. Werkersklasgroepe word dan onderdruk deur groepe in magsposisies wat uit hierdie winsmotief voordeel trek. Alle instellings wat dominasie in kapitalistiese samelewings voortsit, insluitende die massamedia, spruit uit hierdie ekonomiese sisteem voort (Littlejohn, 2002:210).

Alhoewel Marx 'n geweldige invloed op die kritiese denkrigting uitgeoefen het, is alle kritiese teoretici nie Marxiste nie. Die basiese konsepte van dominasie en onderdrukking bly egter steeds belangrik. Kontemporêre kritiese teorieë sien die sosiale struktuur as 'n sisteem waarin daar verskeie interaktiewe elemente is wat mekaar beïnvloed. Sosiale prosesse word dus deur veelvuldige bronne veroorsaak (Littlejohn, 2002:209).

Een van hierdie hoofskole in Marxisme is kulturele studie. Kulturele studie bestudeer die verhouding tussen media, ander instellings en die ideologie van kultuur. Kulturele teoretici is geïnteresseerd in hoe die dominante ideologie in 'n kultuur ander ideologieë ondermyn deur

sosiale instellings soos skole, kerke en die media asook die manier waarop sosiale strukture geproduseer, en herproduseer word in die daaglikse aktiwiteite van individue, groepe en instellings. Slegs as hierdie onderliggende strukture in 'n magstryd ontbloot word, kan sosiale verandering plaasvind (Littlejohn, 1992:246).

Kritici van Marxisme sien dié benadering as te ekonomies deterministies, waar alles in die superstruktuur gereduseer word tot dit wat in die basis gebeur. Klas word dus op ekonomiese maatstawwe gebaseer. Volgens Gerber (1997:20) is dit slegs een soort veranderingsagent. Neo-Marxistiese denke poog om hierdie engheid van Marxistiese denke te vermy deur ook op ander faktore, oftewel veranderingsagente, benewens klas, soos geslag en etnisiteit, te fokus (Chandler, 2000; vgl. Bocock, 1986:33).

'n Marxistiese ontleding van die massamedia is egter waardevol in die sin dat die kwessie van politieke en ekonomiese belange in die massamedia uitgelig word om ook sosiale ongelykhede in media-verteenwoordiging uit te wys. In media-navorsing word media-tekste dan in hul groter konteks geplaas om die verbande tussen eienaarskap en inhoud, toegang en interpretasie en die ontleding van verteenwoordiging in die massamedia om onderliggende ideologieë bloot te lê (Chandler, 2000).

Gramsci as neo-Marxis, het in sy teorie van hegemonie meer die intellektuele en kulturele faktore in die bedinging van mag beklemtoon. In wese is die teorie 'n verklaring van die wyse en metodes waarop een groep dominasie oor 'n ander groep, of groepe, verkry en behou. Hierdie oorheersing hang nie net van materiële mag alleen af nie; die dominante klas moet ook sy eie morele, politieke en kulturele waardes as konvensionele norme van gedrag daarstel (Femia, 1987:3). Gramsci het ook gepoog om die outonomiteit en belangrikheid van kultuur en ideologie in 'n magstryd, en die gevolglike politisering van kultuur, te beklemtoon (Stillo, 2001). Die sukses van so 'n magstryd berus op die organiese aard (dit wil sê dit wat uit die groep self ontwikkel en die vermoë het om die idees en strewes van 'n groep te rig) van drie elemente, naamlik ideologieë, instellings en intellektuele.

Afrikaners se hegemoniese stryd aan die begin van die twintigste eeu en die rol van taal hierin kan deur Gramsci (1982) se teorie van hegemonie verklaar word. In die bespreking van Gramsci se belangrikste konsepte word daar op die toepaslikheid van hierdie teorie op die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme en gevolglik, Afrikaans, gefokus deur na relevante voorbeelde te verwys.

## 2.2 WAT HEGEMONIE IS

### 2.2.1 Hegemonie en die bedinging van instemming

In hierdie studie is die toepaslikheid van hegemonie gefokus op die *terrein* waar hegemonie bewerkstellig word. Hegemonie word beskou as 'n kulturele en ideologiese voertuig waardeur ondergeskikte klasse of groepe oorreed word om sonder dwang tot hul eie ondergeskiktheid in te stem. Die heersende orde onderhandel hierdie instemming deur middel van instellings wat kultuur en ideologie produseer, reproduseer en versprei (Gramsci, 1982:133; Gerber, 1997:22; Femia, 1987:24). Hegemonie in sy suiwerste vorm vind dus plaas wanneer die fundamentele lewensbeskouing van die samelewing deur die intellektuele, morele en filosofiese leierskap van die dominante groep bepaal word (Bocock, 1986:63).

Hierdie oorheersing van die dominante groep manifesteer op twee maniere: as dominasie en as intellektuele en morele leierskap. Antagonistiese, of teenhegemoniese, groepe word deur dwang gedomineer (Gramsci, 1982:57). Die dominante groep beskik dan ook oor die dwangmag van die staat se magsinstrumente, soos die polisie en die weermag, wat op die teenhegemoniese elemente toegepas word. Die gebruik van te veel dwangmag om die leierskap te handhaaf, is egter 'n aanduiding van 'n verswakte hegemoniese orde (Bocock, 1986:63).

Instemmende groepe word weer deur intellektuele en morele leierskap gerig (Gramsci, 1982:57). Ondergeskikte groepe moet oorreed word om hul morele, politieke en kulturele waardes met die morele, politieke en kulturele waardes van die dominante groep te versoen. Sodoende is minimum dwang nodig vir die daarstelling en behoud van hegemonie. Hegemonie word dan deur konsensuele beheer in stand gehou (Gerber, 1997:22).

Sosiale oorheersing neem dus twee vorme aan: Behalwe om keuse en gedrag ekstern te beïnvloed, deur straf en beloning, beïnvloed dit ook gedrag intern, deur persoonlike oortuigings op oorheersende norme te skoei (Femia, 1987:24).

Volgens Gerber (1997:20) het Gramsci nooit hegemonie as ideologiese breinspoeling bestempel nie. Die ondergeskikte groepe aanvaar die idees, waardes en leierskap van die dominante groep op grond van redes van hul eie. Dus, al is die heersende kultuur die uitkoms en beliggaming van hegemonie, sal dit op een of ander wyse die belange van die ondergeskiktes reflekteer.

Hegemonie veronderstel dat die belange en waardes van die groep wat gedomineer word, in ag geneem moet word en dat 'n kompromis-ekwilibrium tussen die belange van die twee groepe bereik moet word. Die dominante groep moes dus toegewings maak sonder om die kern van sy dominasie in gevaar te stel (Gramsci, 1982:61). Hegemonie veronderstel egter nie volkome integrasie van alle groepe en klasse in die samelewing nie, alhoewel dit die een kant van die spektrum verteenwoordig. Weerstand en opposisie teen 'n stabiele hegemoniese orde kan steeds voorkom, maar dit is ongeorganiseerd en sonder intellektuele orde (Bocock, 1986:94). Vir die grootste gedeelte van die tydperk van hierdie studie was Afrikaners die teenhegemoniese orde (die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme was aanvanklik die gevolg van hul verset teen die Engelse hegemoniese orde), maar hulle sou ook deel van die hegemoniese alliansie (byvoorbeeld met die Arbeiders gedurende die Pakt-regering) vorm (sien Hoofstuk 3).

Synde 'n Marxis, het Gramsci (1982:133) besondere klem op die rol van die ekonomie gelê. Sy bydrae tot die ekonomiese Marxistiese model was die aandag wat hy aan sosiale, politieke en kulturele faktore vir die ontleding van sosiale en ekonomiese verandering gegee het (Bocock, 1986:88). Volgens Gramsci (1982:113) is kulturele hervorming onmoontlik sonder 'n voorafgaande ekonomiese hervorming en 'n verandering in die groep se posisie op ekonomiese en sosiale terrein. 'n Verandering in 'n groep se ekonomiese posisie kry dus gestalte in sy kulturele hervorming. Ook Femia (1987:24) argumenteer dat ideologiese oorheersing grondige ekonomiese wortels moet hê; dit moet ook gegrond wees in die leierskapsrol van die dominante groep in die ekonomie. So het die Afrikaner se ekonomiese posisie aan die begin van die vorige eeu ook sy kulturele en politieke posisie benadeel (sien Hoofstuk 3). Die ekonomiese mobilisering van die groep is as noodsaaklik vir politieke magswerwing gesien en sou implikasies hê vir die stand van Afrikaans as amptelike, sowel as uitsaaitaal (sien Hoofstukke 4 en 5).

Dit sluit aan by Bocock (1986:7) se interpretasie van Gramsciaanse hegemonie as 'n allesomvattende ideologie wat alle samelewingsfere – politiek, kultuur en ekonomie – deurtrek (vgl. Berger, 1998:56). Hierdie sfere is interafhanklik en dominasie in al drie is noodsaaklik vir die verkryging en handhawing van die hegemoniese orde (vgl. Friedrich, 1989:300). Volgens Gibson (2001) kan hegemonie gesien word as 'n proses van politieke, ekonomiese en sosiale konsensus wat 'n wisselwerking tussen mag en instemming in verskeie samelewingsfere behels. Hegemonie is per definisie nooit absoluut nie, maar word voortdurend beding. Die suksesvolle handhawing van hegemonie is dus nooit sigbaar in die daaglikse politieke, kulturele en ekonomiese omgang nie (Bocock, 1986:76).

### 2.2.2 Staat en burgerlike samelewing

In sy verduideliking van die terrein waarop hegemonie beding word, onderskei Gramsci (1982) tussen twee superstrukturele vlakke, naamlik die politieke samelewing (staat) en die burgerlike samelewing. Dominasie word hoofsaaklik deur die staat beding terwyl morele en intellektuele leierskap deur die burgerlike gemeenskap bewerkstellig word (Femia, 1987:24).

Wat die burgerlike samelewing betref, praat Gramsci (1982:12) van spontane instemming wat die massas gee vir die algemene politieke en maatskaplike rigting wat die dominante groep inslaan. Hierdie instemming word volgens hom histories bepaal deur die prestige en vertroue wat die dominante groep geniet as gevolg van sy posisie en funksie in die wêreld van produksie, asook sy vermoë om instellings soos kerke, skole en massamedia te manipuleer wat nie onder direkte staatsbesit, staatsensuur of politieke beheer is nie. Hegemonie word derhalwe bewerkstellig deur die talle wyses waarop burgerlike instellings funksioneer om direk of indirek die ideologiese strukture waardeur die massas hul werklikheid waarneem, te rig (Femia, 1987:24).

Hierteenoor stel Gramsci (1982) die politieke samelewing of die staat se dwangmag wat deur wette dissipline afdwing op daardie groepe wat nie aktief of passief wil instem nie. Die staat bestaan uit middele tot geweld (polisie en weermag) in 'n gegewe gebied, tesame met burokrasieë soos die staatsdiens, welsyns- en opvoedkundige instellings deur die staat befonds, wat dus ook ekonomiese mag impliseer (Bocock, 1986:63; Gerber, 1997:22).

Hierdie sfere van die staat en die burgerlike gemeenskap kan nie van mekaar geskei word nie. So kan die staat die ondersteuning van die massamedia en ander ideologiese instrumente, dus instellings in die burgerlike gemeenskap, vir sy aksies mobiliseer. Dit gebeur om twee redes: i) die leierskap van die onderskeie groepe, staat of andersins, hang dieselfde ideologie aan en behoort dus tot dieselfde hegemoniese orde, en ii) instellings in die burgerlike gemeenskap, deur die staat beheer of nie, moet binne 'n sekere wetlike raamwerk met reëls en regulasies funksioneer (Femia, 1987:27-28). Die Afrikaner se toename in mag in die wit hegemoniese orde, byvoorbeeld met die daarstelling van die eerste Nasionale Party-regering in 1924 (as deel van die Pakt-regering), sou ook lei tot bevoordeling deur die regering. So is meer werkgeleenthede vir die Afrikaner in die staatsdiens verseker deur die beginsel van tweetaligheid af te dwing (sien Hoofstuk 4).

Hegemonie, in die sin van intellektuele leierskap, moet volgens Gramsci (1982) aktief geproduseer word, en is nie afhanklik van die verkryging van staatsmag nie. Hegemonie kan dus in sommige gevalle in die burgerlike samelewing, alhoewel nie in die ekonomie of die staat nie, opgebou word, alhoewel eersgenoemde tot laasgenoemde kan lei. Gramsci sien hegemonie as gebaseer in die burgerlike samelewing (Bocock, 1986:98). Met sy vertolking van die burgerlike samelewing poog Gramsci (volgens Gerber, 1997:25) om deur middel van hegemonie vas te stel hoe kultuur en ideologie werk om mense te oortuig om bepaalde gesagsverhoudinge te aanvaar. In die produksie, reproduksie en verspreiding van kultuur en ideologie, identifiseer Gramsci (1982) die organiese aard van ideologieë, instellings en intellektuele.

## 2.3 DIE ORGANIESE AARD VAN HEGEMONIE

### 2.3.1 Organiese ideologie

In sy verklaring van hoe hegemonie bewerkstellig word, beklemtoon Gramsci (1982) die fundamentele aard van ideologieë, of wêreldbeskouings, wat die basis is waarop mense hul begrip van die samelewing en sy strukture baseer. Dit was vir hom 'n antwoord op waarom die bourgeoisie in Sentraal-Europa in die negentiende eeu die massas met minimale onderdrukking tot hul eie ondergeskiktheid kon laat instem. Volgens Femia (1987:26) bied ideologie 'n verklaring vir die legitimiteit van 'n orde en mense se bereidwilligheid om 'n ondergeskikte posisie sonder dwang te aanvaar. Gramsci sien dus hegemonie as 'n vorm van ideologiese leierskap.

Die meeste kritiese teorieë sien die samelewing as die basis vir 'n stryd tussen die belange van dominante en ondergeskikte ideologieë. Dit kan ook hegemoniese en teenhegemoniese ideologieë genoem word. Met ander woorde, die organiese aard van 'n ideologie geld vir 'n dominante groep wat sy dominasie wil verseker asook vir groepe wat in opstand teen hul ondergeskiktheid kom. 'n Ideologie is derhalwe 'n stel idees wat 'n groep se begrip van die realiteit struktureer – 'n sisteem van kodes wat bepaal hoe individue en groepe die wêreld sien. Degenaar (1987:234) definieer ideologie as "'n handeling-gerigte sisteem van idees wat bewustelik of onbewustelik funksioneer op die wyse waarop 'n groep mense hul ervaring verstaan, hul politieke gedrag reguleer en hul belange beskerm". Volgens Shoemaker en Reese (1991:184) is ideologie 'n totale struktuur en nie 'n sisteem van individuele waardes en gesindhede nie. Dit bots met klassieke Marxistiese denke wat 'n ideologie as 'n valse stel idees beskou wat deur die dominante mag verewig word (Littlejohn, 2002:211), maar rym met

Gramsci (1982:377) se definisie van organies as wat saam met die dominante sosiale groep groei en die vermoë het om die gedrag en bewustheid van mense te rig. Volgens Shoemaker en Reese (1991:194) beklemtoon Gramsci veral die rol van ideologie en gee hy dit 'n baie groter outonomie as die tradisionele Marxiste, hoewel hy dit steeds aan die dominante struktuur koppel.

In die Afrikaner se bedinging om hegemonie aan die begin van die vorige eeu, is Afrikanernasionalisme as organiese ideologie gebruik. In Hoofstuk 1 is die Afrikaner gedefinieer as 'n wit Suid-Afrikaner wie se moedertaal Afrikaans is. Afrikanernasionalisme is 'n ideologie waarvolgens prioriteit gegee is aan 'n groep mense se strewe na politieke selfbeskikking met die gevolg dat die hoogste politieke lojaliteit van die burger uiteindelik aan die nasie toekom (Degenaar, 1987:234; sien Hoofstuk 3). As ideologie het dit op verskeie maniere in die praktyk gefunksioneer.

Tot en met 1948 was Afrikanernasionalisme veral gemoeid met die erkenning en vestiging van Afrikaans as amptelike taal om as kulturele teenwig vir wat beskou is as dreigende verengelsing te dien (sien Hoofstuk 4). Tweedens was Afrikanernasionalisme gemik op die opheffing van die arm Afrikaners en om 'n vastrapplek in die land se ekonomie te kry (sien Hoofstuk 5). Derdens het dit geveg om die politieke mag, gerealiseer in die bewindsoorname van die Nasionale Party, te bekom (sien Hoofstuk 6). Die konsolidering van die Afrikaner se Nasionale gevoelens op verskillende wyses het die Nasionale Party gehelp om die 1948-verkiesing te wen. Dié oorwinning het die Afrikanernasionalis in staat gestel om homself polities in te grawe (Degenaar, 1987:239). Kultuurorganisasies (insluitende die media), die sakegemeenskap en die kerke het saam met die NP as voorste draer van Afrikanernasionalisme gewerk om hierdie doelwitte van ekonomiese en politieke magsverkryging te verwesenlik (Van Aardt, 1989:184). Hierdie instellings het dus as organiese instellings in die organiese ideologie van Afrikanernasionalisme gefunksioneer.

### 2.3.2 Organiese instellings

Die konsep van organiese instellings behels meer as net die politieke party en sluit alle instellings in die burgerlike samelewing in wat betrokke is by die produksie en gebruik van kultuur om sodoende instemming vir die dominante orde te verwerf. Skole, universiteite, kerke, die familie en die massamedia gebruik en beheer populêre kultuur en massakommunikasie, die voertuie waarmee hegemonie gebou word (Gerber, 1997:24-25). Hierdie instellings is die

grootste in enige land in terme van die aantal mense in hul diens en ook die aantal mense wat hulle bereik (Gramsci, 1982:342).

Hierdie tipe van organisasies het die toestemming van die staat nodig om in die burgerlike samelewing te funksioneer, wat indirek beteken dat die staat 'n vorm van beheer oor hierdie instellings het (Bocock, 1986:60; sien 2.2.2). 'n Politieke party wat homself organiseer en met ander partye om stemme meeding, word as deel van die burgerlike samelewing gesien totdat hy die politieke mag verwerf en die staat word (Bocock, 1986:77). Die Nasionale Party het in die tydperk van hierdie studie as 'n instelling in beide die staat en die burgerlike samelewing gefunksioneer (sien Hoofstuk 3).

Volgens Bocock (1986:12) is die lidmaatskap van politieke bewegings en partye, wetgewing, en opvoedkundige instellings belangrike bronne van idees en waardes in 'n samelewing. Alhoewel die media, in die vorm van byvoorbeeld nuusprogramme, as 'n belangrike bron van morele en filosofiese idees gesien kan word, is dit dikwels die lidmaatskap van organisasies wat by mense die belangstelling wek om die media te gebruik. Nie net was daar 'n simbiotiese verhouding tussen die Nasionale Party en die koerante van die Nasionale Pers nie, maar ook die intellektuele leiers van die Afrikaner se politieke beweging was aktief by beide ekonomiese en kulturele instellings betrokke (sien Hoofstuk 3).

Hegemonie ken 'n belangrike rol aan die massamedia as kultuurproduserende instellings toe om saam met ander kulturele en ideologiese uitdrukkingsvorme tot verhoudings van dominasie en ondergeskiktheid in die samelewing by te dra (vgl. Muller, Tomaselli & Teer-Tomaselli, 1985). Soos gesien in die inleidende hoofstuk, kan die media, as vorm van 'n organiese instelling, 'n politieke ideologie direk bevorder deur die wyse waarop dit voorkeur gee aan vertolkings van die politieke werklikheid (Oosthuizen, 1990:44; vgl. Booysen, 1988:26). Dit kan as't ware 'n politieke ideologie help vestig deur die doelwitte van die ideologie openlik te propageer.

Volgens Tomaselli *et al.* (1987:33) ondersteun alle sektore van die gevestigde media een of meer faksies van die hegemoniese alliansie deur die handhawing van 'n konsensuele diskoers. Hoewel hy betreklik min die massamedia in sy konseptualisering van hegemonie uitgesonder het, het Gramsci (1982:389) wel die pers bestempel as die mees prominente en dinamiese deel van die ideologiese struktuur waarmee die bourgeoisie poog om 'n "teoretiese en ideologiese" front te handhaaf. Volgens Bocock (1986:76) sal 'n stryd om hegemonie aanvanklik die vorm aanneem

van 'n morele en filosofiese argument in die media en in opvoedkundige instellings, en nie soseer direkte optrede met ekonomiese ondertone nie.

In klassieke Marxistiese denke word die media gesien as die ekonomiese besit van die kapitalistiese klas. Die media reflekteer daarom ook hul eienaars se idees (ideologie) en wettig so kapitalistiese belange en optrede (Oosthuizen, 1990:42). Volgens Jansen (1989:72) word beide massamedia -instellings en -boodskappe in politieke en ekonomiese terme gestruktureer. Massakommunikasie, volgens 'n kritiese benadering, word dus nie gedefinieer deur die effek van boodskappe op individue nie, maar deur die effektiwiteit van massakommunikasie om bestaande sosiale strukture te bevorder, te handhaaf of omver te werp (vgl. Shoemaker & Reese, 1991:185). Op dié wyse word bestaande ongelyke magsverhoudinge deur die media in stand gehou en word die media daarom as 'n ideologiese voertuig beskou (Oosthuizen, 1990:42; Jansen, 1989:66).

Oosthuizen (1990:43) sien dit as:

> Taal word met die heersende sosiale omstandighede verbind om 'n diskoers te vorm waardeur die mens sosiale, ekonomiese en politieke verhoudinge ervaar. Die media versprei in dié verband 'n spesifieke betekenis van gebeure wat ooreenkom met die belange van die heersersklas. Mediagebruikers kom dit egter nie agter nie, aangesien die heersersklasbelange as die algemene belang aangebied word.

Alle ideologiese strukture, soos die kerk, wetgewing, skole en die massamedia legitimiseer so die bestaan en gedrag van die heersende orde (Pieterse, 1995:50-51). Een van die sleutelfunksies van die media is om die grense van 'n kultuur te bepaal. Om sosiale belange te integreer, word party waardes en oortuigings as aanvaarbaar en ander as onaanvaarbaar gedefinieer (Hall, aangehaal in Shoemaker & Reese, 1991:1989). Ander burgerlike instellings wat dieselfde ideologiese oortuiging het, versterk die boodskap van die massamedia (Booysen, 1988:26).

Volgens Chandler (2000) beklemtoon Marxistiese teoretici die rol van die massamedia in die handhawing van die *status quo* in 'n samelewing. Die massamedia, volgens klassiek Marxistiese denke, is 'n produksiemetode wat in 'n kapitalistiese samelewing deur die dominante groep besit word. Die massamedia versprei dus die idees en wêreldbeskouinge van die heersende klas en marginaliseer alternatiewe idees. Die media funksioneer dus om 'n valse bewussyn of ideologie te skep.

Marxisme sien die kapitalistiese samelewing as een van klassedominasie waar die media as deel van 'n ideologiese arena beskou word waarin verskeie klasse-sienswyses betwis word. Die media dra interpretatiewe raamwerke oor waarin die belange van die dominante klas, en dus ook die mediagehoor, oorgedra word en ook instemming vir hierdie raamwerke beding word (Chandler, 2000; Grossberg *et al.*, 1998:182). Ideologie, in plaas van dwangmag, word gebruik om die ondergeskikte groepe tot hul eie dominasie te laat instem (Grossberg *et al.*, 1998:181).

Wat Suid-Afrika gedurende die vorige eeu betref, noem O'Meara (1997) verskeie soorte organisasies wat die status van organiese instellings verwerf het, soos byvoorbeeld geheime organisasies (Afrikaner Broederbond), media (Voortrekkerpers, Nasionale Pers), kulturele organisasies (FAK), Nasionale ekonomiese ondernemings (Reddingsdaadbond), massabewegings (Ossewa Brandwag) en politieke partye (Nasionale Party). Hierdie organiese instellings, sowel as die kwessies waarop hulle fokus, byvoorbeeld taal, kultuur, ekonomie en godsdiens, funksioneer as mobiliseringsagente in die ontwikkeling van 'n nasionalisme.

Liebenberg en Van der Merwe (1991:14) sien hierdie instellings as strukture wat deur die Afrikaner in die proses van etniese mobilisasie gebruik is. Hierdie strukture het mekaar "onderling versterk... en onderlinge elite-samewerking en oorvleueling tussen struktuur en elite [het] daarin geslaag... om 'n oorkoepelende hegemonie te bewerkstellig". Die belangrikste hiervan, volgens Liebenberg en Van der Merwe (1991:14), was die Nasionale Party, kultuurorganisasies soos die Afrikaner Broederbond, die kerk en die onderwys (sien Hoofstuk 3). Binne elk van hierdie organiese instellings het organiese intellektuele gefunksioneer om die organiese ideologie te produseer en te versprei.

### 2.3.3 Organiese intellektuele

Volgens Gramsci (1982:3) het elke groep sy intellektuele, maar hulle is nie noodwendig organiese intellektuele nie. Organiese intellektuele word nie op grond van hul beroep onderskei nie, maar op grond van die funksie wat hulle verrig om die idees en strewes van die klas of groep waartoe hul organies behoort, te riglyn en te organiseer. Die konsep verwys ook nie net na intellektuele in die tradisionele, professionele beroepe nie, maar na almal wat betrokke is in die produksie, reproduksie en verspreiding van kennis en idees (Gerber, 1997:25). Hierdie definisie van intellektuele sluit dokters, onderwysers, godsdienstige leiers, regters, skrywers, joernaliste, politici, kunstenaars en filosowe in. Alhoewel Gramsci volgens Bocock (1986:36) tegnici,

bestuurders en staatsamptenare hierby insluit, speel hierdie intellektuele 'n mindere rol in die ontwikkeling en handhawing van 'n nasionale en etniese identiteit.

Elke klas is in staat om sy eie organiese leiers voort te bring. Hierdie leiers gee leiding aan die groep en skep 'n bewustheid van die groep se funksie in die ekonomiese, politieke en sosiale sfere (Gramsci, 1982:5). Volgens Bocock (1986:37) beteken hegemoniese leierskap die ontwikkeling van intellektuele, morele en filosofiese instemming van alle hoofgroepe in 'n nasie. Dit sluit 'n emosionele dimensie ook in wat impliseer dat hierdie intellektuele deel van die groep wat hulle rig, dus organies tot die groep moet wees.

Volgens Gerber (1997:25) kan die intellektuele funksie verrig word deur enigiemand wat van ideologie gebruik maak om die instemming van die volk tot die intellektueel-morele orde van die organiese ideologie, dus vir 'n spesifieke hegemonie te verkry.

Een van die belangrikste kenmerke van enige groep wat na dominasie streef, is 'n poging om tradisionele intellektuele, dit wil sê dié in professionele beroepe, na hul ideologie oor te win. Hierdie assimilasie geskied egter baie vinniger as die betrokke groep daarin slaag om sy eie organiese intellektuele te ontwikkel (Gramsci, 1982:10). Hoe belangrik die organiese intellektuele se bydrae tot hegemonie is, word deur hulle posisie in die samelewing en die konteks van hul bydrae bepaal (Gerber, 1997:25).

Gramsci se begrip van intellektuele leierskap vereis dat duisende gewone mense in 'n samelewing vrywillig instem tot die politieke, ekonomiese en kulturele beleid van die dominante groep. Dit beteken volgens Bocock (1986:76) dat 'n politieke program, gebaseer op 'n politiek-ekonomiese sosiale teorie aktief verband moet hou met die morele waardes wat hierdie groep verstaan en aanhang. As dit nie gebeur nie, kan die ondergeskikte groepe gemanipuleer voel wat dan dwangmag noodsaaklik sal maak om instemming te verwerf.

Die verhouding tussen die intellektuele en die wêreld van produksie, word gemedieer deur Gramsci (1982:12) se superstrukture van die staat en die burgerlike samelewing. Die organiese intellektuele versprei dus 'n sekere organiese ideologie deur middel van organiese instellings. So vervul die politieke party as organiese instelling dieselfde funksie in die burgerlike gemeenskap as die staat in die politieke gemeenskap, deur die organiese intellektuele en die tradisionele intellektuele (soos akademici, skrywers, politici en kerkleiers) byeen te bring (Gramsci, 1982:16).

Organiese intellektuele moet dus aan twee vereistes voldoen: i) so 'n leier moet saam met die groep en die groep se strewes groei; en ii) hy/sy moet voortdurend aan die voorpunt van daardie groep se ideale en belange staan. So het verskillende organiese intellektuele op verskillende tye die groei van Afrikanernasionalisme in dié groep se wordingsgeskiedenis die beste beliggaam.

Vir die grootste gedeelte van die tydperk van hierdie studie, 1924 tot 1939, was genl JBM Hertzog die leier van die Afrikaner se Nasionalistiese beweging (sien Hoofstukke 4 en 5). Dr DF Malan het in 1940 hierdie rol by hom oorgeneem en sou in 1948 as leier van die Herenigde Nasionale Party die Eerste Minister van Suid-Afrika word (sien Hoofstuk 6). Beide Hertzog en Malan het geveg vir die gelykberegtiging van die Afrikaner op alle lewensterreine deur die erkenning van sy taal, naamlik Afrikaans (vgl. Giliomee, 1981a:78; sien Hoofstuk 3). Afrikanernasionalisme soos deur hierdie intellektuele verwoord, is deur die groep se organiese instellings uitgevoer. Ook organiese intellektuele werksaam binne ander instansies, soos byvoorbeeld prof MC Botha in die uitsaaiwese, het 'n belangrike rol gespeel in die uitvoering van die ideale van die ideologie (sien Hoofstukke 4, 5 en 6).

## 2.4 SAMEVATTING

In die voorafgaande bespreking is die gebruik van Gramsci se teorie van hegemonie as teoretiese grondslag vir hierdie studie gemotiveer. Hierdie teorie is gedefinieer as 'n neo-Marxistiese verklaring van hoe een groep dominasie oor 'n ander groep, of groepe, in 'n samelewing bewerkstellig en handhaaf. Dié oorheersing manifesteer in beide dominasie, deur middel van die dwangmag, en as intellektuele en morele leierskap.

Die fokus van hierdie studie is die terrein waar hegemonie bewerkstellig word. Gramsci tref 'n onderskeid tussen twee interafhanklike sfere, naamlik die staat en die burgerlike samelewing, in die bedinging om mag. Alhoewel beide as voertuie vir die ideologie van die dominante groep optree, het Gramsci veral die rol van die burgerlike samelewing uitgesonder om te verklaar hoe groepe tot hul eie oorheersing instem. In hierdie stryd op politieke, ekonomiese en kulturele terreine, het Gramsci die organiese aard van ideologieë, instellings en intellektuele beklemtoon. In die hegemoniese magstryd word die organiese ideologie van die groep deur organiese intellektuele werksaam in organiese instellings geproduseer, gereproduseer en versprei.

In hierdie hoofstuk is ook kortliks verwys na Afrikanernasionalisme as organiese ideologie in die Afrikaner se strewe om mag en die rol wat die Afrikaner se organiese instellings en intellektuele

hierin gespeel het. Wat nou volg, is 'n oorsigtelike bespreking van hierdie organiese piramide binne die politiek-kulturele en ekonomiese konteks aan die begin van die vorige eeu om te illustreer hoe die Afrikaanse taal deel van hierdie magstryd geword het.

# Hoofstuk 3
# Historiese kontekstualisering

## 3.1 INLEIDING

Aan die begin van die vorige eeu was Afrikanernasionalisme die ideologiese voertuig waarmee Afrikaners op politieke, ekonomiese en kulturele terreine gemobiliseer is. In die stryd om mag is die Afrikaanse taal en kultuur gebruik om die Afrikaner tot aksie te roep. Die belang van taal in 'n stryd om hegemonie kan egter nie in isolasie gesien word van die organiese instellings en intellektuele wat dit aanwend in 'n stryd om mag nie. Dit is dus belangrik om stil te staan by die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme as organiese ideologie en die gevolglike politisering van taal, sowel as die belangrikste organiese instellings en intellektuele wat die Afrikaner se strewe om mag deurentyd gerig het.

Die doel van hierdie hoofstuk is om die breë politiek-kulturele en ekonomiese konteks waarbinne die uitsaaiwese ontstaan het, as agtergrond vir Hoofstukke 4, 5 en 6 te skets. Dit is derhalwe slegs 'n oorsigtelike bespreking wat dien om die kernkonsepte en sleutelinstellings en –intellektuele in die Afrikaner se hegemoniese stryd te identifiseer.

## 3.2 AFRIKANERNASIONALISME AS ORGANIESE IDEOLOGIE

In Hoofstuk 2 is Afrikanernasionalisme gedefinieer as 'n ideologie waarvolgens die politieke lojaliteit van die burger aan die nasie gegee word om die groep se strewe na politieke selfbeskikking te verwesenlik. Volgens Degenaar (1987:233) verwys Afrikanernasionalisme in 'n ruimer sin na "die sisteem van idees waarvolgens die Afrikaner hom oor 'n lang tydperk verstaan het in situasies wat as sentrale voorbeelde van 'n groepsbewussyn onder Afrikaners geïnterpreteer kan word" (vgl. Viljoen, 1970). Dit sluit aan by O'Meara (1997) se siening van die Afrikaner se identiteit as 'n historiese en sosiale konstruk en Gramsci (soos verduidelik in Oosthuizen, 1990:41) se konsep van histories-organiese ideologie. Afrikanernasionalisme kan dus nie geskei word van die geskiedkundige gebeure waarna Afrikaners verwys in die definiëring van hulself as groep nie.

Die Groot Trek van 1836-1838 word algemeen beskou as die eerste uiting van die Afrikaner se strewe na selfbeskikking. Twee van die oorsake wat aanleiding tot dié beweging gegee het, was die gelykstellingsbeleid van wit en swart en die Britse verengelsingsbeleid wat die ontwikkeling

van 'n sterk groepsidentifikasie onder die Voortrekkers as gevolg gehad het (Degenaar, 1987:235).

Degenaar (1987:238) sien veral die periode van 1868 tot 1881 as die tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat Afrikanernasionalisme tot stand gekom het in reaksie op Britse imperialisme. Voor die anneksasie van Natal (1841) en Transvaal en die Eerste Vryheidsoorlog was daar geen sterk taalbewuste Afrikanernasionalisme nie (Steyn, 1980:163; vgl. O'Meara, 1997). Die Eerste Vryheidsoorlog het egter verenigend gewerk in 'n gemeenskaplike stryd vir die Afrikaner om sy onafhanklikheid te herwin. Na die oorlog het hulle hul op die beginsel van selfbeskikking beroep in duidelike afwysing van Britse imperialisme (Degenaar, 1987:238). Tot op daardie stadium was hulle verdeel in drie groepe, woonagtig in die Kaap, Vrystaat en Transvaal. Simpatie uit die Kaap en die Vrystaat het verenigend gewerk in soverre dat die Vrystaters ook hul band met die Transvalers ontdek het. 'n Vrystaatse gevoel is deur 'n Afrikaanse volksgevoel vervang en daar is gepraat van 'n algemene Afrikanerstryd waarby die Afrikaanse volk betrokke is (Degenaar, 1987:237).

In Afrikaans word na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) as die Tweede Vryheidsoorlog verwys, wat 'n aanduiding gee van Afrikaners se besef dat hulle by 'n stryd om selfbeskikking betrokke was. Die Afrikaner het die stryd verloor, maar die herinnering aan die oorlog is later as 'n bron van Nasionale bewuswording gebruik (Degenaar, 1987:238). Die oorwinning van die Britte oor die Afrikaner is ook gesien as 'n oorwinning van Britse imperialisme oor Afrikanernasionalisme (Pretorius, 2000). Volgens Giliomee (1981a:80) was etniese identifikasie vir baie Afrikaners 'n middel om die gevolglike minderwaardigheidsgevoel teenoor die Engelse teen te werk.

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 het gelei tot 'n verdere oplewing in nasionalisme wat neerslag gevind het in 'n verhewigde politieke lewe en 'n kulturele handhawingsdrif van die Afrikaner (Nienaber & Nienaber, 1960:74). Generaals Botha (premier en leier van die Suid-Afrikaanse Party) en Smuts se oproep aan die Afrikaner om aan die Britte se kant in die oorlog te veg, was te gou na die neerlaag wat die Afrikaner teen die Britte in die Tweede Vryheidsoorlog gely het en dit het aanleiding gegee tot die Rebellie van 1914/1915 toe 'n groep Nasionalistiese Afrikaners nie Duits-Suidwes wou binneval nie (Hertzog, 1966:98; Steyn, 1980:195-197; vgl. Malan, 1964:40-41). Ook met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 sou daar verdeeldheid tussen die twee wit bevolkingsgroepe en ook onder

Afrikaners wees oor Suid-Afrika se betrokkenheid by wat gesien is as 'n Britse oorlog. Hierdie antagonisme sou ook na die uitsaaiwese oorspoel (sien Hoofstukke 5 en 6).

Volgens Cronjé (1963:31) kom 'n Nasionale beweging sterker na vore wanneer 'n bepaalde groep se kulturele, en in die algemeen Nasionale, ontwikkeling op een of ander wyse gedwarsboom word. Die aanwesigheid van 'n bedreigingselement mobiliseer die groep en laat Nasionale doelwitte duideliker tot uiting kom (vgl. O'Meara, 1997). Die aanvanklike ontwikkeling van Afrikanernasionalisme was in reaksie op 'n waargenome bedreiging van Britse imperialisme, nie net op politieke gebied nie, maar ook op ekonomiese en kulturele gebied.

Die Engelssprekendes was die ekonomiese leiers in die twee republieke (Transvaal en Vrystaat). In 1886 is goud ontdek en die gevolglike toestroming na die Rand het veral vanuit Brittanje, maar ook ander Wes-Europese lande plaasgevind (Cronjé, 1963:29; Steyn, 1980:149). Dit het verreikende gevolge vir die Afrikaner gehad.

Stedelike ontwikkeling was gedurende die eerste paar dekades van die vorige eeu, veral vanaf ongeveer 1870 tot 1910, hoofsaaklik Engels. Die vinnige ontwikkeling van die mynbedryf en die gepaardgaande ekonomiese groei is deur Engelssprekendes beheer (Cronjé, 1963:29). Die migrasie van Engelssprekendes na Suid-Afrika het 'n invloei van vaardighede en kapitaal beteken waaroor die Afrikaner nie beskik het nie. Daarom was bykans alle Afrikaners uitgesluit van ekonomiese ontwikkelinge na 1870 (Steyn, 1980:149).

Die Afrikaner was op hierdie stadium hoofsaaklik 'n plattelandse bevolking en het bykans geen rol in die stedelike ontwikkeling gespeel nie (Cronjé, 1963:29). Die Engelse oorwig aan die Rand was so groot dat Engels binne 'n jaar of twee die algemene omgangstaal aan die Rand geword het. Die nie-Engelse gemeenskappe was klein, en die soort lewe aan die Rand het onderlinge kontak bevorder, sodat nie-Engelse Engels moes leer (Steyn, 1980:149).

Nie alleen was die stad oorwegend Engels nie, die Rand het mettertyd ook al hoe meer uitgesproke vyandig teenoor Afrikaans en Hollands geword na die Jameson-inval (1895) (Degenaar, 1987:238). Engels was die taal van die ekonomie en al hoe meer Afrikaanse ouers het hul kinders na Engelse skole gestuur om hierdie taal aan te leer (Steyn, 1980:150-151).

Die ellende van die Tweede Vryheidsoorlog het tot 'n breuk in die Afrikaner-leefwyse gelei. Sy landelike bestaan is ontwrig en duisende arm Boere moes na die dorpe trek om as armblankes 'n

nuwe lewe te begin (Giliomee, 1981a:79). Vanaf 1902 (na die Anglo-Boereoorlog) het die Britte daarop uitgegaan om 'n Engelssprekende, wit-beheerde Suid-Afrika met 'n kapitalisitiese ekonomie, gebaseer op mynwese, tot stand te bring (Louw, 1994:27).

Na die Uniewording in 1910 het die snelle ontwikkeling van mynbou en industrialisasie tot die verstedeliking van Afrikaners gelei. Teen 1936 het 50% van Afrikaners in stede en dorpe gewoon. Afrikaners het hulle in 'n posisie tussen verarmde swartes en redelik welgestelde Engelssprekende kapitaliste en geskoolde vakmanne bevind. Van 'n redelik selfversorgende landbougemeenskap teen 1890 het die Afrikaner 'n ontwortelde en verarmde groep geword. Teen 1934 is bereken dat 'n kwart van Afrikaners armblankes was (Giliomee, 1981a:78).

Volgens Adam (1981:65) is dit foutief om aan te neem dat verstedeliking outomaties tot 'n meer liberale uitkyk en die verslapping van groepsbande sou lei. Die teendeel is waar: dat 'n gebrek aan sekuriteit eerder die groepsbande sou versterk. Die welvaartsgaping tussen die Afrikaner en die Engelse was die aspek wat die etniese mobiliseerders die meeste getref het. In 1910 was die Engelse se inkomste per capita drie maal so groot as dié van die Afrikaner. Die opvallendste kenmerk van die Suid-Afrikaanse ekonomie vanuit 'n klasse-oogpunt was die gaping tussen die kapitaliste en die werkers (Giliomee, 1981a:82).

Die depressie na die Eerste Wêreldoorlog het veral die Afrikaner wat hoofsaaklik boere was swaar getref. Baie het verarm en bankrot geraak (Hertzog, 1966:99). Ook is duisende wit Afrikanerwerkers uit die spoorweg ontslaan. In hul plek is goedkoop swart arbeiders aangestel (Hertzog, 1966:100; Krüger, 1967:15). Die gevolg was dat baie Afrikaners direk met swart arbeiders moes kompeteer om werk. Dit was 'n belangrike stimulus in die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme (Louw, 1994:27). Die oorblywende wit mynwerkers het gevolglik gestaak; dit was die staking van 1922. Die staking is met geweld deur die SAP-regering onderdruk (Hertzog, 1966:100-101; Krüger, 1967:15). Die Nasionaliste het hierdie staking gebruik om die Afrikaners se gevoel teen Smuts te wek.

Gedurende die 1948-verkiesing het die NP 'n kodesisteem ontwikkel wat die vrese van Afrikaners vir verengelsing en kapitalisme aan die een kant, en goedkoop swart arbeid aan die ander kant uitgebuit het. Volgens Louw (1994:27) was dit die grondslag vir hul oorwinning in dié verkiesing (sien Hoofstuk 6).

### 3.2.1 Die politisering van taal

Die voorafgaande oorsigtelike blik op die politieke en ekonomiese wordingsgeskiedenis van die Afrikaner was die grondslag waaruit Afrikanernasionalisme ontwikkel het. In Afrikanernasionalisme is die idees dat die Afrikaner 'n unieke geskiedenis het, dat hy 'n volk met 'n Goddelike roeping is en 'n afsonderlike taal praat, nou met mekaar verbind (Degenaar, 1987:240; vgl. Meyer, 1974:35). Ook Cronjé (1963:31-33) sien die Afrikaanse Nasionale beweging as meer as net 'n politieke beweging – dit was ook ingestel op die gelykberegtiging van die Afrikaner op alle lewensterreine. Daarom het die politieke mobilisering so 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van die Afrikaner op kulturele en ekonomiese gebied. Volgens Louw (1994:27) was die doel die kulturele outonomiteit van die Afrikaner as groep. Die uitgangspunt was om 'n gemeenskap te skep waarin hulle hul eie kulturele ruimte (byvoorbeeld skole, universiteite en media) sou hê, apart kon ontwikkel van swart Suid-Afrikaners (insluitende Afrikaanssprekende kleurlinge) en geleenthede vir ekonomiese bevordering kon genereer.

Van Aardt (1989:182) beskryf Afrikanernasionalisme as 'n volksnasionalisme wat Afrikanermag verbind aan Afrikanerkultuur en Afrikanerskap binne 'n wit kleurgrens afbaken. Afrikaans was by uitstek die fokuspunt van hierdie nasionalisme met die gevolg dat die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vir dekades lank ook dié van die wit Afrikaner was.

Die bevordering, standaardisering en kanonisering van Afrikaans was deurentyd deel van hierdie groter sosiaal-politiese mag- en kultuurstryd (Pieterse, 1995:51). Taalsentimente is veral deur kultuurleiers en Afrikanerpolitici gebruik om steun vir wit Afrikanerbemagtiging te verkry, wit groepsvorming te bewerkstellig en later om te mobiliseer ten einde voortgesette hervorming aanvaarbaar te maak (Pieterse, 1995:58).

In die Afrikaner se stryd om mag is Afrikaans as voer-, amps- en uitsaaitaal as strydpunt gebruik. Taal is nie bloot 'n kanaal waardeur kommunikasie vloei nie. Volgens Pieterse (1995:42) bevat, kommunikeer en versterk dit ideologieë en verskillende (politieke) magsverhoudinge. Die basiese raakpunt tussen taal en politiek is dat beide simboliese, sosiale, gedrags- en kommunikasiemedia is en dat politiek deur middel van taal verewig word.

Taal is, of kan deel word van die magstryd tussen partye en groepe om aan bewind te kom of aan bewind te bly. Die 'politisering' van taal vind in diens van die politiek plaas (Pieterse, 1995:45). Taal is dus 'n sentrale strydpunt in die bedinging van hegemonie. Die ontwaking van die

taalgerigte volksbewussyn van die Afrikaner het saamgeval met groot staatkundige en ekonomiese veranderinge, sowel as 'n oplewing in nasionalisme (Steyn, 1980:225-226) in Suid-Afrika wat belangrike prikkels in die ontstaan van 'n taalbeweging is (Steyn, 1980:182).

Volgens Steyn (1987a:56) vind doelbewuste politisering plaas wanneer die taal deur 'n politieke party van die taalgemeenskap self, deel word van die politieke magstryd. Hierdie proses word geregverdig wanneer die party streef na 'n hoër status en dikwels ook die standaardisering van die taal, of andersins die behoud van status, in die vorm van 'n taalbeweging.

Taalbewegings het gewoonlik twee oogmerke: i) Die leiers probeer om ander lede van die taalgemeenskap, veral dié in toonaangewende posisies (dus organiese intellektuele), bewus te maak van die agterstand van die taal, en probeer taalgetrouheid en trots bevorder; ii) Die leiers wil die sprekers van die agtergestelde taal in alle opsigte ophef, naamlik ekonomies, sosiaal en kultureel. Dié opheffing kan op twee maniere geskied: In die eerste plek moet die taal tot sy reg kom as praat- en skryftaal in alle aspekte van die samelewing, staatsdiens, kerk, skool en private ondernemings (hierby inbegrepe ook die uitsaaiwese). Dit is met ander woorde 'n strewe na gelykberegtiging. In die tweede plek wil die leiers ook sorg dat die taal as algemene spreektaal behou word (Steyn, 1980:87).

Drie elemente is nodig vir 'n geslaagde taalbeweging, en dus ook 'n taalbewuste nasionalisme. Die eerste is 'n bevolking wat nog sy taal kan praat (die stryd om funksies), die tweede is 'n Nasionale of ekonomiese prikkel (die Tweede Vryheidsoorlog en die twee wêreldoorloë en die armblankevraagstuk, sien 3.2, Hoofstukke 5 en 6) en die derde is 'n taalbewuste en taalgetroue groep intellektuele leiers (soos veral Hertzog en Malan, sien 3.4.1 en 3.4.2) (Steyn, 1980:182).

In die tagtigerjare van die negentiende eeu het die Afrikaner se stryd om selfbeskikking tot uiting gekom in die Eerste Afrikaanse Taalbeweging, wat na die Tweede Vryheidsoorlog met hernude krag voortgesit is en as die Tweede Afrikaanse Taalbeweging ontplooi het. Die doel van hierdie beweging was nie net om erkenning vir die eie taal te verkry nie, maar ook om gestalte te gee daaraan as uitdrukkingsmiddel vir die Afrikaner se identiteit en aspirasies. Die eerste Afrikaanse literêre en godsdienstige publikasies het ook in hierdie tydperk verskyn (Cronjé, 1963:32).

Die bewussyn dat 'n groep mense 'n taal praat wat onderskei kan word van ander tale kan 'n groepsbewussyn versterk en 'n belangrike rol speel in die skepping van 'n kulturele identiteit. Die taalbewegings van die negentiende eeu, eers teen die Nederlandse besetting en later, vanaf

1806, teen die pogings tot verengelsing, is goeie voorbeelde hiervan. Die taalbeleid van die Britse administrasie het ook 'n groot rol gespeel in die eksodus van Afrikaners vanaf 1834. Die noue verband tussen taal en volksbewustheid blyk egter eers later; in die periode tussen 1868 en 1881 het die Afrikaner hierdie verband gesien. Taal en nasionaliteit is met mekaar geïdentifiseer – die ondergang van een sou tot die verdwyning van die ander lei (Degenaar, 1987:241). Daarom het die Afrikaner hom veral teen die verengelsingsbeleid van die Britse regering onder Lord Milner verset (Gunter, 1968:17; Nienaber, 1965a:88; Nienaber, 1965c:118).

Gedurende die beginjare van die twintigste eeu is 'n poging aangewend om wit Afrikaners met dwang te verengels (Louw, 1994:27) deur slegs Engels as medium van onderrig in skole af te dwing. Vanweë die Britse oorheersing in Suid-Afrika en die daarmee gepaardgaande immigrasie van Britte het ook die Engelse taal en kultuur en lewensbeskouing hier gevestig geraak. Volgens Cronjé (1963:28) was die taal en kultuur dan ook die draer van Britse imperialisme, gerugsteun deur 'n ou kultuur en wêreldtaal met groot militêre en ekonomiese mag.

Die beleid van Engels as medium van onderrig in skole het veral tot ongelukkigheid by die Afrikaner gelei (Louw, 1994:27). Volgens Nienaber (1965c:12) was Afrikaners nie teen Engels as taal nie, maar hulle was teen verengelsing van hul kinders deur die onderwysowerheid en teen die onderdrukking van die Hollandse taal wat gesien is as die waarborg vir die voortbestaan van hul volk. Die ervaring van Afrikaners van 1902 tot 1948 was dat hul taal en kultuur deur Engelse setlaars onderdruk is (Louw, 1994:27).

Die Nasionaliste het hierdie beleid van Milnerisme op verskeie maniere teengestaan (Juta, 1966:13). Om hul identiteit te bewaar, het Afrikaners vroeg in 1904 hul eie skole opgerig, wat hulle Christelik-Nasionale Skole genoem het (Nienaber, 1965c:120). Die Christelik-Nasionale beleid in skole is ontwikkel om dié verengelsingsbeleid teen te werk (Juta, 1966:13). Die moedertaal-onderwyskwessie sou weer in die jare 1943 en 1944 die politieke terrein oorheers toe die Smuts-regering probeer het om dubbelmedium-onderrig in Afrikaans eentalige skole te implementeer (Steyn, 1991; sien Hoofstuk 6).

Volgens Steyn (1980:182) was dit 'n geluk vir Afrikaans dat Afrikanernasionalisme sedert die Eerste Taalbeweging taalgerig was. In tye waarin die nasionalisme opgebloei het, het Afrikaans die voordelige gevolge daarvan ondervind.

O'Meara (1997) beskryf verskeie gedaantes waarin taal teenwoordig kan wees in die ontwikkeling van nasionalisme: as Nasionale aanwyser in die toekenning van rolle en plekke in die ekonomie; as simbool van 'n gemeenskaplike identiteit (veral as dit deur 'n eksterne mag bedreig word); as kwessie waarop gefokus word as mobiliseringstrategie en as deel van interne konflik wat lei tot 'n herdefiniëring van die nasionalisme. Elk van hierdie elemente kan in die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme gesien word: die aandrang op tweetaligheid in die staatsdiens wat gelei het tot die ekonomiese opheffing van die Afrikaner (sien Hoofstuk 4); die stryd teen verengelsing; kulturele, politieke en ekonomiese organisasies wat rondom Afrikaanssprekende witmense gevorm is en die stryd tussen verskeie Nasionalistiese organisasies en die terreine wat hulle verteenwoordig (sien 3.3) (O'Meara, 1997).

Aanvanklik was die Afrikaner se Nasionale beweging dus 'n reaksie teen die Britse magsposisie op alle lewensterreine – polities, ekonomies en kultureel – en die bedreiging wat dit vir die Afrikaner ingehou het. Cronjé (1963:32) waarsku egter dat hierdie opvatting eensydig is, want Afrikanernasionalisme was nie bloot uit verset nie, maar wou ook sekere oogmerke verwesenlik

Die doel van Afrikanernasionalisme was om die politieke en ekonomiese mag in die land in die hande van wit Afrikaanssprekendes te konsentreer (Van Aardt, 1989:184). Veral vanaf die dertigerjare is Afrikanernasionalisme as ideologie vir die Afrikaner gepropageer. Die waarde van selfbeskikking vir die Afrikanervolk is duidelik geformuleer en het die volgende ingesluit: die mobilisering van die Afrikaner op alle terreine; die invoer van Christelik-Nasionale Onderwys; die aanpak van die armblanke-probleem; en die skepping van Afrikaner-organisasies (Degenaar, 1987:239).

Die eintlike verpolitisering van die Afrikaner se kultuur het volgens Degenaar (1987:239) dan ook in hierdie tydperk begin. Die herdenking van die Groot Trek in 1938 speel 'n groot rol in die identifisering van die Afrikaner met sy verlede in terme van bevrydingstaal en die ideaal van selfbeskikking (sien Hoofstuk 5). Volgens Liebenberg en Van der Merwe (1991:18) is hegemonie bewerkstellig deur die interaksie tussen die politieke elite en verskillende strukture. "Hierdie hegemonie, saam met 'n proses van etniese mobilisasie, het die Afrikaners in 1948 met die beleid van apartheid aan bewind gebring... Die eindresultaat was 'n ideologie van minderheidsdominasie."

## 3.3 DIE ROL VAN INSTELLINGS IN DIE MOBILISERING VAN DIE AFRIKANER

Soos gesien in Hoofstuk 2, is instellings soos politieke partye, opvoedkundige instellings en die media belangrike bronne van morele en filosofiese idees en waardes in 'n samelewing. Dit is egter dikwels die lidmaatskap van eersgenoemde organisasies wat mense aanmoedig om die media te gebruik (Bocock, 1986:12). Wat hier volg, is 'n bespreking van enkele organisasies wat as organiese instellings 'n sentrale rol in die opkoms van Afrikanernasionalisme gespeel het.

### 3.3.1 Nasionale Party (NP)

Die totstandkoming van die Nasionale Party (NP) as beliggaming van Afrikanernasionalisme het teen die agtergrond van die ontwaking van die Afrikaner se nasionalisme plaasgevind. Die einde van die Anglo-Boereoorlog en die gepaardgaande ellende van die Afrikaner het die ontwaking van 'n sterk anti-imperialistiese gevoel gesien (Naudé, 1970:20; Malan, 1964:23). Nadat Hertzog deur Botha uit sy kabinet gelaat is oor sy (Hertzog se) Onderwyswet het die idee vir die eerste keer onder Afrikaners posgevat om 'n eie party te stig (Malan, 1964:32-33). Op 16 Desember 1913 is die Vrouemonument ter ere van die 26 000 vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog omgekom het, onthul. Dit het aanleiding gegee tot 'n hernude opvlamming van nasionalisme. Op 1 Julie 1914 is die Nasionale Party met Hertzog as leier in Bloemfontein gestig (Malan, 1964:33-35). Op die eerste vergadering van die Federale Raad van hierdie party in 1915, is besluit dat *Die Burger*, *The Interpreter*, *Ons Vaderland*, *De Spectator* en *Het Volksblad* as amptelike koerante erken sou word (Malan, 1964:35; vgl. Oosthuizen, 1989). Veral *Die Burger* en *Die Volksblad* sou in die laat dertigerjare sterk die gesuiwerde Nasionalistiese strewe steun (sien Hoofstuk 5).

Die Christelik-Nasionale aard, die beleid van Suid-Afrika Eerste (sien 3.4.1), die Afrikaner se regmatige aanspraak op sy taal en kultuur en die reg op gelyke taalregte is almal in die party se program van beginsels neergelê (Malan, 1964:12-13; vgl. Krüger, 1960:69-72; Naudé, 1970:155).

Reeds met die Rebellie van 1914 het die NP na vore getree as 'n party wat die Afrikanernasionaliste sou verteenwoordig. Die NP het hom sterk teen 'n inval in Suidwes uitgespreek (Malan, 1964:38). Ook met die 1922-staking wat met geweld deur die SAP-regering onderdruk is, het die NP die Afrikaners ondersteun deur die werkers wat vervolg is gratis in die

hof te verdedig. Advokate soos Tielman Roos en Oswald Pirow het veral 'n rol hierin gespeel (Hertzog, 1966:101).

Die Nasionale Party het ook die stryd om die handhawing en uitbreiding van die funksies van Afrikaans as 'n belangrike deel van sy Nasionale strewe gesien. Volgens Malan (1964:90) was dit die NP wat moes verseker dat Artikel 137 van die Suid-Afrika Wet soos in 1910 aangeneem, wat bepaal dat Engels en Hollands die amptelike tale van die Unie sou wees, toegepas word. Dit was ook die Nasionaliste wat hul daarvoor beywer het om Afrikaans tot amptelike taal verhef te kry (sien Hoofstuk 4). Stadigaan is meer druk uitgeoefen en in 1918 het die Parlement besluit dat Afrikaans ingesluit is onder Hollands as een van die amptelike tale van die Unie vir alle staats- en amptelike doeleindes, behalwe in die geval van wetsontwerpe en wette van die Parlement en van amptelike sukke van albei Huise van die Parlement waar slegs die vereenvoudigde vorm van Hollands gebruik is (Malan, 1964:91). Die tydperk 1924-1934, toe die eerste Nasionale regering onder Hertzog aan bewind was, het ook die verwesenliking van die Afrikaner se kulturele regte op verskeie terreine gesien (sien Hoofstuk 4; vgl. Malan, 1964:91).

Die jare 1934-1948 word gekenmerk deur die etniese mobilisasie van die Afrikaners deur die politieke elite van die Nasionale Party (Giliomee, 1981a:85). Onder leiding van die Gesuiwerde Nasionale Party (1934-1939) en die Herenigde Nasionale Party (1939-1951) is die Afrikaner se kultuurbegrip verbreed om onderskeidelik die ekonomie en ook die politiek in te sluit (sien Hoofstukke 5 en 6). Met die verkryging van politieke mag in 1948 het die Nasionale Party nie net magshandhawer geword nie, maar sou dit ook Afrikaner-eenheid en -identiteit bepaal (Giliomee, 1981a:89).

### 3.3.2 Afrikaner Broederbond (AB)

Die Afrikaner Broederbond (AB) het tesame met die Nasionale Party om die gelykberegtiging van die Afrikaner op kulturele, ekonomiese en politieke terrein geveg. Die AB is in 1919 gestig en het eers in 1924 'n geheime organisasie geword (Pelzer, 1979:6; Bunting, 1969). Met die stigting is die AB bloot as kultuurorganisasie gesien. Volgens Liebenberg en Van der Merwe (1991:16) het die organisasie vinnig sy rol herdefinieer en doelbewus vir Afrikanermagsoorname deur middel van etniese mobilisasie gewerk.

Vir hierdie doeleinde het die AB op kulturele, ekonomiese en politieke terreine beweeg. Volgens Meyer (1984:66) was die hooftaak van die AB aanvanklik om die Afrikaners as taal-kulturele

gemeenskap, ten spyte van hul politieke verdeeldheid, te verenig. Die eerste stap hierin was om alle Afrikaanse taal-, kulturele, opvoedkundige, ekonomies-maatskaplike en godsdienstige liggame onder een sambreel saam te bring; dit het gelei tot die stigting van die Federasie vir Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) in 1929 (Meyer, 1984:66; Afrikanerbond, 1998; sien 3.3.5). Die FAK sou toe die kultuurfunksie van die AB vervul, terwyl laasgenoemde hom op die ekonomiese opheffing van die Afrikaner sou toespits (sien Hoofstuk 5). Reeds voor die Tweede Wêreldoorlog, maar ook daarna het die AB hom vir Afrikanereenheid beywer. In 1941 is byvoorbeeld 'n Afrikaner Eenheidskomitee, bestaande uit drie verteenwoordigers elk van die HNP, die OB, die Reddingsdaadbond (RDB) en die FAK, gestig met die doel om die breuk in Afrikanergeledere te herstel (Pelzer, 1979:177; sien Hoofstuk 6). Volgens Liebenberg en Van der Merwe (1991:16-17; vgl. Pelzer, 1979:10) kan die rol wat die AB in die jare 1920-1948 in die bereiking en mobilisasie van Afrikanermag gespeel het, nie misken word nie.

Wat taalbevordering betref, 'n saak van deurlopende belang vir die AB van 1918 tot 1948, het dié organisasie hom uitgespreek ten gunste van Afrikaans as amptelike taal en ook veldtogte gevoer vir Afrikaans by tersiêre instellings, gelykheid in die staatsdiens en openbare lewe en vir Afrikaans oor die radio (Afrikanerbond, 1998; Pelzer, 1979:91; sien Hoofstuk 4).

Die Afrikaner se agterstand teen die Engelse op maatskaplike en ekonomiese gebied het ook 'n kulturele agterstand meegebring. Volgens Cronjé (1963:33) kan 'n "maatskaplik en ekonomies onvolwaardige gemeenskap nie kultureel tot volwaardigheid groei nie". Daarom was die bekamping van maatskaplike nood, veral onder aanvoering van die Afrikaanse kerke en vroueverenigings, ook van kulturele belang en was die opkoms van Afrikaanse handels-, bedryfs- en finansiële instellings en ondernemings van soveel betekenis vir die bevordering van die Afrikaanse kultuur (Cronjé, 1963:33). Voorbeelde hiervan wat onder leiding van die AB gestig is, sluit in die Helpmekaarvereniging in 1928 en Volkskas in 1937 (vgl. Pelzer, 1979:117, 124; Afrikanerbond, 1998; sien Hoofstuk 5).

Volgens Degenaar (aangehaal in Oosthuizen, 1990:45) het die NP en die AB sleutelrolle in veral die dertiger- en veertigerjare vervul om die Afrikaner vir selfbeskikking te mobiliseer. Hiervoor is "kultuur geburokratiseer en 'n organisatoriese struktuur van Afrikaner-elite gebruik om Afrikaners ter wille van Afrikanernasionalisme te mobiliseer". Die Afrikaanse koerante is ook hierby betrek (sien 3.3.6).

Volgens Meyer (1984:14) was die kultuurorganisasies, soos die AB, nodig om die Afrikaner se kultuurstrewe te rig teenoor 'n kosmopolitiese en Engelse wêreldkultuur. Die doel was nie die organisering van kultuur nie, maar die organisering van kultuurbewuste Afrikaners om rigting aan die kultuurstrewe van hul volk te gee. Dit het baie meer as net die uitbouing van die Afrikaanse taal behels; die Afrikaner moes homself op alle lewensterreine, insluitende die politiek en ekonomie, verwesenlik.

So kan die rol van die instellings soos die Afrikaanse onderwysinstellings, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (Akademie), die Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK), en die media nouliks in die Afrikaner se bedinging om hegemonie onderskat word (Gerber, 1997:26).

### 3.3.3 Christelik-Nasionale Onderwys (CNO) skole

Soos gesien in 3.3.1, het die Christelik-Nasionale Onderwys (CNO) skole tot stand gekom in verset teen die Britse regering se verengelsingsbeleid. Volgens Cronjé (1963:33) was hierdie strewe na moedertaalonderwys 'n uiting van die "Afrikaanse volksaksie". Dié skole was ook doelbewus ingestel op die beliggaming van die lewenswaardes van die Afrikaner. Volgens Nienaber (1965d:120) is hierdie skole gestig om die Afrikaner se identiteit te bewaar. Die Afrikaanse universiteite sou later net so 'n groot rol speel in die kultuuruiting van die Afrikaner (Cronjé, 1963:33). Die moedertaalkwessie sou ten tye van die Tweede Wêreldoorlog ook dien as 'n saambindende faktor vir Afrikaners (sien Hoofstuk 6).

### 3.3.4 Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns/Wetenskap en Kuns (Akademie)

Onder leiding van Hertzog is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns (voortaan Akademie) in 1910 gestig om die Afrikaanse taal en kultuur te bevorder (Naudé, 1970:36-37). Met verloop van tyd is die Akademie se doelstellings en werksaamhede verbreed. Ook die natuurwetenskappe is in 1942 by die Akademie ingesluit en die naam is verander tot die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en die Akademie het toe uit twee fakulteite, een vir Taal, Lettere en Kuns, en 'n tweede vir Natuurwetenskap en Tegniek bestaan. Die hoofdoel van die uitgeboude Akademie was die bevordering van die Afrikaanse taal, lettere en kuns, en van die wetenskap. Die Akademie sou hom nie net vir die taalgehalte en uitspraak van Afrikaans in die uitsaaidiens beywer nie, maar sou ook aktief 'n belangrike rol speel in die skepping van

uitsaaimateriaal in Afrikaans en die ontstaan van 'n kultuurbewussyn onder die Afrikaner (Nienaber, 1965a:95; sien Hoofstuk 4).

### 3.3.5 Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK)

Soos gesien in 3.3.2, is die Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) in 1929 gestig om die kultuurfunksie van die AB verder te voer en hom te beywer vir die bevordering van die Afrikaanse taal- en kultuurbelange (Meyer, 1984:14; Krüger, 1979:7). Afrikaanse en Afrikanerkultuurorganisasies kon deur middel van inskakeling by die FAK, inspraak op die nasionale en internasionale kultuurvlak geniet en sodoende hulle eiesoortige kultuurbelange bevorder (FAK, 2001). Volgens Krüger (1979:8; vgl. Meyer, 1984:16) is die FAK 'n voorbeeld van die verslapping van die grense tussen kultuur-, politieke en ekonomiese verenigings.

In 1936 is die FAK-bestuur verbreed om verteenwoordigers van die Afrikaanse kerkrade, welsynsliggame en werkgewers- en werknemersorganisasies naas die verteenwoordigers van taal-, kultuur- en ander verenigings in die nuwe Nasionale Kultuurraad in te sluit. Tydens die Tweede Wêreldoorlog is ook die Nasionale politiek hierby betrek met die stigting van die Afrikanereenheidskomitee waarin die Herenigde Nasionale Party, die Ossewa-Brandwag, die Reddingsdaadbond en die FAK verteenwoordig is. Die FAK het later ook aktief deelgeneem aan die veldtog vir die stigting van 'n Republiek in Suid-Afrika (Meyer, 1984:14-15)

Volgens Meyer (1984:14) het die kultuurstrewe van die FAK meer as net die uitbouing van die Afrikaanse taal behels. Die doel was die uitbouing van Afrikanerbelange op alle lewensterreine.

### 3.3.6 Media

Die Afrikaanse pers was belangrik in die skepping van die Afrikaners se groepskohesie en – identiteit. *De Zuid-Afrikaan* (1830) het aanvanklik bygedra tot verset teen verengelsing. Later het *Die Afrikaanse Patriot* (1876) die stryd om die erkenning van die Afrikaanse taal voortgesit (Oosthuizen, 1990:43). Dié publikasie was een van die eerste Suid-Afrikaanse koerante wat die regte van die taal as 'n verkiesingskreet reeds in 1883 gebruik het deur vir 'gelyke regte' te vra (Steyn, 1980:139). Veral *Die Burger* (1914) en *Die Transvaler* (1936) se rol in die taal- en Nasionale stryd is algemeen bekend (Oosthuizen, 1990:44).

Die simbiotiese verhouding tussen die Nasionale Party en verskeie Afrikaanse koerante wat as partymondstukke opgetree het, illustreer Liebenberg en Van der Merwe (1991:14) se punt van die onderlinge ondersteuning wat die verskillende ideologiese strukture aan mekaar verskaf het.

Volgens Malan (1964:174-175) het die Nasionale Party (NP) sedert sy stigting die waarde van eie koerante besef en daarom is *Die Burger*, gepubliseer deur Nasionale Pers, in 1915 opgerig (vgl. Oosthuizen, 1989:63). Dr DF Malan (Malan), taalstryder en eerste premier na die Nasionale Party se bewindsoorname in 1948, was die hoofredakteur (sien 3.4.2).

Die verhouding tussen Malan as leier van die Kaapse NP en *Die Burger* illustreer die onderlinge samewerking tussen politieke party en media. Volgens Weber (1974:360) het hy nooit onderskeid tussen sy rol as redakteur en partyleier gemaak nie en het hy die "Nasionale saak deur die geskrewe woord bevorder". "Sonder sy bydrae en dié van sy koerant... sou die Nasionale Party nie in 1924 aan die bewind gekom het nie."

In 1937 het die behoefte aan 'n koerant in die Oostelike Provinsie so sterk gegroei dat die Nasionale Pers besluit het om ook daar met 'n koerant te begin en *Die Oosterlig* is gestig (Malan, 1964:176). Terselfdertyd het die behoefte aan 'n Nasionale koerant in die Transvaal gegroei. In dieselfde jaar is *Die Transvaler* as amptelike mondstuk van die Nasionale Party in die Transvaal gestig. Die koerant is besit deur die Voortrekkerpers en die eerste redakteur was ook 'n latere Eerste Minister, naamlik dr HF Verwoerd (Geyser, 1972:4; Oosthuizen, 1989:64). In die eerste hoofartikel, geskryf deur Verwoerd (aangehaal in Geyser, 1972), het gestaan: "*Die Transvaler* kom met 'n roeping – hy kom om 'n volk te dien deur die geluid van troue en verhewe nasionalisme te laat weerklink waar sy stem ook reik. Uit hierdie roeping sal sy besieling spruit: die strewe sal sy karakter bepaal." (vgl. Malan, 1964:177; vgl. Anon., 1968:41.) Soos die res van die Afrikaanse pers, was ook dié koerant 'n spreekbuis van die Afrikaner se Nasionalistiese, en veral sy republikeinse strewe (Oosthuizen, 1989:64; Oosthuizen, 1990:45; Pienaar, 1974:12). *Die Burger*, *Die Volksblad* en *Die Transvaler* sou veral 'n groot rol in die verset teen die Hertzog-Smuts bewind na samesmelting speel (Cillié, 1980:4; vgl. Malan, 1964:176-177; Mulder & Cruywagen, 1964:51; sien 4.2.1).

Net soos wat daar 'n simbiose tussen die Afrikaanse pers (Voortrekkerpers en Nasionale Pers) en die Nasionale Party was, is regstreekse of onregstreekse invloed op die SAUK en veral die Afrikaanse radiodiens ter wille van Afrikanernasionalisme uitgeoefen (Oosthuizen, 1990:46). In die tydperk van hierdie studie sou die uitsaaiwese die terrein van stryd tussen die twee wit

taalgroepe, naamlik die Afrikaans- en Engelssprekendes, vorm (Hayman & Tomaselli, 1989:23). Die posisie van Afrikaans as uitsaaitaal in die tydperk van die African Broadcasting Corporation en die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie sou die polities-ekonomiese posisie van die Afrikaner en die verhouding tussen die twee taalgroepe reflekteer (vgl. Jacobs, 1988:62; Jooste, 1961:98; Hayman & Tomaselli, 1989:38; sien Hoofstukke 4, 5 en 6).

Volgens Gramsci (1982) se konsep van hegemonie, funksioneer organiese intellektuele in organiese instellings om die organiese ideologie te produseer en te versprei (sien Hoofstuk 2). Soos hierbo gesien, was die politisering van Afrikaans as taal 'n belangrike element in die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme. Volgens Steyn (1987a:33) is die bestaan van 'n volks- en taalgevoel net 'n fondament vir verdere optrede, alhoewel dit noodsaaklik is vir die sukses van 'n taalstryd. Die belang van 'n organiese instelling, en die organiese intellektuele wat daarin funksioneer, lê in hul besluitnemingsmag oor taalaangeleenthede.

## 3.4 DIE ROL VAN AFRIKANERLEIERS IN DIE STREWE NA MAG

In Hoofstuk 2 is gesien dat die belangrikheid van die organiese intellektuele se bydrae tot hegemonie afhang van sy posisie in die samelewing en die konteks van sy bydrae (sien 2.3.3). In die Afrikaner se stryd om hegemonie aan die begin van die vorige eeu, met die gepaardgaande fokus op Afrikaans (sien 3.2.1), is dit veral die twee leiers van die Nasionale Party wat as organiese intellektuele die taalstrewe gebruik het om die groep se hegemoniese stryd te rig. Afrikanernasionalisme soos deur hierdie leiers geformuleer, is deur die groep se organiese intellektuele vertolk, ook binne die uitsaaiwese (byvoorbeeld prof MC Botha en Gideon Roos; sien Hoofstukke 5 en 6), en deur middel van hul organiese instellings uitgevoer (sien 3.3).

### 3.4.1 Genl JBM Hertzog (Hertzog)

Generaal JBM Hertzog (Hertzog) veral het van die Afrikaanse taal en kultuur gebruik gemaak om die groep tot mobilisasie op te roep (Giliomee, 1981a:78). As Vrystaatse Minister van Onderwys (1908-1912), Minister van Justisie in Botha se Unie-regering (1910-1914), stigter en leier van die Nasionale Party as opposisie-party (1914-1924) en as Eerste Minister en leier van die Pakt-regering (NP en Arbeidersparty) en uiteindelik die Smelters (Verenigde Party) (1924-1939) was Hertzog een van die vernaamste organiese leiers van die Afrikaner se Nasionalistiese strewe (Akademie, 1966:51-57; Naudé, 1970; Meyer, 1965).

Hertzog het gemeen dat die Afrikaner slegs deur sy eie taal uit die minderwaardige, kultuur-arme posisie wat hy aan die einde van die Anglo-Boereoorlog beklee het, gelig kon word (Naudé, 1970:29; Meyer, 1968:45). Derhalwe het hy die taal as uitgangspunt vir dié handhawingstryd geneem; taal en nasionalisme was vir Hertzog onafskeidbaar (Naudé, 1970:29).

Vir Hertzog was die Afrikaanse kultuurstryd in wese die stryd om die karakter en selfrespek van die Afrikaner (Meyer, 1968:45). Hertzog het besonder veel waarde aan die groep se moedertaal geheg, soos veral uit hierdie woorde van hom blyk (in 'n toespraak tydens 'n kultuuraand in Bloemfontein, 4 Desember 1906):

> 'n Taal kan nie van 'n volk weggeneem word sonder dat die karakter van die volk ook weggeneem word nie. Iemand wat tekort kom in respek vir die taal waarin ek opgegroei het, kom ook tekort in sy respek vir my; 'n mens met selfrespek kan nie sy taal weggooi nie... Die taal is gans die volk. (Aangehaal in Naudé, 1970:30.)

Hertzog het die taalywer van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (sien 3.2.1) ingespan om 'n Nasionale gevoel met die oog op politieke selfstandigheid aan te wakker (Swart, 1967:44). Die taalstryd was dus Hertzog se politieke stryd (Nienaber, 1968:35). Hertzog het nie net geveg vir die erkenning van Hollands naas Engels as amptelike taal nie, hy het ook gepoog om sy mede-Afrikaner bewus te maak van sy roeping om sy kultuur uit te bou en trots te wees op sy volk se verlede en sy moedertaal (Pelzer, 1965:265; Naudé, 1970:29).

Hertzog het hom vir die beskerming van Hollands in die staatsdiens en onderwys beywer omdat hy 'n taal beskou het as 'n uitdrukking van 'n volk se kulturele eiesoortigheid (Giliomee, 1981a:78). Sy voorwaarde vir samewerking met die Britse regering (as leier van die Orangia Unie) in 1905 was die gelykberegtiging van Hollands en Engels – net soos hy later sou aandring op die gelyke status van Afrikaans en Engels (Nienaber, 1968:15; sien Hoofstuk 4).

Tydens die onderhandelinge in 1908 oor unifikasie was die taalvraagstuk een van die neteligstes, maar Hertzog het daarin geslaag om die beginsel van taalgelykheid in die Unie-grondwet te laat vaslê. Volgens artikel 137 sou Hollands naas Engels in alle opsigte amptelik gelykwaardig gebesig word. Volgens Nienaber (1968:36) het die Afrikaner hierdie taalgelykstelling gesien as 'n toetreding tot unifikasie op gelyke voet (vgl. Meyer, 1965:115). Deur aan te dring op gelyke taalregte, is werkgeleenthede later vir die Afrikaner in die beroeps- en sakelewe, veral die staatsdiens en onderwys, geskep (Pelzer, 1965:268; sien Hoofstuk 4). Hertzog het hom ook dikwels teen verengelsing uitgespreek (Giliomee, 1981a:78). As Minister van Onderwys het hy,

in reaksie op die beleid van Milnerisme, in 1908 in sy Vrystaatse Onderwyswet volkome tweetaligheid 'n vereiste gemaak (Naudé, 1970:29; Gunter, 1968:38; Nienaber, 1965a:88; Nienaber, 1968:35). Dit is veral na sy De Wildt-toespraak op 7 Desember 1912 dat Hertzog na vore begin tree het as 'n organiese intellektuele en leier van die Afrikanernasionaliste.

In sy toespraak het Hertzog drie beginsels uiteengesit wat die verloop van die Afrikaner se ontwikkeling as groep sou rig: eerstens die Afrikaanse taal en nasionaliteit, tweedens die verhouding van die Unie van Suid-Afrika tot Brittanje en derdens die rassevraagstuk. Dié kwessies staan ook bekend as die tweestroombeleid, Suid-Afrika Eerste en die beleid van segregasie (Van Jaarsveld, 1968:39).

Wat die eerste betref, het Hertzog gesê dat die Afrikaner voor 'n keuse staan: hy kon óf afstand doen van sy taal en daarmee van 'n eie karakter en identiteit, óf hy kon veg om dit te behou. Die taal was vir hom nou verwant aan die grotere kwessie van die Suid-Afrikaanse nasionalisme (Van der Walt, 1968:41). Volgens sy tweestroombeleid het Suid-Afrika twee wit kultuurstrome gehuisves wat in twee parallelle bane langs mekaar moes vloei sonder die verlies van afsonderlike identiteit. Verder het hy gevoel Suid-Afrika moet regeer word deur Afrikaners, beide Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes, wat die Unie hul ware tuiste gemaak het en nie Suid-Afrika as 'n ondergeskikte deel van die Empire beskou het nie (Van Jaarsveld, 1968:39-40; Naudé, 1966:90).

Wat die tweede beginsel betref, het Hertzog dit duidelik gestel dat imperialisme vir hom net goed is in diens van Suid-Afrika. Waar dit in botsing kom met die belange van die land was hy 'n teenstander daarvan (Van Jaarsveld, 1968:40). Hierdie beleidsverklarings was gebaseer op 'n situasie wat sedert unifikasie na vore gekom het, naamlik die verskillende sieninge wat Hertzog en Botha van die verhouding tussen die Afrikaans- en Engelssprekende groepe in die Unie gehad het. Botha se konsiliasiebeleid en sy goedgesindheid jeens Brittanje het gelei tot die skeiding tussen hom en Hertzog (Naudé, 1970:52). Hierdie gebeure sou 'n parallel in die dertigerjare kry toe Malan en Hertzog se paaie geskei het as gevolg van laasgenoemde se samewerkingsooreenkoms met die Engelsgesinde Smuts (sien Hoofstuk 4).

Botha het 'n eenstroombeleid (of konsiliasiebeleid) gevolg waarin hy gemeen het dat die Afrikaans- en Engelssprekende groepe een volk sou word. Dit was in direkte teenstrydigheid met Hertzog se tweestroombeleid waarin die Afrikaans- en Engelssprekendes naas mekaar moes ontwikkel en mekaar se taal en tradisies handhaaf en respekteer (Naudé, 1970:35). Weens Botha

se pro-Britse beleid het hy gedurig by die Afrikaner aangedring om saam te werk en hul onderlinge verskille van die verlede te vergeet. Sy argument was dat alle Suid-Afrikaners, of hulle Engels- of Afrikaanssprekend was, hulself moes beywer vir 'n verenigde Suid-Afrika (Naudé, 1970:51). Volgens Naudé (1970:50) het hierdie ideaal van Botha egter vervaag, want 'n sekere groep Engelssprekendes kon nie vergeet dat hy 'n verslane volk verteenwoordig het nie, en party Afrikaners was nog verbitterd oor die konsentrasiekampe en hul verlore onafhanklikheid. Beide groepe was dus skepties oor die konsiliasiebeleid en kon nie so gou die verlede vergeet nie. Mettertyd het ook daardie Afrikaners wat polities vir Botha gevoel het, maar wat kultureel en uit 'n taaloogpunt met Hertzog saamgestem het, hul politieke simpatie na Hertzog verskuif. Die Rebellie en die Suidwes-veldtog van die Unieregering (sien 3.2) het veral die plattelandse Afrikaner tot Hertzog laat neig (Swart, 1967:47). Ook het Hertzog gevrees dat Botha se versigtigheid vir Engelse Opposisie-kritiek saam met sy gesindhede teenoor die Hollands-Afrikaanse taal en nasionaliteit laasgenoemde sou kon laat verdwyn (Van Jaarsveld, 1968:40).

Hertzog was ook van die standpunt dat 'n regering wat te gedienstig was aan imperiale eise, die belange van Suid-Afrika sou opoffer wat sou verhinder dat 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme selfstandig ontwikkel (Van Jaarsveld, 1968:40). Volgens Swart (1967:41) het daar sedert 1902 by Hertzog die vrees gegroei dat veral Botha en Smuts bereid was om sekere Afrikanerbeginsels prys te gee ten einde politieke samewerking tot 'n groter staatkundige eenheid te verkry. In April 1911 het Botha na Londen vertrek vir die Statebondskonferensie. Nadat hy in Engeland van alle kante geloof is vanweë sy sukses met die samestelling van die eerste Uniekabinet, het hy uit dankbaarheid verklaar dat Suid-Afrika 'n groter bydrae tot die Britse vloot sou lewer, en dat Britse emigrante deur middel van Suid-Afrikaanse kapitaal en staatsondersteuning na die Unie kon kom. Deur die verklaring het Botha die Afrikaner nog meer oortuig laat voel dat hy besig was om 'n Britse imperialis te word (Naudé, 1970:68). Die kwessie van onafhanklikheid van die Britse Ryk en die reg tot neutraliteit in die geval van 'n Britse oorlog sou in die Nasionaliste se republikeinse strewe gestalte vind (sien Hoofstuk 4).

Derdens het Hertzog hom uitgespreek ten gunste van 'n geleidelike segregasiebeleid waar swart en wit afsonderlike in verskillende grondgebiede sou kon ontwikkel. Hy was van mening dat die ineenvloeiing van wit en swart sonder beheer 'n samelewing sou voortbring wat die wit deel van die bevolking se lewenswyse in gevaar sou stel (Van Jaarsveld, 1968:40). Hierdie rigting wat Hertzog aan nasionalisme gegee het, sou sy invloed in die onsekere tye na die Tweede

Wêreldoorlog laat geld en sou ook 'n beslissende impak op die uitslag van die 1948-verkiesing hê (sien Hoofstuk 6).

Na die De Wildt-toespraak het die Engelstalige pers Hertzog verdoem as rassehater. Botha wat in verleentheid was teenoor die Engelse wat aanstoot aan die beleidsverklaring geneem het, het verwag dat Hertzog moes bedank. Toe Hertzog weier, het Botha self as Eerste Minister bedank, waarop 'n nuwe kabinet saamgestel is, waar Hertzog uitgesluit is (Van Jaarsveld, 1968:40). Hertzog se De Wildt-toespraak het aanklank by die Afrikanernasionaliste gevind. Die Afrikaner was toe verdeel in die sogenaamde Bothamanne en die Hertzogmanne. Volgens Van Jaarsveld (1968:40) het die kultuurbeweging dekking in die nuwe Nasionale beweging gekry. Baie van die Vrystaters en jonger mense in die Unie het hulle met Hertzog vereenselwig, maar die oorgrote meerderheid van Afrikaners het nog vir Botha gevolg (Pirow, 1965:298-299).

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 en Botha se mosie in die Volksraad om die Ryksregering in die oorlog te steun, het 'n keerpunt in die geskiedenis van die Afrikanerdom ingelui (Pirow, 1965:299). Vir die Afrikaner was dit ongehoord dat Botha en Smuts van hulle sou verwag om te veg vir dieselfde Ryk teen wie hulle kort tevore (in die Tweede Vryheidsoorlog) 'n nederlaag gely het (Hertzog, 1966:98). Dit het gelei tot 'n Rebellie (sien 3.2). Tesame met die Suidwes-veldtog van die Unie-regering het dit veral die plattelandse Afrikaner tot Hertzog laat neig (Swart, 1967:53). In dieselfde jaar (Januarie 1914) is die Nasionale Party as opposisie-party gestig met Hertzog as leier. Dié party sou van toe af die Afrikanernasionaliste verteenwoordig (sien 2.3.2).

Smuts, wat in 1919 moes oorneem as Eerste Minister na Botha se uittrede uit die politiek, het geen persoonlike aanhang onder Afrikaners geniet nie. Volgens Swart (1967:59) het hy van dié groep se Nasionalistiese gevoelens niks geweet of begryp nie. Dat kultuur, taal, kerk, ekonomie en selfs intellektuele opgang deel was van die Afrikanermag binne die Nasionale Party rondom Hertzog saamgetrek, het Smuts nooit besef nie. Die gevoel was dat die Suid-Afrikaanse Party (SAP) onder Smuts sy Afrikaanse karakter verloor het (Swart, 1967:59; vgl. Pirow, 1965:304).

In 1924 het die Nasionale Party, in samewerking met die Arbeidersparty as die Pakt-regering aan bewind gekom met beide Afrikaans- en Engelssprekendes in die kabinet. Hertzog was toe Eerste Minister en het met die toepassing van sy Suid-Afrika Eerste beleid begin (Van Jaarsveld, 1968:40; sien Hoofstuk 4).

As Eerste Minister van 1924 tot 1939 (sedert 1933 as leier van die Koalisie-regering en die Verenigde Party) het Hertzog voortgegaan met die bereiking van sy ideale soos by De Wildt uiteengesit. Hertzog se tweestroombeleid (die gelykberegtiging van beide Afrikaans- en Engelssprekendes) het hom in sy laaste lewensjare in botsing gebring met die ander benaderings wat in Afrikanergeledere gegeld het en wat die klem op die Afrikaanse taalgroep laat val het. Hertzogisme wat nie onderskeid getref het tussen Afrikaners wat óf van Hollandse óf van Engelse afkoms was nie, is as onwenslik beskou (Naudé, 1966:39; sien Hoofstukke 4 en 6). Hertzog het ook gevoel dat Suid-Afrika nog nie reg was vir republiekwording nie, wat tot verdere skeuring in Afrikanergeledere gelei het in die tydperk van die Smeltersregering (Niewoudt, 1967:37; sien Hoofstuk 4). Malan sou toe na vore tree as leier van die Afrikanernasionaliste se strewe na selfbeskikking.

### 3.4.2 Dr DF Malan (Malan)

Malan het as koerantredakteur en politieke leier die opkoms van Afrikaans as spreek- en skryftaal gebruik om die gevoel van eiewaarde by Afrikaners te versterk (Giliomee, 1981a:78). In 1908 het Malan in Stellenbosch gesê: "Verhef de Afrikaanse taal tot schryftaal, maak haar de draagster van onze kultuur, van onze geschiedenis, onze nationale idealen, en gy verheft daarmede ook het volk dat haar spreekt." (Aangehaal in Malan, 1964:90-91.)

Malan was een van die leiers van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging en het ook, sedert die organisasie se stigting in 1906, in die bestuur van die Afrikaanse Taalvereniging gedien (Pretorius, 2000). Reeds met die breuk tussen Botha en Hertzog oor eersgenoemde se konsiliasiebeleid, het Malan gekies vir Hertzog se beleid van Suid-Afrika Eerste. Ook tydens die Rebellie van 1914 was hy ten gunste van die Afrikaner se posisie. Sy politieke loopbaan het begin met die aanvaarding van die redakteurskap van *Die Burger* in 1915 (Pretorius, 2000; Malan, 1964:310). Volgens Pretorius (2000) het Malan deur sy hoofartikels leiding gegee aan die Afrikanervolk om Afrikanernasionalisme uit te leef. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) en die Rebellie (1914) het Malan deur middel van *Die Burger* stelling ingeneem teen die Engelse wêreld van die tyd.

Na die verkiesingsoorwinning van die Pakt-regering in 1924 het Malan as Minister van Binnelandse Sake gesorg dat in Artikel 1 van die Grondwet ingeskryf staan dat die volk van die Unie van Suid-Afrika die soewereiniteit en leiding van die almagtige God erken. Hy het ook Afrikaans as amptelike taal naas Engels verklaar gekry en toegesien dat die beleid van

tweetaligheid in die staatsdiens gehandhaaf word (Pretorius, 2000; Anon., 1979:43; sien Hoofstuk 4). Dit is egter as leier van die Gesuiwerde Nasionale Party en later van die Herenigde Nasionale Party dat Malan sy rol as organiese leier in die Afrikaner se ekonomiese en politieke bemagtiging gespeel het en ten beste die republikeinse strewe beliggaam het. In die strewe om Afrikanereenheid het hy ook die stryd teen die Ossewa-Brandwag gevoer. Malan sou die Afrikaner tot politieke magsoorname in 1948 lei (Malan, 1964:314; sien Hoofstukke 5 en 6).

## 3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die Afrikaner se stryd om hegemonie oorsigtelik binne die raamwerk van Gramsci se organiese piramide van ideologie, instellings en intellektuele behandel. Dit is aangetoon dat hierdie stryd hoofsaaklik op drie terreine, naamlik politiek, kultuur en ekonomie, plaasgevind het. Wat hieruit geblyk het, is dat dit veral die stryd teen Engelse oorheersing op hierdie terreine was wat tot die ontstaan en ontwikkeling van Afrikanernasionalisme as die organiese ideologie van die groep aanleiding gegee het. Hierdie ideologie was 'n taalgerigte nasionalisme.

Die hoofstuk het ook gepoog om die organiese instellings en intellektuele waardeur hierdie hegemoniese stryd gevoer sou word, bekend te stel. Daar is gesien dat die politieke organisasies van die Afrikaner, soos die NP, en kultuurorganisasies, soos die AB en die FAK, in hul werksaamhede voortdurend op politieke, kulturele sowel as ekonomiese terreine beweeg het. Verder was daar 'n simbiotiese verhouding tussen hierdie verskillende organisasies, soos die NP en die Afrikaanse media, wat almal vir dieselfde doel, naamlik Afrikanereenheid en Afrikanermag, gewerk het. In hierdie strewe is die Afrikaanse taal as verenigende en mobiliseringsimbool aangewend.

Alhoewel die hoofstuk nie probeer het om 'n gedetailleerde geskiedskrywing van die tydperk in die aanloop tot die stigting van die uitsaaiwese te verskaf nie, is die mees fundamentele konsepte en rolspelers wat die Afrikaner se strewe tot mag sou dryf, soos ontplooi in die volgende drie hoofstukke, bespreek. Vervolgens word daar gekyk na hoe die uitsaaiwese in hierdie taal- en magstryd beland het.

# Hoofstuk 4

# Uitsaai onder privaatbeheer: Die stand van Afrikaans as uitsaaitaal, 1924-1936

## 4.1 INLEIDING

Soos gesien in Hoofstuk 3, was die Afrikaner aan die begin van die twintigste eeu op politieke, kulturele en ekonomiese terreine aan die Engelse hegemoniese orde ondergeskik. Die Engelse was ekonomies welvarend en hoofsaaklik in die stede gevestig, terwyl die plattelandse bevolking hoofsaaklik uit Afrikaners bestaan het (vgl. Naudé, 1970:39). Die Engelse het ook die openbare sektor (Gramsci se staat) oorheers; die meerderheid van staatsamptenare in die stede en op die platteland was eentalig Engelssprekend (Giliomee, 1981b:108). Sedert die twintigerjare het die Afrikaner begin verstedelik wat noodwendig vir sy ontwikkeling op politieke, kulturele en ekonomiese terreine verreikende gevolge sou hê (Cronjé, 1963:30-31; Bunting, 1969).

Een van die kernprobleme van die politiek was steeds die verhouding van die Afrikaner tot die Engelssprekende. Hoe om die kultureel-nasionale verskille met staatkundige eenheid te versoen, was volgens Van der Walt (1968:21) die grootste probleem van elke politieke leier sedert 1902.

In 1924 het die Pakt-regering (bestaande uit die Nasionale Party en die Arbeidersparty) met generaal JBM Hertzog as Eerste Minister aan bewind gekom (Pirow, 1965:306; Bunting, 1969; Akademie, 1966:53). Die Afrikaner was nou deel van die hegemoniese orde en kon deur middel van sy vernaamste organiese intellektueel in die tydperk, die ideologie van Afrikanernasionalisme bevorder. Die belangrikste aspek van Hertzog se beleid was Suid-Afrika Eerste. Sy doel was dat Suid-Afrika deur Afrikaners geregeer word. Soos gesien in 3.4.1 het hy onder Afrikaners beide Engels- en Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners ingesluit wat Suid-Afrika as hul vaderland beskou het (Naudé, 1970:56). Hertzog se strewe was om Suid-Afrika tot staatkundige en ekonomiese onafhanklikheid te lei en ook gelyke regte vir Afrikaanssprekendes te bewerkstellig. Hierdie eerste Nasionale regering sou talle mylpale in dié strewe behaal. Hierdie hoofstuk sien ook die groei van Afrikanernasionalisme weg van Hertzog se konsep wat beide die Afrikaans- en Engelssprekende volksdele ingesluit het, na een wat slegs op die Afrikaner as 'n taalgroep fokus. Die gevolg was dat Afrikaners beide deel van en teen die hegemoniese orde was.

Die doel van hierdie hoofstuk is om te bepaal hoe die ontwikkeling van die Afrikaner op politieke en ekonomiese gebiede, sowel as sy verhouding met die Engelse in die hegemoniese alliansie, neerslag gevind het in die uitsaaiwese wat in hierdie tyd tot stand gekom het. Daar is in Hoofstuk 3 geïllustreer hoe die media, spesifiek Afrikaanse koerante, as deel van die burgerlike samelewing as voertuie vir die Nasionalistiese ideologie opgetree het. Wat in hierdie hoofstuk en ook vir hierdie studie ter sake is, is hoe die uitsaaiwese sedert sy ontstaan 'n terrein vir hierdie ideologiese stryd geword het.

## 4.2 DIE EKSTERNE BELEIDSRAAMWERK VAN AFRIKAANS AS UITSAAITAAL, 1924-1936

### 4.2.1 Die politieke mag van die Afrikaner

Die eerste Nasionale Party-regering onder Hertzog het na bewindsoorname in 1924 verskeie pogings aangewend om Suid-Afrika van sy bande met die Empire los te maak. Die konsep van Unie-burgerskap is bekendgestel en die Unie-grondwet is ook gewysig om die soewereiniteit van God oor die Unie te erken (Akademie, 1966:53; Bunting, 1969). Die Nasionaliste binne die Pakt-regering het sterk gevoel oor die kwessie van 'n eie vlag vir Suid-Afrika. In 1925 het Malan 'n wetsontwerp vir 'n nasionale vlag ingedien. Na hewige debatvoering is 'n Suid-Afrikaanse vlag ontwerp met die Union Jack in miniatuur daarop verteenwoordig; met die Vlagwet van 1927 het hierdie Unievlag gelyke status met die Union Jack verwerf (vgl. Liebenberg, 1987b:429-431; Akademie, 1966:53; Bunting 1969).

By die Rykskonferensie van 1926 in Brittanje het Hertzog groter onafhanklikheid vir die dominiums binne die raamwerk van die Empire geëis. Dit het gelei tot die Balfour Verklaring wat elke dominium 'n outonome gemeenskap binne die Statebond gemaak het (Pelzer, 1965:271). Hierdie verklaring is in die 1931 Statuut van Westminster ingesluit en in 1934 het dit deur middel van die Statuswet Uniewetgewing geword (Van der Walt, 1968:23; Bunting, 1969; Akademie, 1966:53). Die soewereiniteit van Suid-Afrika as wetgewende en uitvoerende gesag is hierdeur neergelê (Van der Walt, 1968:23).

In 1927 het Hertzog ook gesorg vir die toepassing en uitlewing van die verkreë vryheid en verhoogde status deur 'n Departement van Buitelandse Sake te stig (Van der Walt, 1968:23; Pelzer, 1965:271).

Hierdie ontwikkelinge het die eerste fase van die Nasionale stryd afgesluit. Dr NJ van der Merwe, LV, het by 'n prysuitdelingsfunksie van die SA Taalbond, 27 April 1934, die volgende gesê:

> Die stryd om die bestaan van die Afrikaner was tot dusver grotendeels 'n stryd om die erkenning van regte. Dit was 'n kwessie van taalregte en konstitusionele vryheid. Dit moes uitgemaak word of die veroweraar wat sy vlag in hierdie land geplant het, die rol van veroweraar sal bly speel; of ons 'n slawevolk gaan wees wat gedurig onder die duim van 'n ander volk moet staan. Hierdie stryd is nou besleg... Die reg van die Afrikaanssprekende om op 'n voet van absolute gelykheid met die Engelssprekende behandel te word, word ook deur al die partye van die land onomwonde erken. (Anon., 1934r:2.)

Hierdie verwikkelinge sou egter wys dat die Nasionalistiese strewe nie by Hertzog geëindig het nie. Met sy terugkeer na die Unie het Hertzog die NP grondwet gewysig om die Rykskonferensie se verklaring van onafhanklikheid te aanvaar (Bunting, 1969). Nie almal was ten gunste hiervan nie. Volgens Krüger (1966:66) het Hertzog se politieke teenstanders deur 'n losse interpretasie van die Balfour-verklaring die *status quo* probeer handhaaf, terwyl die sogenaamde jong Turke in die NP nie tevrede was met die mate van onafhanklikheid wat verkry is nie. Hulle wou 'n onafhanklike republiek hê, terwyl Hertzog die dominiumstatus as genoegsaam beskou het (Liebenberg, 1987b:428).

In 1933 het Hertzog die algemene verkiesing met 'n jaar vervroeg nadat 'n koalisieooreenkoms met Smuts se SAP bereik is. Na hul verkiesingsoorwinning is 'n nuwe kabinet gevorm met Hertzog as Eerste Minister en Smuts as sy adjunk (Akademie, 1966:55; Bunting, 1969; Liebenberg, 1987b:434). Volgens Liebenberg (1987a:433-435) was die idee van 'n koalisieregering op nie-partypolitieke grondslag vir verskeie mense die aangewese ding om die land deur die depressie van die vroeë dertigerjare te help. Hiervoor is samesmelting nodig geag en in 1934 is die Suid-Afrikaanse Nasionale Party gevorm wat as die Verenigde Party bekend sou staan (Bunting, 1969; Akademie, 1966:57). Hierdie besluit van Hertzog is as 'n verraad van die Nasionalistiese beleid gesien (Akademie, 1966:57). Malan het die samesmelting as 'n kunsmatige samevoeging van twee botsende ideologieë, naamlik nasionalisme en imperialisme, en 'n verwatering van die NP se beginsels gesien (Liebenberg, 1987b:435). Die party is ook 'n "mengelmoes-party" (deur *Die Burger*) (Anon., 1934hh:6) en 'n "kompromie-party" (deur WA Hofmeyr) genoem (Anon., 1935e:5).

Hertzog wat sedert die Anglo-Boereoorlog die kampvegter vir die Afrikaner se belange was (Liebenberg, 1987a:395) sou vanaf 1934 teen Malan as die nuwe verteenwoordiger van Afrikanerbelange te staan kom (vgl. Van den Berg, 1967:76). Afrikanernasionalisme sou 'n rigting inslaan wat Hertzog se tweestroombeleid as ongewens beskou het. Hierdie groep het gevoel dat Hertzog die Nasionalistiese stryd nog nie ver genoeg gevoer het nie. Die nuwe benadering wat toe onder Afrikanergeledere gegeld het, het die klem op die Afrikaanse taalgroep laat val (Nieuwoudt, 1967:39). Die verskil tussen die twee groepe kan as Suid-Afrikanerisme teenoor Afrikanerisme beskryf word (vgl. McClurg, 1988).

Waar Hertzog en sy aanhangers gemeen het dat die tyd ryp was vir samewerking met die Engelssprekende Suid-Afrikaners, het Malan en sy volgelinge gevoel dat die Afrikaner se stryd teen Engelse oorheersing nog nie volstry was nie. Hulle was nie van voorneme om by die Statuut van Westminster te staan nie, maar wou 'n onafhanklike republiek hê, vry van die talle imperiale simbole wat steeds in gebruik was (byvoorbeeld die vlag en die volkslied). Die Nasionaliste se strewe was om die Afrikaner tot sy reg te laat kom en het 'n lojaliteit teenoor Suid-Afrika en nie die Britse Ryk nie, gesien as 'n vereiste vir samewerking met Engelssprekendes (Liebenberg, 1987b:435-437). Hierdie Nasionaliste sou onder Malan afstig om die Gesuiwerde Nasionale Party te vorm (Akademie, 1966:55-57; Bunting, 1969).

Volgens Cillié (1980:8-9) was die Afrikanerstryd van die dertigerjare 'n stryd om legitimiteit. Die vraagstuk aan die kern van al die strydpunte was: "Watter leiers, watter party praat vir en verteenwoordig die 'ware Afrikanerdom?'" Die twee Afrikanergroepe, die Smelters en die Gesuiwerdes, gelei deur onderskeidelik Hertzog en Malan, was in direkte botsing met mekaar as gevolg van hul verskillende benaderings: Die Smelters was ten gunste van politieke eenwording met nie-Afrikaners, terwyl die Gesuiwerdes op Afrikanerverwesenliking gerig was (vgl. Cronjé, 1963:35).

Laasgenoemde stelling is veral deur die Gesuiwerdes onder die vaandel van republikanisme gepropageer. 'n Ware Afrikaner moes 'n republikein wees en hierdie beginsel is ook in die grondwet van die Gesuiwerde NP ingeskryf (Malan, 1964:168; Floyd, 1975:95; Bunting, 1969). Die argumente vir die republikeinse ideaal het die reg tot neutraliteit in die geval van 'n Britse oorlog ingesluit (Cillié, 1980:8, 9; Liebenberg, 1987a:445).

Vir die Gesuiwerdes was die reg op neutraliteit deel van 'n vryheidstryd. In *Die Burger* se hoofartikel, 7 November 1934: "Dit is duidelik dat, solank as hierdie dinge so bly, daar nog 'n

stryd om volkome vryheid voorlê... Ewemin as wat die taalstryd met die aanname van artikel 137 volstry was, is die vryheidstryd na die aanname van die Statuswet agter die rug." (Geyer & Malan, 1934a:6.) In *Die Burger* van 6 November 1934 se hoofartikel word die vraag "Waaroor gaan die Nasionale stryd?" gevra en beantwoord: "Nasionale onafhanklikheid" Nasionale bewustheid" en "Nasionale vryheid" (Geyer, 1934:6). Dit was deel van 'n reeks artikels oor die aard van nasionalisme wat deur *Die Burger* in die tydperk 1934-1935 gepubliseer is. Die Nasionaliste se vrees vir Suid-Afrika se betrokkenheid by 'n Britse oorlog sou met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 realiseer (sien Hoofstuk 5). Hierdie strewe na onafhanklikheid van Britse oorheersing op alle vlakke sou ook in die uitsaaiwese neerslag vind. Die Afrikaner sou doelbewus strewe na gelykberegtiging vir sy taal ook oor die radio. Sy ekonomiese posisie sou hom egter hierin kortwiek (sien 4.4.2).

### 4.2.2 Die ekonomiese posisie van die Afrikaner

Vir Hertzog was dit nie net die politieke bande met Brittanje wat verbreek moes word nie. Die stryd om staatkundige onafhanklikheid op die grondslag van Suid-Afrika Eerste het volgens Van der Walt (1968:24) ook ekonomiese onafhanklikheid noodsaaklik gemaak. Na die bewindsaanvaarding in 1924 het die regering pogings aangewend om die land se ekonomiese ontwikkeling te versterk en onafhanklik te maak deur eerstens op die armblankevraagstuk te fokus. 'n Departement van Arbeid is geskep om wit werkers teen swart kompetisie te beskerm. 'n Eie seël- en muntstelsel is ingevoer en die landboubedryf, waarvan 'n groot deel van die bevolking nog afhanklik was, is bevorder. Die Suid-Afrikaanse ekonomie was tot op daardie stadium hoofsaaklik agraries van aard, wat geleidelik deur die ontwikkeling van die goudmynbedryf aangevul is (Krüger, 1963:23).

Die Afrikaner het sedert die 1922-Mynstaking al hoe meer na staatsinmenging begin kyk om ook die ekonomiese welvaart van die groep te bevorder (Giliomee, 1981b:112). Hertzog het 'n beleid van beskaafde arbeid toegepas waardeur voorkeur vir werkverskaffing aan wit werkers bo swart werkers gegee is (Kenney, 1990:24). Groot getalle arm Afrikaners is in die twintiger- en dertigerjare deur die openbare sektor, veral die Spoorweë, aangestel (ook deur middel van die toepassing van die tweetaligheidsbeginsel, sien 4.2.3; vgl. Giliomee, 1981b:113).

Volgens Van der Walt (1968:24) was die grootste behoefte egter aan die ontwikkeling van sekondêre nywerhede. In 1925 is 'n doelbewuste beskermingsbeleid vir Suid-Afrika se nywerheidsprodukte ingestel (Krüger, 1963:23). Deur die daarstelling van 'n yster- en

staalbedryf deur die oprigting van Yskor (Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie) in 1928 is die grondslag vir verdere industrialisasie en ekonomiese ontwikkeling gelê (Naudé, 1966:92; Krüger, 1963:24). Dit was die begin van Suid-Afrika se nywerheidsontwikkeling. Veral gedurende die Tweede Wêreldoorlog en in die na-oorlogse jare het Suid-Afrika 'n geweldige groei in nywerhede beleef (Van der Walt, 1968:24; Krüger, 1963:21; sien Hoofstuk 6).

Hertzog se besluit in 1931 om nie Brittanje se voorbeeld te volg en van die goudstandaard af te stap nie het daartoe gelei dat die boere nie 'n mark vir hul produkte kon vind nie en werkloosheid het geweldig toegeneem. Die wêreldwye depressie tesame met die knellende droogte wat in die tyd die Unie getref het, het veral die plattelandse Afrikaner getref (Akademie, 1966:54). Onder Tielman Roos, voormalige Transvaalse voorsitter van die NP, het die kombinasie van ekonomiese en politieke druk só toegeneem dat die land in 1932 van die goudstandaard afgestap het (Pirow, 1965:132; Bunting, 1969; Akademie, 1966:54). Hierdie gebeure het verder die vertroue in Hertzog geknak (Krüger, 1966:70; Liebenberg, 1987b:431). Die Afrikaner se ekonomiese posisie wat ook in 'n groot mate sy verteenwoordiging in die uitsaaiwese bepaal het (sien 4.4.2), sou ook 'n wesenlike deel van sy hegemoniese stryd word (sien Hoofstuk 5).

Volgens Meyer (1984:15-16) was die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskap se strewe om op alle terreine 'n selfstandige nasie buite die Britse Gemenebes te word, 'n behoefte om uitdrukking van nasieskap. Die verwesenliking van die republikeinse ideaal, dit wil sê staatkundige volwaardigheid, en ekonomiese onafhanklikheid was nie die enigste punte waarop die Gesuiwerdes die Verenigde Party se legitimiteit as Afrikanerparty betwis het nie (Cillié, 1980:9). Die Nasionale stryd was ook 'n kultuurstrewe (vgl. Geyer & Malan, 1934b:6). Die Afrikaner wou nie net hom van die Britse Ryk onderskei nie, maar ook teenoor die Engelssprekende op 'n gelyke vlak erken word. In die stryd om heerskappy tussen Britse imperialistiese en ryksbelange aan die een kant en die Afrikaner se Nasionale en republikeinse ideale aan die ander kant, het aangeleenthede soos taal, simbole, kulturele regte, onderwys en republikanisme almal 'n politieke en kulturele inhoud gehad (Afrikanerbond, 1998). Taalhandhawing sou 'n belangrike rol hierin speel. Soos genoem, was die Afrikaner se taalstryd nie met die aanname van Artikel 137 in die Unie-grondwet volstry nie.

### 4.2.3 Die taal- en kultuurstryd van die Afrikaner

Die eerste Nasionale regering onder Hertzog het hom onmiddellik vir die erkenning van Afrikaans as amptelike landstaal beywer (Akademie, 1966:53). Op 18 Februarie 1925 het Malan as Minister van Binnelandse Sake 'n voorstel ingedien dat 'n gekose komitee aangewys moes word om die vraag te oorweeg of Afrikaans in plaas van Nederlands as amptelike taal in die Parlement gebruik sou word. Toe Malan die tweede lesing van die wetsontwerp voorgestel het, het hy gesê:

> Daar is vir die Hollandssprekende in Suid-Afrika eintlik maar net een taal wat in die volste sin van die woord hul eie is en dit is die Afrikaanse taal... Dit beteken 'n voldoening aan die diepste gevoelens en hoogste aspirasies van daardie deel van die Suid-Afrikaanse volk. Dit is die simbool van die volk, van sy bestaan. As hierdie wet op die wetboek geplaas word, dan sal – ek mag dit sê – die Hollandsprekende gedeelte van die Suid-Afrikaanse volk vir die eerste maal voel dat hy ten volle erken word en in sy eie land ten volle vry is en erken word. (Aangehaal in Malan, 1964:91-92.)

Die wet is aangeneem en artikel 137 van die Uniegrondwet is gewysig om beide Afrikaans en Engels as amptelike tale van die Unie te erken (Malan, 1964:91-92; Van der Walt, 1968:23). Die artikel het ook bepaal dat elke staatsamptenaar albei tale moes beheers (Meyer, 1981:12; Nienaber, 1965:105). In 1926 het die Nasionale regering 'n kommissie, die Staatsdienskommissie, benoem wat onpartydig die beleid volgens wet moes uitvoer (Hofmeyr, 1934:3). Hierna is die beginsel van tweetaligheid in die staatsdiens gepropageer (Van der Walt, 1968:23).

Deur op die toepassing van hierdie beginsel in die staatsdiens aan te dring, is meer geleenthede vir Afrikaanssprekendes geskep (Van Rensburg, 1996). So is al hoe meer Afrikaners deur die staatsdiens in diens geneem sodat hulle later die terrein heeltemal sou oorheers (sien Hoofstuk 5). 'n Kultuuraangeleentheid, die kwessie van gelyke taalregte, is dus gebruik om die Afrikaner se ekonomiese posisie te verbeter. Veral die Afrikaner Broederbond (AB) was aktief in hierdie saak betrokke en dit is hierin dat die interaksie tussen staat en burgerlike samelewing in die Afrikaner se hegemoniese strewe gesien kan word. Volgens Pelzer (1979:112) het die AB elke geleentheid aangegryp om op die volkome gelykheid van die twee amptelike landstale, die benoeming van tweetalige amptenare en gelyke bevorderingsgeleenthede vir die twee taalgroepe aan te dring. Die Uitvoerende Raad (UR) van die AB het hom ook beywer vir die aanstelling van "betroubare Afrikaners," nie noodwendig lede van die AB nie, in die openbare liggame in Suid-Afrika (Pelzer, 1979:109). Op die Bondsraad van 1931 is die UR opdrag gegee om openbare

propaganda in die pers teen die verontregting van Afrikaners in die staatsdiens te voer (Pelzer, 1979:113). Veral *Die Burger* het die Verenigde Party se toepassing van die beleid, of gebrek daaraan, skerp gekritiseer.

Die kwessie oor tweetaligheid in die staatsdiens is in 1934 op die spits gedryf na die bedanking van PJ Hofmeyr as Staatsdienskommissaris. Hy het bedank omdat hy nie met die verslapping van die toepassing van die beleid deur die Minister van Binnelandse Sake, JH Hofmeyr, saamgestem het nie. "Die nuwe beleid is naamlik dat op plekke waar die publiek oorwegend Engelssprekend is, eentalige beamptes maar aangestel kan word." (PJ Hofmeyr aangehaal in *Die Burger* – Reuter, 1934b:2.) Dele van die briefwisseling tussen die twee is in *Die Burger* (Anon., 1934e:1; Anon., 1934f:3; Hofmeyr, 1934:3) gepubliseer. In *Die Burger* van 2 Februarie 1934 spreek ene Mev Jansen, 'n Nasionalis, haar sterk teen hierdie optrede van die regering uit: "Hierdie beleid beskou spreker as 'n belediging teenoor die Afrikaanse taal en 'n verbreking van die Unie-grondwet. Die tweetaliges word na ondergeskikte plekke op die platteland gestuur." (Hofmeyr, 1934:3.)

Volgens *Die Burger* (Anon., 1934j:2) is die beleid van tweetaligheid in die staatsdiens die beste toegepas toe Malan die Minister van Binnelandse Sake was. Veral die Departement van Pos- en Telegraafwese, en die aanstellings wat deur dié minister, senator CF Clarkson (wat by Madeley oorgeneem het) gemaak is, is as voorbeelde van die benadeling van die tweetalige Afrikaner uitgewys (Anon., 1934t:5; Reuter, 1934b:2).

Die Nasionale Pers, veral *Die Burger*, het op verskeie fronte die tweetaligheidskwessie beveg. Oor die eentaligheid van kandidate vir poste by die Universiteit van Kaapstad (Anon., 1934m:5), Nuwe-Somerset hospitaal (Anon., 1934n:9), as gesondheidsbeamptes (Anon., 1934p:3), by munisipaliteite (Anon., 1934q:3) en die Spoorweë (Anon., 1934dd:7), asook oor straatname in Kaapstad (Anon., 1934o:1), is beswaar gemaak. Die publiek het ook van dié koerant as forum gebruik gemaak om hul ontevredenheid oor eentaligheid in die staatsdiens waarmee hulle te doen kry, soos in die poskantoor, uit te spreek (Anon., 1934k:4). Ook aan die regswese en die agterstand wat Afrikaans op daardie gebied gehad het, is aandag gegee. Die AB het deur middel van die FAK 'n versoek tot die Minister van Justisie gerig dat geen eentalige regters, magistrate of publieke aanklaers aangestel of bevorder behoort te word nie (Pelzer, 1979:110). In 1934 is ook 'n plan in werking gestel om 'n toelatingseksamen vir die staatsdiens wat die kennis van albei landstale sou toets, in te stel (Anon., 1934h:1; Anon., 1934i; Lombard, 1934:6; Anon.,

1934aa:4). Hierdie tweetaligheidsertifikate is later as nutteloos in die bepaling van die werklike tweetaligheid van amptenare beskou (Anon., 1934aa:4).

Nie net het die Gesuiwerdes na samesmelting 'n verslapping van die toepassing van Artikel 137 gesien nie, daar was ook 'n algemene vrees dat die bande met die Britse Ryk die Afrikaner se kultuureie sou verdring (vgl. Anon., 1934u:7; Anon., 1934s:1). In *Die Burger* van 28 Julie 1934, skryf Ds Du Toit: "Geestelik word die volk ook op die weg van verarming gelei. Ons taal en tradisies, ons ideale moet plek maak vir imperiale neigings. Wetlike bande kan verslap, maar ons Britse konneksie handhaaf... Dit is die weg waarop die Afrikanervolk gelei word. Genl Smuts sing lofliedere op die Empire en kruip voor die Britse Admiraals met betuigings van lojaliteit en genl Hertzog... swyg soos die graf." (Anon., 1934t:5.)

Die kwessie het ontwikkel in een van nasionalisme, in die gedaante van republikanisme, teen imperialisme. Hierdie vrees vir Engelse kulturele oorheersing het weer tot uiting gekom toe die prinsipaal van die Universiteit van Kaapstad, sir J Carruthers Beattie, hom teen nasionalisme en vir imperialisme uitgespreek het. Hierin is 'n bedreiging van die jong Afrikaner, wat aan Engelse universiteite gestudeer het, vir sy taal en kultuur gesien (Anon., 1934gg:14; Anon., 1934ff; Van Oostrum, 1934:4). Die waargenome bedreiging van die Afrikaanse kultuureie by Engelse universiteite was deel van die Nasionale strewe om eie skole en universiteite vir Afrikaanssprekendes daar te stel. Die verafrikaansing van die Universiteit van Pretoria in 1932 was volgens Meyer (1984:20) een van die groot kultuurgebeure van die tyd. Later, in 1943, sou ook 'n mediese fakulteit aan die universiteit gestig word sodat Afrikaanssprekende studente nie langer aan die Engelse Universiteit van die Witwatersrand hoef te studeer nie. Ook in die Engelse oorheersing van die uitsaaiwese het die Afrikaanse pers 'n bedreiging vir die Afrikaner se taal en kultuur, sowel as sy Nasionale strewe gesien (sien 4.4.2).

Volgens Cronjé (1963:33) was die Afrikaanse politieke aksie vanaf die dertigerjare gestel op die gelykberegtiging van die Afrikaner op alle lewensterreine. Daarom het die politieke volksaksie so 'n groot rol gespeel ook in die ontwikkeling van Afrikaans as lands-, kultuur- en wetenskapstaal, in die bevordering van Afrikaanse skole en universiteite, en in die vermindering van die maatskaplike en ekonomiese agterstand van die Afrikaner deur vir Afrikaans- en Engelssprekendes gelyke geleenthede en vooruitsigte te skep en te verseker. Vir die Nasionaliste was die kwessie van tweetaligheid meer as net taalgelykheid. Die doel was die gelykberegtiging van die Afrikaner. Ook die uitsaaiwese sou 'n terrein vir hierdie stryd word (sien 4.4.2).

## 4.3 DIE UITSAAIWESE ONDER PRIVAATBEHEER

### 4.3.1 Die eerste onafhanklike, streeks-, kommersiële stasies

Die begin van die uitsaaiwese word algemeen beskou as 18 Desember 1923 toe die Suid-Afrikaanse Spoorweë die eerste draadlose uitsending in Johannesburg gemaak het. Die Spoorweë se sender is in April 1924 deur die Scientific and Technical Club, wat as die eerste gereelde uitsaai-onderneming beskou kan word, gebruik. Die klub het vir uitsaaidoeleindes onder die naam van AS & T Broadcasting Company gefunksioneer en het uitsendings in die Witwatersrand oorgeneem as Johannesburg Broadcasting (Teer-Tomaselli & De Villiers, 1998:153; SAUK, 1989:1; Louw, 1974:43). Hierdie nuwe ontwikkeling is vanuit die staanspoor as 'n middel gesien om die platteland met die stede te verbind (vgl. Rosenthal, 1975). Dwarsoor Suid-Afrika het die opgewondenheid oor die radio toegeneem – veral aangevuur deur die koerante. Koerante in Johannesburg, Kaapstad en Durban het gereelde draadlooskolomme vir beide amateurs en luisteraars gepubliseer (Rosenthal, 1975:49; Anon., 1974a). Teen die einde van 1924 het die eerste gereelde radio-uitsendings vanuit die Transvaal, op daardie stadium die rykste provinsie in die land, plaasgevind (Van der Walt, 1973:17).

Die hele land kon egter nie deur hierdie swak sender bedien word nie, en uitsendings is beperk tot in en om Johannesburg. Ontwikkeling op radiogebied sou egter gou in die onderskeie provinsies plaasvind deur die plaaslike gemeenskappe te betrek (Van der Walt, 1973:17). Die Cape Peninsula Publicity Broadcasting Association Ltd (CPPBA) gebaseer in Kaapstad het op 15 September 1924 begin uitsaai (Roos, 1950:136; Van der Walt, 1973:17). Op 10 Desember 1924 is die Durbanse Korporasie draadloos soos wat dit toe bekend was, in Durban bekend gestel (SAUK, 1989:1; Van der Walt, 1973:18). Teen die einde van 1924 was daar drie uitsaai-ondernemings in Suid-Afrika wat onafhanklik van mekaar en onder afsonderlike beheer gefunksioneer het (Van der Walt, 1973:19; Anon., 1974b; Hayman & Tomaselli, 1989:25).

### 4.3.2 Schlesinger en die African Broadcasting Company (ABC)

Vanuit die staanspoor het die drie onafhanklike radiostasies finansiële probleme ondervind, hoofsaaklik omdat luisteraars nie hul lisensiegelde betaal het nie (Teer-Tomaselli & De Villiers, 1998:153; vgl. Hayman & Tomaselli, 1989:26; vgl. Van der Walt, 1973:21). IW Schlesinger, 'n suksesvolle entrepreneur op die gebied van van versekering, teater en film, is deur die regering

genader om die uitsaaiwese oor te neem (Rhodes, 1956:20; Hayman & Tomaselli, 1989:26; vgl. Anon., 1974a).

Na aanvanklike teenstand teen 'n winsmakende organisasie wat hierdie diens sou verleen, het die Minister van Pos- en Telegraafwese op 1 Maart 1927 die Schlesinger-organisasie in kennis gestel dat dit bereid is om 'n lisensie aan die ABC toe te staan sodra dit gestig is (Van der Walt, 1973:21; vgl. Rosenthal, 1975:116; Rhodes, 1956:24-25). Die Schlesinger-organisasie het die drie stasies op 1 April 1927 in die African Broadcasting Company geïnkorporeer (SAUK, 1989:1). Die aanvanklike lisensietydperk van vyf jaar is later met nog vyf verleng wat beteken het dat Schlesinger die uitsaaiwese in Suid-Afrika van 1927 tot 1936 beheer het (Roos, 1957:2; Hayman & Tomaselli, 1989:26). Die uitsaaiwese was toe 'n landwye instelling en dit het die geleentheid vir 'n eenvormige beleid geskep (Rosenthal, 1975:120).

Johannesburg, Kaapstad, Durban en Grahamstad was die vier uitsaaisentrums van die nuwe ABC (Rhodes, 1956:32; vgl. Van der Walt, 1973:22). Beter programme en gesentraliseerde beheer het nie, soos verwag, tot 'n beduidende toename in lisensies gelei nie (Van der Walt, 1973:24; Rhodes, 1956). As gevolg van roofluister en ander probleme met die verkoop van radiostelle, het die geldelike posisie van die ABC so versleg dat die maatskappy in April 1929 om likwidasie aansoek gedoen het. Die geldelike vraagstukke wat veral tussen 1927 en 1930 ondervind is, het die African Broadcasting Company op sy knieë gedwing (Van der Walt, 1973:24-25). Schlesinger het die regering om bystand genader met verskeie voorstelle oor hoe die regering die uitsaaiwese sou kon ondersteun (vgl. Rosenthal, 1975:145). Die lisensie van die ABC sou in 1932 verval aan die einde van die eerste vyfjaartermyn. In 1933 en 1934 het die ABC 'n voorspoedige tydperk beleef – die maatskappy was finansieel sterk en sy luisteraars tevrede (Rhodes, 1956:47). Ten spyte van sy vroeëre finansiële probleme het Schlesinger vir nog vyf jaar gevra (Rosenthal, 1975:152; Louw, 1974:49).

Die staat wou egter nie die diens subsidieer nie omdat die regering toe reeds na die British Broadcasting Corporation-model as 'n moontlik oplossing vir Suid-Afrika se uitsaaiprobleme begin kyk het (Van der Walt, 1973:24; vgl. Rhodes, 1956). Die staat het tot die gevolgtrekking gekom dat die uitsaaidiens, vanweë sy potensiaal, deur die staat beheer moes word. Toe die Schlesinger-organisasie destyds aansoek gedoen het om die hernuwing van sy lisensie het die Minister van Pos- en Telegraafwese, Madeley, verklaar dat "ten years was his limit, as the state would take over broadcasting eventually, because of its potentiality" (Van der Walt, 1973:26; Rosenthal, 1975:152). In 1931 het sy opvolger, HW Sampson, hierdie mening gesteun: "My

persoonlike mening is dat die uitsaaiwese nou so 'n openbare instelling geword het dat dit nie meer in die hande van 'n handelsonderneming gelaat kan word nie. Die enigste bevredigende reëling sal iets wees wat op die lees van die British Broadcasting Corporation geskoei is." (Rhodes, 1956:46; Rosenthal, 1975:152.)

Toe die Schlesinger-konsessie tot 'n einde begin kom, het Hertzog vir Sir John Reith (later Lord Reith), Direkteur-Generaal van die BBC, uitgenooi om 'n studie te maak van die uitsaaiwese in Suid-Afrika, en aanbevelings te doen vir die toekomstige bestuur daarvan (Roos, 1957:2; Hayman & Tomaselli, 1989:31). Die BBC het op daardie stadium alreeds 'n taamlike sterk gevestigde reputasie gehad as 'n organisasie wat kundig beheer en bestuur word. Volgens Fuchs (1988) het Suid-Afrika na Brittanje gekyk vir leiding in baie opsigte, derhalwe is Reith genader om 'n konsepvoorstel vir die uitsaaiwese te ontwikkel. Reith is beskou as 'n outoriteit op veral die administrasie van die uitsaaiwese (Van der Walt, 1973:24; Anon., 1974b).

Dit is aanvaar dat die regering onmiddellik die aanbevelings van dié radiodeskundige sou implementeer (Anon., 1934ee:9). Schlesinger het hom ook op 4 September 1934 bereidwillig tot samewerking met die regering verklaar: "As die regering hom ten gunste van staatskontrole oor die uitsaaidiens in Suid-Afrika verklaar, sal ons stellig alles in ons vermoë doen om hom te help en met hom saam te werk." (Anon., 1934x:4; vgl. Anon., 1934y:15.)

Reith het op 24 September 1934 in die land aangekom, en sy verslag is op 21 Maart die volgende jaar gepubliseer (Van der Walt, 1973:2; Rosenthal, 1975:155). Ingesluit in die verslag was 'n wysigingswetsontwerp om parlementêre goedkeuring te verkry vir die stigting van die nuwe uitsaai-owerheid (Rosenthal, 1975:158). In 1935 het die Minister van Pos- en Telegraafwese, senator CF Clarkson, sy dank teenoor die ABC uitgespreek, maar hy het ook verklaar dat die regering sy verantwoordelikheid in die uitsaaiwese besef. "Met verwysing na sir John Reith se verslag het die Minister gesê dat die Regering tot die gevolgtrekking gekom het dat Suid-Afrika die voorbeeld van byna alle ander lande moet volg en die uitsaaidiens in die besit moet plaas van die publiek, in wie se belang die diens bestaan, sodat dit nie meer in die hande van 'n private onderneming sal wees nie." (Anon., 1935d:3.) 'n Jaar sou verloop voordat Clarkson die maatreël op 9 Maart 1936 by die Volksraad sou indien (Rosenthal, 1975:158).

### 4.3.3 Die taal- en magstryd oor die radio

#### *4.3.3.1 Aanvanklike uitsaaiwese weerspieël hegemoniese orde*

In die beginjare (1924-1936), toe die radio in privaatbesit was, het die uitsaaiwese bykans geen bydrae tot die kultuurontwikkeling van die Suid-Afrikaner en veral nie van die Afrikaner gelewer nie (Jooste, 1961:98; McClurg, 1988). Die bestuur van die uitsaaiwese het op sakebeginsels geskied en is deur 'n winsmotief oorheers (McClurg, 1988). Dit het beteken dat die uitsaaidiens tot die groot stede beperk is waar die bevolkingskonsentrasie dit lonend gemaak het (Roos, 1957:7).

Volgens Fuchs (1988) was die uitsaaimedium in die eerste tien jaar van sy bestaan 'n medium om 'n bietjie in te lig met nuusdienste, om te amuseer, om te vermaak, maar daar was geen beleidsuitgangspunt dat die uitsaaiwese werklik 'n beïnvloedingskrag in die gemeenskap moes wees nie. Die programme het uit hoofsaaklik platemusiek, dramas, praatjies en nuus bestaan. Die uitsaaiwese en die hoof uitvoerende amptenare in daardie stadium was hoofsaaklik Engelssprekend, en dan eentalig Engelssprekend, en dit het dan ook die ingesteldheid van die uitsaaiwese bepaal.

Volgens Teer-Tomaselli en De Villiers (1998:153; vgl. Hayman & Tomaselli, 1989:29) het die ongelyke verdeling in uitsaai-ure in Afrikaans en Engels op daardie stadium die magsbalans in die hegemoniese alliansie van Engels en Afrikaans, sowel as die ongelyke verspreiding van die twee groepe in die stedelike en plattelandse gebiede, weerspieël. Engels het die uitsaaiwese gedomineer net soos die Engelse groep die besighede, regering en die vermaaklikheidsbedryf oorheers het.

Die Afrikaanssprekende bevolking was in die platteland gekonsentreer (Roos, 1957:7; Teer-Tomaselli & De Villiers, 1998:153) waar die opvangs van die mediumgolfsein swak was, ook as gevolg van atmosferiese steurings (Luggolf, 1934:8; vgl. Anon., 1935a:1). Afrikaners in die stede was meestal die armste van die wit bevolking en die meerderheid kon nie die radio-ontvangstoestelle bekostig nie (Hayman & Tomaselli, 1989:28-29).

Alhoewel die drie verskillende stasies sentraal geadministreer is, het die lae kwaliteit van Suid-Afrika se landlyne dit onmoontlik gemaak om 'n nasionale verspreidingsnetwerk te skep. Hierdie stasies het dus die karakter van die stedelike Engelse weerspieël en het ook die dominante

posisie van die Engelse in die hegemoniese alliansie ondersteun (Hayman & Tomaselli, 1989:30).

Die Nasionaliste het egter die radio as die medium gesien wat die plattelandse Afrikaner met die stede sou verbind. In *Die Burger* word dit gestel: "... die radio die veelsydige taak vervul om kuns, kennis en vermaak regstreeks te verskaf. Daarom is die ontwikkeling van die radio vir die plattelander van soveel belang..." (Anon., 1934c.) Volgens Fuchs (1974) was "radio die eerste medium wat die grens van eensaamheid en afgeslotenheid deurbreek het... wat die wêreld in afgeleë boerewonings [ingedra het]".

Die meerderheid van lisensiehouers was dus Engelssprekend as gevolg van beide die Afrikaner se ekonomiese en geografiese posisie. Die verstedeliking van die Afrikaner in die vroeë dertigerjare sou egter lei tot druk vir meer Afrikaans in die uitsaaiwese (McClurg, 1988).

Dit was aanvanklik vir die Afrikaner moeilik om hierdie agterstand in te haal. Toe die Akademie vir Taal, Lettere en Kuns in 1933 by die ABC om meer Afrikaans oor die radio aangedring het, is daar gesê dat as daar meer Afrikaanse luisteraars was, daar meer Afrikaans gegee sou word. Slegs een vyfde van die luisteraars was Afrikaners (Akademie, 1934a). In 'n Akademievergadering wys dr DB Bosman, lid van die Akademie se Taalkommissie, daarop dat as daar meer Afrikaans oor die radio was, daar "dalk meer Afrikaanse luisteraars sou wees" (Akademie, 1933b).

*4.3.3.2 Programbeleid en -inhoud*

Alhoewel die ABC streng apolities was, soos bepaal in sy kontrak met die regering (Anon., 1934b:1), was die onderneming Anglo-Saksies georiënteerd in beide eienaarskap en programmering (Fuchs, 1988; McClurg, 1988).

Die Gesuiwerdes het gevoel dat die radio onder die ABC 'n instrument van beide die Smeltersregering en imperiale belange was. In 1934 het René Caprara, bestuurder van die ABC, Smuts (op daardie stadium Minister van Justisie) genooi om 'n nuwejaarsboodskap oor die radio uit te saai. In 'n hoofartikel getiteld "Politieke propaganda oor die radio" het die Nasionaalgesinde *Die Burger* bevraagteken hoekom Smuts, die leier van die samesmeltingsbeweging en nie die Eerste Minister (naamlik Hertzog) nie, gevra is om 'n nuwejaarsboodskap te lewer. "...'n

Mens moet glo dat hier ten gunste van die samesmeltingsbeweging ernstige misbruik gemaak is van die uitsaailisensie." (Anon., 1934a:2.)

Alhoewel Afrikaans sedert 1925 een van die twee amptelike landstale was, was die programme van die ABC hoofsaaklik Engels en Brits georiënteerd (Fuchs, 1988). Die programmering het die belange van die stedelike Engelse elite, wat beide die uitsaaiwese beheer het en die grootste deel van die gehoor gevorm het, gedien. Nuus is deur Reuter verskaf en het dus die agenda van die Engelse pers wat dit beheer het, gereflekteer. Gebeure in Brittanje is deur middel van lewendige uitsendings uitgesaai (Teer-Tomaselli & De Villiers, 1998:153; Hayman & Tomaselli, 1989:28-29).

Die Nasionaliste was nie ingenome hiermee nie en het op meer Suid-Afrikaanse nuus aangedring (vgl. Anon., 1934v:1; Anon., 1934w:2). Tydens die Ryksperskonferensie in 1935 is die verteenwoordiger van Reuter by die konferensie deur *Die Burger* gevra of hy die stelling ondersteun dat "[d]ie Reuter-nuusagentskap in die gewone uitvoering van sy werksaamhede waarskynlik meer gedoen [het] as enige ander enkele instelling in die buiteland om 'n Britse atmosfeer te skep en om Britse begrippe te propageer" soos in 'n onlangse boek deur 'n Reuter-korrespondent verklaar is (Anon., 1935c:1). Die verteenwoordiger se antwoord was dat Reuter 'n internasionale organisasie is wat nie "doelbewus 'n Britse of enige ander atmosfeer probeer skep nie". By die Ryksperskonferensie het die Afrikaanse pers ook beswaar gemaak teen die gebrek aan wêreldnuus en die oorvloed aan Ryksnuus, want volgens die beswaarmaker "[laat] die imperialistiese ideale hier aan die voorstel [vir meer Ryksnuus] gekoppel... spreker koud" (Anon., 1935b:1). Vir sommige van die Afrikaanse luisteraars het dit om die verdringing van hul kultuur deur die Engelse programme gegaan. Een skrywer het gekla dat die gees en ingesteldheid van die ABC Engels is en dat die Afrikaanssprekende dus die gevaar loop dat verengelsing deur middel van die radio plaasvind (Anon., 1934bb:4).

Met die tweede lesing van die Uitsaai-wetsontwerp vir die nuwe ter stigte Korporasie (Volksraad, 1936a) het Paul Sauer namens die Nasionale Party opposisie uitgewys dat die ABC nooit 'n poging aangewend het om die uitsaaiwese 'n Suid-Afrikaanse onderneming te maak nie, dat daar subtiele imperialistiese propaganda en 'n slaafse navolging van die BBC in die organisasie se beriggewing was en dat ook die nuusdienste nie op 'n Suid-Afrikaanse grondslag geskoei was nie. Volgens die Nasionaliste het die ABC eers na 'n baie lang stryd die Afrikaanse taal gedeeltelik tot sy reg laat kom (Volksraad, 1936a; vgl. Meyer, 1981:9; Rosenthal, 1975:160; sien 4.4.3).

Volgens McClurg (1988) het die meeste Engelssprekendes nie gedink dat meer uitsaaityd vir Afrikaners nodig is nie, as gevolg van die geweldige gebrek aan uitsaaigereed materiaal in Afrikaans (Rosenthal, 1975:138). Die Afrikaner was nie net materieel arm nie, maar ook op taal- en kultuurgebied (Jacobs, 1988:62; vgl. Hayman & Tomaselli, 1989:30). Die Afrikaanssprekendes het nie 'n bestaande bron van boeke, plate, koerante en gedrukte musiek gehad om te gebruik as bronne vir programme nie (Fuchs, 1988). Volgens Jooste (1961:98) sou die radio die Afrikaner die geleentheid gee om sy taal en kultuur aan 'n wyer publiek bekend te maak en ook as aansporing dien om meer uitsaaigeskikte materiaal te produseer.

Volgens McClurg (1988) was daar aanvanklik nie genoeg druk van die Afrikaanse groep op die ABC geplaas om van hul oorweldigende fokus op Engels af te sien nie. Hierdie situasie sou in die dertigerjare stelselmatig verander namate die Afrikaanse kultuurverenigings die waarde van die radio in hul etniese mobilisering gesien het (vgl. Teer-Tomaselli & De Villiers, 1998:153). Dit sou geargumenteer kon word dat die verhewe politieke agitasie deur die Gesuiwerdes teen die Smelters hiertoe bygedra het.

Die eerste Afrikaans oor die radio was die boodskap van die Administrateur van die Vrystaat, EF Grobler, met die openingsaand van die Johannesburgse stasie. Alle ander uitsendings op hierdie stadium was in Engels, afgesien van tweetalige markberigte vir boere. Volgens Rosenthal (1975:133) was Schlesinger simpatiek teenoor die Afrikaner en het die gebruik van Afrikaans oor die radio aansienlik uitgebrei met die oorname van die uitsaaiwese deur die ABC. Met die inwyding van die nuwe uitsaaistasie in Kaapstad op 16 Januarie 1934, het HL Adler, hoofbestuurder van die ABC, die Afrikaanssprekende luisteraars die versekering gegee dat die ABC hul belange op die hart dra. "Die uitsaaidiens, meen ons, sal die medium wees waardeur Afrikaans tot rypheid sal kom. Ons beskou dit derhalwe as ons plig om die Afrikaanse kultuur te bevorder waar dit enigsins moontlik is." (Anon., 1934d:1.)

In Kaapstad het die FAK 'n Afrikaanse Skakelkomitee gestig om die ABC te beïnvloed om meer uitsaaityd vir Afrikaans beskikbaar te maak. Volgens Fuchs (1988) het dié komitee en die Oranje-klub en ook spesifieke kulturele opiniemakers, belangstelling in die lot van Afrikaans gewek (vgl. McClurg, 1988). Hierdie Skakelkomitee het nou met die Akademie se Film-Radio Komitee onder voorsitterskap van prof CM van den Heever saamgewerk. Die kommissie is in sy werk deur verskillende kleiner radio-kommissies in Johannesburg, Kaapstad en Pietermaritzburg gesteun wat adviserend in verband met hul plaaslike Afrikaanse program opgetree het (Akademie, 1935b). In Johannesburg was daar ook nog 'n plaaslike komitee waarin

verteenwoordigers van die verskillende Afrikaanse verenigings in die stad, sowel as die Akademie, gedien het. As gevolg van druk deur hierdie komitee, tesame met 'n AB-veldtog, is daar in die tydperk 1931-1932 meer tyd vir Afrikaans verkry wat bestee is aan onder andere praatjies oor onderwerpe soos die Afrikaanse taal en letterkunde (Akademie, 1932; Hayman & Tomaselli, 1989:29; vgl. Van der Walt, 1973:23; vgl. Rosenthal, 1975:151).

Die ABC het hom ook in 1933 bereid verklaar tot meer tyd vir Afrikaans oor die Johannesburgse stasie, mits die Akademie die materiaal sou verskaf (Akademie, 1933a). In 'n poging om meer materiaal in Afrikaans te bekom, het die Akademie, en van die ander kultuurverenigings, in samewerking met die Afrikaanse koerante verskeie kompetisies geloods (Akademie, 1933a; Akademie 1934a; Akademie 1934b; Anon., 1934cc:5). Die Afrikaanse publiek was egter aanvanklik baie apaties en die Akademie het min indien enige inskrywings ontvang. 'n Tweede doelwit van hierdie kompetisies was dus ook om die algemene belangstelling van die Afrikaanse publiek te prikkel (Rosenthal, 1975:137).

In die notule van 'n Akademie-vergadering in 1935 spreek die Akademie sy kommer oor die min belangstelling uit: "Ons het onlangs met sorg verneem dat, alhoewel ongeveer 20 persent luisteraars Afrikaanssprekend is, net 4 persent gevra het dat hulle kinders se name, in verband met die Kinder-afdeling, in Afrikaans afgekondig moet word. Dit wys ons hoe sorgwekkend die toestand nog is, en hoeveel propaganda daar nog onder Afrikaanssprekendes moet gemaak word om hulle tot die besef te bring van die kultuurwaarde van hul taal." (Akademie, 1935a.) *Die Volksblad* het per geleentheid sekere kwessies oor die Film-Radio Komitee se werksaamhede gedek soos blyk uit 'n notule van die Akademie (1934b). In die Afrikaanse pers is ook onder andere artikels oor die tegniek van die radio-drama uitgesaai (Akademie, 1935b).

In 'n poging om meer uitsaaityd vir Afrikaans, ook oor die Kaapstadse stasie, te bekom en die gehalte van die bestaande Afrikaanse uitsendings te verbeter, het die Akademie druk begin uitoefen om aankondigings in albei amptelike tale te laat geskied (Akademie, 1932; Akademie, 1933a). Volgens Rosenthal (1975:135) kon die maatskappy nie hieraan voldoen nie, want dit sou te min tyd vir ander programme oorlaat.

Die Akademie (1935b) was nie vir dié rede te vinde nie:

> Ons kan net opmerk dat dit 'n saak is wat moet opgelos word, want dit raak die hele tweetaligheidsbeginsel in ons land. Gewoonlik word 'n musieknommer in Engels aangekondig en aan die slot daarvan weer kortliks in Engels gesê wat pas gespeel is en

wie die uitvoerders was. Waarom kan die twee tale mekaar nie hier afwissel nie? En waarom kan daar nie om die beurt in Engels en in Afrikaans aangekondig word nie? Al is die Afrikaanse luisteraars op die oomblik in die minderheid, sal so 'n gebaar van welwillendheid hulle vriendelik stem teenoor die maatskappy en hulle aanmoedig om toestelle te koop, terwyl dit 'n waardevolle bevordering van tweetaligheid sal wees. Die besware van enkelinge... moet eenvoudig wegval voor die groter tweetaligheidsbeginsel, wat die sleutel is tot goeie gesindheid tussen die twee blanke rasse in Suid-Afrika.

Die druk om meer uitsaaityd vir Afrikaans het nog meer toegeneem en die FAK het 'n omsendbrief aan alle kultuur- en soortgelyke organisasies in die Unie gestuur om by die radiostasies aan te dring op meer Afrikaans (Akademie, 1933a). Om hierdie doeleinde is die stigting van luisteraarsverenigings aangemoedig. In *Die Burger* van 3 September 1934 word dit berig dat luisteraars in persgesprekke bepleit dat 'n luisteraarsvereniging gestig moes word om seker te maak dat reg aan Afrikaans oor die radio geskied (Anon., 1934w:2; Reuter, 1934c:2). Veral in Kaapstad is hiervoor gepropageer en ook die Engelse koerante het hieraan dekking begin gee. "The complaint is made that Afrikaans listeners are being neglected" is in *The Argus* berig (Reuter, 1934a:13; vgl. Hopeful, 1934:14). Hierdie luisteraarsverenigings moes ook die kwessie van die gehalte van die Afrikaanse programme oor die radio aanspreek. Hieroor het luisteraars gereeld in die pers gekla, veral nadat *Die Burger*, op versoek van 'n leser, sy korrespondensiekolomme daarvoor beskikbaar gestel het (Anon., 1934z:2; Gericke, 1934:9).

Aan die einde van 1933 is voltydse Afrikaanse aankondigers by beide die Kaapstadse en Johannesburgse stasies aangestel. Gevolglik het die gehalte van Afrikaans wat uitgesaai is verbeter. Die Film-Radio Komitee het ook gereeld op gebrekkige vertalings van aankondigers gewys (Akademie, 1934a). In samewerking met die ABC het die Film-Radio Komitee ook gepoog om 'n suiwer Afrikaanse standaard-uitspraak te kry (Akademie, 1935b).

Die vermeerdering van Afrikaanse uitsaaityd en die maak van afkondigings in beide Engels en Afrikaans het egter nie al die lede van die wit bevolking in Suid-Afrika gelukkig gestem nie. Met net een sender beskikbaar, het hierdie ontwikkeling minder tyd vir Engelse programme beteken. Daar was baie onmin en klagtes rondom, asook voorstelle vir die oplossing van hierdie kwessie in beide die Engelse en Afrikaanse koerante (Rosenthal, 1975:134). In 1935 het die ABC 'n tydelike oplossing probeer bewerkstellig deur in plaas van dieselfde praatjie twee keer na mekaar in die verskillende tale uit te saai, die onderwerpe af te wissel soos toe reeds die gebruik op Saterdae was (Anon., 1934l:2). Die debat sou 'n hoogtepunt na die stigting van die SAUK bereik

(Rosenthal, 1975:134; sien Hoofstuk 5). Hierdie ontwikkeling in die uitsaaiwese sou die fondament lê vir die rol wat die Afrikaanse taal in die SAUK sou speel (Rosenthal, 1975:151).

Volgens Hayman en Tomaselli (1989:30) het die Afrikaner 'n staatsondersteunde vorm van uitsaaiwese nodig gehad om hulle teen die kommersiële uitsaaiwese te beskerm en seker te maak dat hulle 'n gelyke verspreidingsisteem het. Vir die Engelssprekendes daarenteen, was die uitsaaiwese bloot 'n gerieflike kanaal vir die uitsaai van hul bestaande kultuur (vgl. Fuchs, 1988). In 1934 het die AB besluit om deur die FAK 'n versoek tot die regering te rig dat die staat die uitsaaiwese oorneem en administreer (Pelzer, 1979:103). Volgens Hayman en Tomaselli (1989:30) was die toename in Afrikaanse programme oor die ABC en die herorganisasie van die uitsaaiwese onder staatsbeheer met die stigting van die SAUK die gevolg van die toename van die Afrikaner se mag in die hegemoniese alliansie. Volgens Fuchs (1988) was die gelykberegtiging van Afrikaans 'n faktor in Hertzog se besluit om die uitsaaiwese te verander. Die uitsaaiwese sou die Afrikaners ook die geleentheid gee om hul taal as saambindende simbool in hul hegemoniese stryd aan te wend (Jacobs, 1988:62).

Ook die Afrikaanse kultuurverenigings was onder die indruk van die moontlikhede van die radio. Op 'n Akademie-vergadering het prof CM van den Heever, saamroeper van die Film-Radio Komitee die volgende gesê: "Die radio sal in die toekoms 'n uiters belangrike rol in ons volkslewe speel en dit is derhalwe die plig van alle lede van die Akademie om mee te help sodat ons volk onder die indruk gebring kan word van die waarde van die aankoop van radio-toestelle. Deur gesamentlike optrede, kan die Afrikaanssprekendes dan hul krag laat voel wanneer die Korporasie in die lewe geroep word." (Akademie, 1935b.) Die Akademie sou ook 'n daadwerklike poging aanwend om van sy lede in die eerste raad van die nuwe Korporasie benoem te kry ten einde 'n volledige tweetalige diens te verkry (Akademie, 1936a; Akademie 1936b). Van den Heever self sou lid van die eerste raad van die Korporasie wees (sien 4.4.4).

#### *4.3.3.3 Tweetaligheid teenoor taalgelykheid in SAUK-Raad*

Die kwessie van tweetaligheid wat reeds tot 'n hewige debat in die staatsdiens gelei het (sien 4.2.3), het ook in die uitsaaiwese opgeduik. Reeds met die aankondiging van die wetsontwerp vir die nuwe uitsaaidiens, het die Minister van Pos- en Telegraafwese, senator CF Clarkson, erken dat die nuwe organisasie noodwendig moeilikheid met tweetaligheid en ander sake gaan hê (Volksraad, 1935).

Artikel 14 van dié wetsontwerp het bepaal dat die Korporasie sy programme sal opstel en uitvoer met behoorlike inagneming van beide die Engelse en Afrikaanse kulture (SAUK, 1936/1937:12). Met die tweede lesing van die Uitsaai-wetsontwerp in die Volksraad (1936a) het Paul Sauer namens die Nasionale Party-opposisie die bepalinge van Artikel 14 goedgekeur. Om hierdie beginsel na te kom, het hy gevoel dat die raadslede wat hierdie beleid moet toepas, volkome tweetalig moet wees. "Ek sê dat dit onmoontlik sal wees vir die Korporasie om sy werk uit te voer tensy hy mense op die bestuur het wat so volkome tweetalig is dat hulle 'n besef het en verstand het van beide die Engelse kultuur en die Afrikaanse kultuur en die Afrikaanse kultuur in Suid-Afrika." (Volksraad, 1936a; Rosenthal, 1975:161.) Hierdie standpunt wat Sauer as amendement in die komiteestadium van die wetsontwerp voorgestel het, het volgens Meyer (1981:9) Hertzog regstreeks by die bespreking van die Uitsaaiwet van 1936 betrek en illustreer ook die rigting wat Afrikanernasionalisme as organiese ideologie van die Afrikaner nou sou inslaan.

Die wetsontwerp is op 18 Mei 1936 in komitee in die Volksraad begin behandel. Sauer se amendement was aan Artikel 3 waarin die kwalifikasies van die SAUK-raadslede bepaal word. Sauer se voorstel was dat "dit beskou sal word as 'n diskwalifikasie om gekies te word as bestuurder van die Draadlooskorporasie as daardie persoon nie bevoeg is in albei landstale nie" (Volksraad, 1936b). Hertzog was nie teenwoordig toe hierdie debat gevoer is nie. 'n Hele aantal van die Afrikaanse lede wat voorheen die NP in die Volksraad verteenwoordig het en nou as VP-lede die Hertzog regering ondersteun het, het hulle in die loop van die debat ten gunste van die amendement uitgespreek (Meyer, 1981:11).

Die Nasionaliste is daarvan beskuldig dat die Sauer-amendement bedoel is om politieke tweedrag te saai om voordeel, veral op die platteland, daaruit te trek (Meyer, 1981:11). Creswell het geargumenteer dat goedgesinde Engelssprekende kultuurmense wat nie volkome tweetalig is nie, dan ook as lede van die raad uitgesluit sou word. Hy en ander VP-lede het 'n raad gebaseer op 'n 50-50-basis waar beide die Afrikaanssprekende en Engelssprekende standpunt verteenwoordig word, voorgestel (Volksraad, 1936b; Rosenthal, 1975:163). Kol Stallard het verklaar dat hierdie amendement slegs die volgende stap is in die gedwonge tweetaligheid in die land se aktiwiteite (Antrobus, 1936). Van den Berg het dit ook gestel dat die belange van die Afrikaanssprekendes nie bevorder word as jy die Engelssprekende deel dwing om sy taal aan te leer nie (Volksraad, 1936b). Die waarheid van hierdie stelling sou blyk uit die polemiek wat in 1937 rondom die kwessie van Afrikaans en Engels op een sender ontstaan het (sien Hoofstuk 5) en reeds ten tye van die ABC as probleem kop uitgesteek het (sien 4.4.3).

Die debat is die volgende dag vervat met Hertzog teenwoordig. In sy verduideliking hoekom die regering nie hierdie amendement sou aanneem nie, het hy die voorstel as "onbillik en dat dit bereken is om niks anders as kwaad te veroorsaak nie en slegs met 'n bedoeling ingedien is wat nie gerig is op goeie en vriendelike samewerking waarop ons die oog het nie" beskryf (Meyer, 1981:12; vgl. Antrobus, 1936).

Hertzog het ook onderskei tussen die beginsel van tweetaligheid wat, sover dit regeringsake betref, van toepassing is op die staatsdiens waar amptenare met die publiek te doen kry, tweetalig moet wees, en die verpligting van die staat om in al sy handelinge taalgelykheid ten opsigte van die Afrikaanse en Engelse gemeenskappe konsekwent volgens Artikel 137 van die grondwet deur te voer. Hy het ook verwys na Artikel 3 van die VP se program van beginsels wat taalgelykheid tussen Afrikaans en Engels waarborg (Volksraad, 1936c; Meyer, 1981:12).

Volgens Hertzog was die uitsaaidiens nie 'n regeringsliggaam nie, maar 'n liggaam wat 'n waarnemer deur die regering van private belange, gemagtig deur die luisteraars self deur die betaling van lisensiegelde, was. Volgens hom was die meerderheid van die mense wat daarvoor betaal eentalige stedelinge en dit sou onbillik wees om daardie mense nie verteenwoordiging in die raad te gee nie (Volksraad, 1936c; Meyer, 1981:13). Hy het verklaar dat die regering sy plig sal doen om toe te sien dat Afrikaans en Engels tot sy reg sal kom, ook in die aanwys van lede vir die eerste raad van die nuwe Korporasie (Meyer, 1981:13).

NP sprekers het daarop gewys dat daar 'n groot verskil is tussen regeringsliggame soos byvoorbeeld Evkom, waar dit om administratiewe organisasies gaan en die Uitsaaikorporasie waar dit om Afrikaanse en Engelse taal- en kultuurbelange handel (Meyer, 1981:13). Malan het hieroor tot die debat toegetree en aan Hertzog gesê: "Daar is sekere poste waar tweetaligheid minder nodig is, maar waar ons hier te doen het met poste in verband met albei tale en kulture, daar moet tweetaligheid 'n vereiste wees." (Volksraad, 1936c.)

Ook die Afrikaanse kultuurverenigings het tot hierdie debat toegetree. 'n Afvaardiging van die FAK het by die Minister van Pos- en Telegraafwese, Clarkson, daarop aangedring dat die voorsitter van die nuwe raad volkome tweetalig en op hoogte van plattelandse toestande en behoeftes moet wees. Die afvaardiging het ook vereis dat ten minste die helfte van die raad Afrikaanssprekend moes wees (Anon., 1936a:9).

In hierdie kwessie is ook die Nasionaliste se ongelukkigheid met die voormalige Nasionale leier gesien. Volgens Haywood "...[is] die volk [dit] reeds gewoond om, wanneer die Eerste Minister 'n toespraak hou, 'n pynlike ontnugtering te kry...". Hy wys verder uit dat die kwessie van taalgelykheid teenoor tweetaligheid ook die strydpunt tussen die ou Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party was. "Die SAP het gesê dat hulle vir taalgelykheid staan, maar ons vir tweetaligheid." (Volksraad, 1936c.)

Volgens Meyer (1981:14) was Hertzog se standpunt oor hierdie debat in lyn met sy beskouing dat die Afrikaner en nie die regering nie, verantwoordelik is vir handhawing en uitbouing van sy taal en kultuur. Die Nasionaliste sou egter toenemend die staat sien as 'n middel om hul belange te bevorder, ook in die uitsaaiwese (sien Hoofstuk 5), en sou deur middel van hul burgerlike instellings druk daarvoor uitoefen. Hertzog het die Nasionaliste se standpunt gesien as 'n poging om by die plattelandse Afrikaanssprekende VP-ondersteuners die regering onder verdenking te bring. Volgens Meyer (1981:14) het hierdie vermoede waarskynlik ontstaan as gevolg van die steun wat van sy eie plattelandse Volksraadslede wat voorheen tot die NP behoort het, aan die Sauer-voorstel verleen het.

Sauer se amendement is met 90 stemme (insluitende Hertzog) teen 16 (insluitende Malan) afgekeur (Volksraad, 1936c). Die Uitsaaiwet, wet nr 22 van 1936 is op 16 Junie goedgekeur en op 1 Augustus in werking gestel (Meyer, 1981:15). Hiervolgens het die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie tot stand gekom (Roos, 1957:2; Rosenthal, 1975:154-155; Antrobus, 1936).

Volgens Fuchs (1988) het Hertzog met die aanstelling van die Raad gepoog om die Afrikaner 'n redelike sterk verteenwoordiging daar te gee deur kultuurmense aan te stel. Die Raad het uit beide Smelters en Gesuiwerdes bestaan (Roos, 1988a). Die eerste Raad van die SAUK het bestaan uit: Prof MC Botha (voorsitter), HR Solomon (ondervoorsitter), sir prof J Carruthers Beattie, prof CM van den Heever, kol GM Molynieux, LR Deane, AJ de Kock en mev HJE Edeling. Van hulle was Botha, die voorsitter, en Van den Heever lede van die Afrikaner Broederbond (Meyer, 1981:17). (Soos blyk uit die voorafgaande bespreking, was Van den Heever ook saamroeper van die Akademie se Film-Radio Komitee.) Die AB het Botha as 'n middel gesien om toegang tot die Raad te verkry om in die belange van Afrikaans oor die radio 'n goeie invloed uit te oefen (Pelzer, 1979:103). Botha was op daardie stadium ook Sekretaris van Onderwys en in 'n brief van Reith (1938) het laasgenoemde sy kommer uitgespreek dat daar in daardie dubbele aanstelling 'n mate van regeringskontrole gesien kon word.

## 4.4 SAMEVATTING

Die begin van hierdie hoofstuk het die bewindsoorname van die eerste Nasionale Party-regering onder Hertzog gesien. Die Afrikaner was nou deel van 'n regerende hegemoniese alliansie en het verskeie stappe geneem om uitvoering te gee aan Afrikanernasionalisme soos deur Hertzog as vernaamste organiese intellektueel geformuleer. Dié regering het onmiddellik pogings aangewend om Suid-Afrika op politieke en ekonomiese vlak onafhanklik van Brittanje te maak en 'n Suid-Afrikaanse identiteit met die gelyke erkenning van die Afrikaanse en Engelse kulture, te skep. Ten spyte van sy verkryging van 'n mate van politieke mag, was die Afrikaner egter steeds ekonomies aan die Engelse ondergeskik. Deur sy taal te gebruik, met byvoorbeeld die afdwing van die tweetaligheidsbeleid in die staatsdiens, is daar gepoog om werkgeleenthede vir die Afrikaner te bewerkstellig om hom ook ekonomies op gelyke voet met die Engelse te plaas.

Aanvanklik het ook die uitsaaiwese, as kommersiële sisteem in die stede gekonsentreerd, nie die Afrikaner se kultuur en belange gereflekteer nie, maar dié van die stedelike elite wat hoofsaaklik Engels was. Net soos die Gesuiwerdes gevoel het dat die bande met die Britse Ryk in die VP-regering die Afrikaner bedreig het, is daar gevoel dat hul taal en kultuur onder die Engels-gedomineerde uitsaaiwese nie gelyke regte geniet nie. Die radio het gewys dat die Afrikaner ook op kultuurgebied 'n agterstand teen die Engelse wêreldkultuur gehad het. Die Afrikaanse kultuurorganisasies het onmiddellik pogings aangewend om beide hierdie situasies reg te stel. Daar is geagiteer vir meer radiotyd vir Afrikaans, en meer uitsaaigeskikte materiaal in Afrikaans is geproduseer. Deur middel van die taalkwessie is die eerste pogings dus aangewend om die Engelse dominasie in die hegemoniese alliansie te bevraagteken.

In die oorname van die uitsaaiwese deur die regering het die Afrikaners die moontlikheid van gelykberegtiging gesien. Derhalwe is druk toegepas om Afrikaners in die eerste Raad van die Korporasie aangestel te kry om invloed namens die groep uit te oefen. Die Gesuiwerdes se poging om die tweetaligheidsbeleid ook ten opsigte van die Raadslede se aanstellings deur te voer, is egter deur Hertzog gekortwiek. Die Nasionaliste het wel daarin geslaag om die beginsel van die gelyke bevordering van beide kultuurgroepe in die Uitsaaiwet te laat opneem. Hierdie beginsel sou die basis vir die verdere stryd om gelykberegtiging van Afrikaans oor die radio vorm.

Die Afrikaner het dus in hierdie tydperk deur middel van sy verteenwoordiging in die staat en druk toegepas deur sy organiese instellings in die burgerlike samelewing, hom vir die gelykberegtiging van sy kultuur beywer. Hierdie was net die eerste stap in sy hegemoniese

strewe, maar het reeds spanning tussen die twee wit taalgroepe veroorsaak. Die agitasie van die Gesuiwerdes teen die samewerking met die Engelse in die VP-regering, die verstedeliking van die Afrikaner, die afdwing van die tweetaligheidsbeginsel, en die gebruik van meer uitsaaityd vir Afrikaans oor die radio, het die verhoudinge laat versleg. Vervolgens sal gesien word hoe dit vererger is deur die ekonomiese en politieke oogmerke van die Afrikaner se kultuurstryd.

# Hoofstuk 5

# Uitsaai onder openbare beheer: Strukturele akkommodasie en uitbreiding van Afrikaans as uitsaaitaal, 1936-1939

## 5.1 INLEIDING

Volgens Meyer (1984:8) was die verskil tussen die Smelters en die Gesuiwerdes (soos Hertzog se Verenigde Party en Malan se Gesuiwerde Nasionale Party bekend gestaan het), die verskil tussen die Afrikaner se "inwaartse en uitwaartse gerigtheid; tussen konsentrasie op die self, op volkwees, op Afrikanerverwesenliking, en die strewe na nouer skakeling, na hegter samewerking en ten minste politieke eenwording met nie-Afrikaners; suiwerheid teenoor assosiasie en smelting; en eksklusiewe Afrikanereenheid teenoor 'n meer omvattende [wit] eenheid – selfs 'n breër nie-swart eenheid wat mettertyd die bruinmense sou insluit".

In teenstelling met Hertzog se ekonomiese beleid soos in die vorige hoofstuk bespreek, het die Malaniete gevoel dat nasionale (wit) eenheid onmoontlik was voor die Afrikaner nie tot sy reg gekom het nie. Malan het nou as organiese intellektueel en rigtinggewer van die groep se ideologie na vore getree deur die erkenning van die Afrikaner se bestaansreg, taal, tradisies en ekonomiese regte te propageer (Giliomee, 1981a:85).

'n Verdere kenmerk van hierdie tydperk was dat verskeie van die Afrikaner se politieke, kulturele en ekonomiese organiese instellings saamgespan het om die groep se belange te bevorder (Liebenberg, 1987b:445). Die Afrikaner se hegemoniese stryd het nou hoofsaaklik in die burgerlike samelewing plaasgevind. Wat die eksterne beleidsraamwerk betref, staan hierdie hoofstuk stil by die Afrikaner se ekonomiese beweging van die laat dertigerjare; die gebruik van die Afrikaner se taal en kultuur om eenheid te bewerkstellig; en die Gesuiwerdes se stappe om politieke mag te verwerf. Die doel in die tydperk van hierdie hoofstuk was Afrikanereenheid en die beoogde uiteinde veral die ekonomiese gelykberegtiging van die Afrikaner. In die volgende hoofstuk word daar gesien hoe hierdie fokus na politieke magsoorname verskuif het.

Soos in Hoofstuk 4, wil hierdie hoofstuk die impak van hierdie eksterne ontwikkelinge op die interne beleidsraamwerk van die SAUK, spesifiek op die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal, bepaal. Derhalwe sal daar gekyk word na hoe die mobilisering van die Afrikaner sy verteenwoordiging in die uitsaaiwese beïnvloed het. Die Korporasie se uitvoering van sy

kultuuropdrag soos in die 1936-Uitsaaiwet neergelê (sien 4.4.3) vorm die basis van hierdie bespreking. Fokuspunte is die strukturele akkommodasie van Afrikaans as uitsaaitaal; die impak daarvan op Afrikaans-Engelse verhoudinge; en die rol van die Korporasie in die Afrikaner se eenheidsbeweging en die kulturele herlewing van hierdie tyd.

## 5.2 DIE EKSTERNE BELEIDSRAAMWERK VAN AFRIKAANS AS UITSAAITAAL, 1936-1939

### 5.2.1 Die ekonomiese mobilisering van die Afrikaner

Die strewe na nasieskap in die dertigerjare het volgens Meyer (1984:15) gelei tot 'n verbreding van die kultuurbegrip om ook ekonomiese aspekte in te sluit. Volgens Liebenberg en Van der Merwe (1991:11) is hierdie konsep gebruik om die Afrikanerwerkersklas op 'n "eksklusiewe rassistiese" basis te mobiliseer wat beide ekonomiese en politieke magsvoordeel sou inhou. Die wêreldwye depressie van hierdie tyd het in Suid-Afrika 'n besondere politieke dimensie verkry deurdat dit hoofsaaklik die Afrikaanse gedeelte van die wit bevolking geraak het (Giliomee, 1981b:112-113; vgl. Sadie, 1957:35). Die Afrikaner se taal was vir hom 'n struikelblok in 'n ekonomie wat deur die Engelse en die Engelse taal oorheers is. Na die sogenaamde Tweede Trek, die trek van die platteland na die stede, het die Afrikaner hom in 'n omgewing bevind wat vir hom vreemd was en waar hy bedreig gevoel het (Giliomee, 1981a:86). Afrikaners kon nie in die sekondêre nywerhede met die Engelse meeding nie, aangesien hulle nie die kapitaalbronne en –besighede van dié groep gehad het nie (Giliomee, 1981b:114). Tesame met die depressie en die droogte wat veral die boere swaar getref het, het dit tot gevolg gehad dat teen 1936 byna een derde van Afrikaners ekonomies verarm was (Prinsloo, 1987:46). Hierdie geografiese en ekonomiese posisie van die Afrikaner het hom ook in die uitsaaiwese benadeel (sien 5.3).

Volgens Sadie (1957:17) het die feit dat die Afrikaner 'n dominante posisie in beide die regering én die opposisie in dié tyd beklee het 'n beduidende impak op die ekonomiese opheffing van die Afrikaner gehad. Soos gesien in die vorige hoofstuk (4.4.2), het Hertzog as leier van beide die Pakt en die Smelters verskeie stappe geneem om Suid-Afrika op 'n gesonde ekonomiese grondslag te plaas en om die Afrikaner se ekonomiese posisie te verbeter. Die Gesuiwerdes het egter gevoel dat die VP-regering nie genoeg gedoen het om die lot van die armblanke Afrikaner te verlig nie. Die welvaartsgaping tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes was nog net so groot as voorheen en baie Afrikaners het gevoel hul agterstand in die nuwe ekonomiese en politieke bestel neem toe. Die Afrikaner was ook swak verteenwoordig in hoëvlakposte met

groter salarisse (Giliomee, 1981a:83-84; Giliomee, 1981b:115-116), ook in die uitsaaiwese (sien 4.4.1).

Hierdie verband tussen Afrikanerskap en Afrikanerarmoede is veral deur die etniese mobiliseerders gebruik om die Afrikaner as groep te mobiliseer. Britse imperialisme en kapitalisme, en nie industrialisasie en die wêreldwye krisis in die kapitalistiese stelsel nie, is as die oorsaak vir die posisie van die Afrikaner geblameer (O'Meara, 1983:151; Giliomee, 1981b:112-113). Die Afrikaner se ekonomiese beweging het geen besware gehad teen individuele grondbesitting of wins nie, die aanval teen kapitalisme was gerig op monopolieë. Die ekonomiese bewegings van die tyd was dus nie teen kapitaal nie, maar teen 'n sisteem wat kapitaal in slegs 'n paar hande geplaas het. Die term Hoggenheimer is gebruik om alles wat vreemd (oorsees), Engels of monopolie was, aan te dui. Die argument was dat hierdie vorm van klas en kapitalisme die wit werker hul land, aanvaarbare salarisse en hul klein besighede gekos het en hulle daartoe gedryf het om met swartes om werk mee te ding (O'Meara, 1983:151-152). Groter inkomste en beter beskerming van arbeid as onder die VP-regering is as die uiteinde van etniese mobilisasie voorgehou (Giliomee, 1981b:116-117; vgl. Kenney, 1990:24).

Volgens O'Meara (1983:150) was die konsep van volk, van Afrikanereenheid, noodsaaklik in die ekonomiese beweging. Die ekonomiese mobiliseerders het geargumenteer dat dit die hele volk was wat ekonomies onderdruk en deur kapitalisme uitgebuit is, ten spyte van hul klasseposisie. Eenheid is voorgehou as die enigste vereiste vir die sukses van dié beweging. Die inklusiewe begrippe, naamlik ons, volk en Afrikanerdom het almal na 'n enkele groep mense verwys wat gemeenskaplik aan politieke onderdrukking en ekonomiese uitbuiting deur imperialisme gely het en het doelbewus klasseverskille uitgesluit. Interne verskille is dus onderdruk deur die volk teen eksterne magte te mobiliseer. Die ekonomiese stryd is derhalwe deur die Nasionaliste uitgebeeld as nog 'n oorwinning van die volk oor die magte van imperialisme aan die een kant en die dreigende barbaarsheid van die swart bevolking aan die ander kant (O'Meara, 1983:164-165).

Hierdie volksgedagte was sentraal in die Afrikaner se ekonomiese mobilisering en verskeie pogings is deur die etniese mobiliseerders aangewend om Afrikanereenheid te bewerkstellig. Die Afrikaner Broederbond (AB) het aan die voorpunt van hierdie volksgedagte gestaan (vgl. Pelzer, 1979). Deur middel van Afrikanervakbonde gebaseer op 'n Christelik-nasionale grondslag, is daar gepoog om die Afrikanerwerkers van die denasionaliserende invloed van die Engelse vakunies los te maak (Meyer, 1984:16). In 1936 is 'n Nasionale Raad van Trustees, 'n

Spoorbond vir spoorwegwerkers en 'n Afrikanerbond vir Mynwerkers vir dié doeleinde gestig (Meyer, 1984:17-20; Prinsloo, 1987:46-47).

In 1939 het die AB, deur middel van die FAK, 'n Ekonomiese Volkskongres in Bloemfontein belê om 'n strategie te beplan om die Afrikaner sy regmatige plek in die ekonomie te laat inneem (Prinsloo, 1987:46-47; Giliomee, 1981b:117-1181; O'Meara, 1983:152). By hierdie kongres is die Reddingsdaadbond (RDB) gestig om Afrikanerkapitalisme te bevorder en 'n reddingsdaadaksie ten opsigte van die Afrikaner-armblanke te onderneem (Giliomee, 1981b:118; O'Meara, 1983:152; Prinsloo, 1987:47; Meyer, 1984:16; vgl. Malherbe, 1942:90). Volgens Pelzer (1979:127) was die doel ook om Afrikaners tot 'n hegte eenheid saam te snoer ter bevordering van hul kulturele, maar veral ekonomiese belange. Ook die konsep volkskapitalisme wat by hierdie konferensie geformuleer is, het die boodskap gedra dat ekonomiese opheffing nie op die verryking van net een klas gerig was nie. Elke lid van die Afrikanervolk moes daaruit voordeel trek (Giliomee, 1981b:118-120; O'Meara, 1983:153-155).

Deur middel van die Reddingsdaadbond-fonds is verskeie Afrikaner sake-ondernemings met die leiers van die kultuurorganisasies, veral van die AB, as direkteure gestig. Volgens Giliomee (1981b:118) was die gevolg die noue samewerking tussen die sake- en kulturele elite in etniese mobilisasie en die bevordering van etniese belange. By dieselfde kongres is die Ekonomiese Instituut gestig waar AB-intellektuele en Afrikanersakemanne saamgetrek is om die rigting van die ekonomiese beweging te help bepaal (Prinsloo, 1987:47; O'Meara, 1983:152). Hierdie eenheidstrewe van die Afrikaner sou 'n geweldige hupstoot met die eeufeesviering van die Groot Trek kry.

### 5.2.2 Taal en kultuur in die Afrikaner se eenheidsbeweging

Aanvanklik het die ekonomiese beweging geweldige teenstand van die boere gekry. Die Hertzogiete het gesê dat die ekonomiese beweging besig was om die boer uit te buit en dat die sosiale verdeling nie op grond van Afrikaans/Engels gebaseer was nie, maar op grond van plattelands/stedelik (O'Meara, 1983:156). As gevolg van verstedeliking was die Afrikanerdom nie meer net 'n plattelandse konsep nie, maar toenemend ook 'n stedelike een. Die kulturele aktiwiteite van veral die AB sedert 1934 het gepoog om die boere se persepsie van die stede en van hul plek in die volk te verander (vgl. Pelzer, 1979:138). Hiervoor het die kulturele entrepreneurs na die geskiedenis verwys om die Afrikaner-identiteit in Nasionalistiese terme te herdefinieer. Die herdenking van die Groot Trek in 1938, en die uitsaaiwese se rol hierin (sien

5.3.4) was veral belangrik vir die ontwikkeling van Afrikanereenheid (Giliomee, 1981a:86-87; O'Meara, 1983:156).

Die eeufeesvieringe, georganiseer deur die AB, het die Nasionale beweging hernude impetus gegee (Bunting, 1969; vgl. Liebenberg, 1987b:448). Volgens Mulder en Cruywagen (1964:51) het 'n algehele kulturele herlewing van die Afrikanerdom plaasgevind. Hierdie vieringe het die vorm aangeneem van 'n ossewatrek vanaf Kaapstad min of meer langs die oorspronklike roetes deur die Voortrekkers gebruik tot by Pretoria se Monumentkoppie waar daar besluit is om 'n Voortrekkermonument op te rig (Meyer, 1984:67; Bunting, 1969). Hierdeur is die Voortrekker se stryd teen Britse imperialisme en "swart barbarisme" weer in herinnering geroep (Liebenberg, 1987b:448).

Die gevolglike opvlamming van Afrikanernasionalisme was ook verantwoordelik vir 'n magsverskuiwing ten gunste van die Nasionale Party (Bunting, 1969; Liebenberg, 1987b:448). Volgens Floyd (1975:97) was daar nog nooit iets "wat so 'n groot eenheid van gevoel onder die Afrikaner tot uiting gebring het [nie]". SAP, Smelter, Republikein en Nasionale Party Afrikaners was almal hierin verenig (Bunting, 1969).

Die nasionalisme en kulturele herlewing wat deur hierdie gebeure aangewakker is, sou nie net op politieke gebied tot 'n versterking van die NP lei nie (vgl. Liebenberg, 1987b:448), maar ook 'n belangrike rol speel om Afrikanereenheid in die algemeen te bevorder. Veral die SAUK se dekking van die gebeure sou baie doen om die plattelandse en stedelike Afrikaner by mekaar uit te bring en ook taalbewustheid mee te bring (sien 5.3.4; vgl. Steyn, 1980:221).

Volgens Steyn (1991:85-86) het hierdie gebeure gelei tot 'n toename in die anti-Engelse sentiment onder die Afrikaner. Beide die ekonomiese mobilisering van die Afrikaner in afwysing van Engelse oorheersing (sien 5.2.1), asook die radio-polemiek van 1937 (sien 5.3), het reeds gewys dat die verhouding tussen die twee taalgroepe in die hegemoniese alliansie 'n ongemaklike een is, soos ook sou blyk uit die kwessie van 'n volkslied.

Afrikaners het sterk kapsie teen die gebruik van die Britse "God Save the King" gemaak en was van mening dat "Die Stem van Suid-Afrika," geskryf deur Langenhoven en De Villiers, tot amptelike volkslied gemaak moes word (Stultz, 1974:46). Die "Stem van Suid-Afrika" is toe reeds deur Afrikaners as hul volkslied beskou en hulle het druk op die SAUK uitgeoefen om dit ten volle met elke aand se sluiting van die stasie te speel (Cillié, 1937:6). Tydens die 1938-Trek

het die AB hom daarvoor beywer dat "Die Stem van Suid-Afrika" as volkslied gebruik moes word en deur die regering as sodanig erken moes word. Die AB het derhalwe die FAK versoek om deur middel van sy geaffilieerde verenigings die openbare mening teen die Britse volkslied te mobiliseer (Pelzer, 1979:99). Met die opening van die Parlement in Februarie 1938 het Hertzog opdrag gegee dat naas die Engelse volkslied ook "Die Stem van Suid-Afrika" gespeel moes word (Stultz, 1974:46). Dit het die imperialiste in die VP hewig ontstel en hulle het Hertzog laat verstaan dat hulle nie sou toelaat dat "God Save the King" deur 'n ander volkslied verdring sou word nie. Hertzog het daarop verklaar dat Suid-Afrika voortaan twee volksliedere sou hê. Die Engelssprekendes was tevrede hiermee, maar die Gesuiwerdes wat net een volkslied wou hê, het die kompromis afgekeur (Liebenberg, 1987b:449; Stultz, 1974:47). Twee weke ná die 1938-verkiesing het hierdie twis weer in die VP opgevlam toe slegs "Die Stem van Suid-Afrika" by die viering van Uniedag op 31 Mei 1938 gespeel is (Liebenberg, 1987b:450).

### 5.2.3 Die politieke mobilisering van die Afrikaner

Die armblankeprobleem sou 'n belangrike deel van beide openbare beleid en openbare opinie tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog vorm. Volgens Kenney (1990:24) kon geen Suid-Afrikaanse regering geïnteresseerd in oorlewing (en dus ook geen politieke party wat om mag meegeding het) dié probleem ignoreer nie, aangesien dit die stemgeregtigde deel van die bevolking geraak het.

Die ekonomiese stryd van die Afrikaner is as sentraal tot sy stryd in ander sfere gesien (O'Meara, 1983:165). Volgens Giliomee (1981a:83-84) was die doel van hierdie mobilisering van die Afrikaner op groepsbasis deur beide etniese en ekonomiese argumente te gebruik, gemik daarop ten einde te verseker dat 'n suiwer Afrikanerparty die politieke mag kon verwerf om daarna die staat te gebruik om Afrikanerbelange te bevorder. So is die ekonomiese stryd van die Afrikaner aan die republikeinse strewe verbind deur die boodskap dat die Afrikaner slegs in 'n Afrikanerrepubliek, sonder politieke dominasie, die kapitaalmag sou kon bekom (O'Meara, 1983:152). Hierdie punt is egter nie in die jare tot die oploop na die oorlog beklemtoon nie, aangesien beide die VP en die Hertzogiete die reddingsdaadbeweging van politieke motiewe beskuldig het (O'Meara, 1983:158). Die Nasionale Party het egter hierdie kwessies van Afrikanerverwesenliking, in die gedaante van die republikeinse strewe (sien 4.2.1), die kleurvraagstuk en die ekonomiese opheffing van die Afrikaner (sien 5.2.1) aangewend om homself as Afrikanerparty te posisioneer. Daardeur het hy probeer uitwys dat Hertzog die Afrikaner se belange in samesmelting opgeoffer het (Stultz, 1974:49).

Kenmerkend van hierdie tydperk is die toenemende onverdraagsaamheid van die Gesuiwerde Nasionale Party teenoor ander rassegroepe (Liebenberg, 1987b:447). Hul Nasionalistiese strewe is ook deur Hertzog as ekstremistiese kulturele eksklusivisme bestempel (Liebenberg, 1987b:448; Giliomee, 1981a:87). Volgens Giliomee (1981a:84-85) was die radikale ordening van die samelewing wat deur die definitiewe beleid van die NP beloof is, geweldig aantreklik vir die Afrikaner wat as gevolg van die gebeure van die dertigerjare (sien 5.2.1) 'n geweldige behoefte aan sekuriteit gehad het.

In die laat dertigerjare het die NP die besonderhede van sy naturellebeleid begin formuleer (vgl. Akademie, 1966:57; Van Jaarsveld, 1968:33). In sy program ter voorbereiding van die 1938-verkiesing, is die aspekte van aparte ontwikkeling en die beskerming van wit arbeid neergelê (Bunting, 1969; vgl. Meyer, 1984:67). Volgens Stultz (1974:49) is hierdie stappe gesien as pogings om die aantal Afrikaners op die kieserslys te vermeerder. Die Uniale kongres van die NP het in 1938 verklaar dat hulle die dominante posisie van die wit ras as noodsaaklik vir die welvaart van Suid-Afrika beskou (Bunting, 1969; vgl. Mulder & Cruywagen, 1964:51).

Ook teen die instroming van Jode uit Nazi-Duitsland het die Gesuiwerde Nasionale Party in hierdie tyd sterk kapsie gemaak. Op grond van die argument dat die Jode geneig is om die ekonomiese lewe te oorheers, het Malan by die regering aangedring om 'n einde aan Joodse immigrasie te maak (Liebenberg, 1987b:448; Stultz, 1974:45). In 1937 het die Nasionale Party in Transvaal ook Jode lidmaatskap van die party verbied. In hierdie tydperk sou ook 'n anti-Semitiese organisasie, die Gryshemde tot stand kom (Stultz, 1974:45). Hierdie stappe sou daartoe lei dat die Nasionale Party en dus ook die Afrikaner, as pro-Nazi gesien is na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, 'n ontwikkeling wat ook in die uitsaaiwese gereflekteer is (sien Hoofstuk 6).

Die sukses van die etniese en ekonomiese mobiliseerders se strewe na Afrikanereenheid en die posisionering van die NP as ware Afrikaner-party blyk uit die 1938-verkiesing. Die NP het wel net 27 setels teenoor die 111 van die VP verkry, maar 'n vergelyking van die aantal stemme wat elke party getrek het, toon dat die NP veel meer steun gehad het as wat sy setels aangedui het (Akademie, 1966:57; Liebenberg, 1987b:449). Hy het ook die aantal setels wat hy na afstigting behou het met agt vermeerder (Bunting, 1969).

Die verkiesing het ook getoon dat Hertzog se gewildheid besig was om af te neem (Liebenberg, 1987b:449-450). Reeds met die 1938-Trek en die gepaardgaande opbloei van nasionalisme, was

dit duidelik dat al hoe meer Afrikaners hul eerder na Malan as na Hertzog gewend het. Hertzog is genooi om die fondasiesteen vir die Voortrekkermonument in Pretoria te lê, maar daar was klagtes oor hierdie keuse, en hy het onttrek. Volgens Bunting (1969) is dit ironies dat die grootste hereniging van die Afrikanervolk sedert Unie-wording plaasgevind het sonder die man wie se toewyding tot die Afrikanerdom gelei het tot die stigting van die Nasionale Party.

Alhoewel Hertzog se VP die 1938-verkiesing met 'n oorweldigende meerderheid gewen het, het die verkiesingsuitslae nie die ware prentjie van die Afrikaans-Engelse verhouding binne die regerende party weerspieël nie. Hertzog se ideaal van Afrikaans- en Engelssprekendes wat verenig was in 'n nuwe Afrikanerdom is in 1939 met die skeuring van die VP oor Suid-Afrika se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog verpletter (Giliomee, 1981a:87; Liebenberg, 1987b:450; Akademie, 1966:28; sien Hoofstuk 6). Volgens Swart (1963:118) het hierdie gebeure uitgewys dat die politieke ooreenkoms wat met smelting bereik is, slegs bolangs was. Dit was veral sigbaar in die uitsaaiwese.

## 5.3 DIE UITSAAIWESE ONDER OPENBARE BEHEER

Volgens Roos (1988a) was die verhouding tussen die SAUK en die regering voor die uitbreek van die oorlog neutraal. "Ek weet van geen enkele geval van regeringsinmenging tot die uitbreek van die oorlog nie." Volgens McClurg (1988) was die uitsaaiwese op daardie stadium 'n vermaaklikheidsinstrument, 'n kulturele instrument en nie 'n politieke instrument nie. Ook Orlik (1970:78) is oortuig dat niemand die Korporasie op daardie stadium as die stem van die regerende party gesien het nie. In aktuele sake, was die beleid om partypolitieke uitsendings en kontroversiële materiaal in godsdienstige uitsendings te vermy (Van der Walt, 1973; SAUK, 1936/1937). Volgens Fuchs (1969:251) was die radio dus aanvanklik net 'n reflekterende medium en het hy self geen standpunt gehad nie. Die ekonomiese-politieke verhoudinge tussen die Afrikaanssprekende en Engelssprekende dele van die Suid-Afrikaanse bevolking het egter ook in die uitsaaiwese neerslag gevind.

Volgens Gerber (1997:92) is die beginjare van die SAUK gekenmerk deur 'n poging om binne die hegemoniese stryd tussen Afrikaanse en Engelse kulture, die uitsaaiwese op apolitieke wyse te bedryf. Die Korporasie het veral op sy kultuuropdrag gefokus en partypolitieke toesprake volgens die uitvoering van die wet vermy (Uitsaaiwet, 22/1936; SAUK, 1936/1937:15).

Die Korporasie was egter die instrument van die wit gedomineerde orde (vgl. Gerber, 1997:92), naamlik die Verenigde Party, en het ook die ongemaklike verhouding wat binne die party en tussen die party en die opposisiepartye bestaan het, weerspieël. Die Korporasie moes probeer om 'n ewewig te handhaaf tussen wat Fuchs (1969:246) 'n "ernstige kultuurpolitiek" noem.

Ingevolge artikel 14 van die Uitsaaiwet (22/1936) het die SAUK 'n kultuuropdrag gehad waarvolgens uitsaaiprogramme opgestel moes word met behoorlike inagneming van die belange van die Afrikaanse en Engelse kulture (vgl. Van der Walt, 1973:3). Die Korporasie het slegs die kultuurstryd van dié twee groepe verteenwoordig en het aanvanklik glad nie die swart kulture in die land bedien nie (Gerber, 1997:92; vgl. Hoofstuk 6). In hierdie opdrag het die SAUK 'n monopolie gehad (Van der Walt, 1973:214).

### 5.3.1 Twee tale op een diens

Volgens Hayman en Tomaselli (1989:32) was daar egter geen vinnige en maklike manier om die kultuuropdrag van die Uitsaaiwet van 1936 uit te voer nie. Soos gesien in Hoofstuk 4, was die African Broadcasting Corporation (ABC) kommersieel en dus ook hoofsaaklik Engels eentalig (vgl. Fluit, 1974:11). Afrikaanssprekendes het verwag dat die uitsaaiwese onder regeringsbeheer die Afrikaanse uitsaaityd sou vermeerder (Steyn, 1987b:102-103).

Na senator CF Clarkson, Minister van Pos- en Telegraafwese, se toespraak oor die radio om die oorname van die uitsaaiwese deur die regering aan te kondig, het *Die Burger* beswaar gemaak oor die toespraak wat slegs in Engels was en omdat daar geen aanduiding gegee is dat Afrikaans onmiddellik op gelyke voet met Engels geplaas gaan word nie. Die Kaapstadse luisteraarsvereniging het ook 'n telegram aan die Raad gestuur met die volgende boodskap: "Alle sukses vir hartlike samewerking. Vertrou Afrikaans sal onmiddellik op vyftig-vyftig-basis geplaas word." (Anon., 1936b:1.)

*Die Burger* het in 1936 'n wedstryd uitgeskryf vir die beste brief oor die onderwerp "Wat ek van my stasie verlang". Die oorweldigende reaksie was 'n aanvraag vir meer Afrikaans oor die radio (vgl. Steyn, 1987b:102-103).

Aanvanklik was daar 'n 8:2 verdeling van tyd op die enkele mediumgolfkanaal, behalwe waar die getal Afrikaanse luisteraars 'n toename geregverdig het (Teer-Tomaselli & De Villiers, 1998:154; Hayman & Tomaselli, 1989:37). Volgens Van der Walt (1973:126-127) het dit bloot

beteken dat die taal van die diens Engels was met tyd wat af en toe vir Afrikaanse programme beskikbaar gestel is. So blyk dit ook uit die Afrikaanse programskedules wat in dié tyd in *Die Burger* gepubliseer is (vgl. Anon., 1937b; Anon., 1937g:9). Beide Afrikaanssprekende en Engelssprekende luisteraars was ontevrede met hierdie proporsionele verteenwoordiging (Hayman & Tomaselli, 1989:37).

Nie net was die Afrikaanssprekende luisteraars ontevrede met die min tyd wat aan Afrikaans afgestaan is nie, maar die wit plattelandse bevolking, van wie ongeveer 84 persent se moedertaal Afrikaans was, is nie voldoende deur die mediumgolfsender wat van die ABC oorgeneem is, bereik nie (Van der Walt, 1973:34; Hayman & Tomaselli, 1989:32).

Die Raad het egter wel besef dat meer Afrikaans in die programme en beter opvangs op die platteland noodsaaklik was om die aantal Afrikaanse luisteraars te vermeerder soos blyk uit die 1936/1937-jaarverslag (SAUK, 1936/1937:14). Volgens Fuchs (1988) het die Raad gevoel dat Afrikaans behoorlike weerspieëling in die uitsaaiprogramme moes vind. Hiervoor is advokaat JF (Kowie) Marais as Afrikaanse programbestuurder aangestel.

Die uitbreiding van die hoeveelheid Afrikaanse programme op 'n sender wat voorheen hoofsaaklik Engels was, het veral die meerderheid van luisteraars wat eentalig Engels was, ongelukkig gestem (Steyn, 1987b:103; Roos, 1954:42). Volgens McClurg (1988) was dit vir die meeste Engelssprekendes geweldig irriterend, aangesien hulle nie voldoende tweetalig was om ook die uitsendings in Afrikaans te verstaan nie.

Die kritiek teen die tweetalige uitsaaidiens was veral sterk in die Engelse pers wat ten gunste van aparte dienste was (Steyn, 1987b:106; Roos, 1988b). In 'n brief aan die *Rand Daily Mail* op 20 Augustus 1934 skryf Bored Stiff (1934:12):

> If it be true that it [Afrikaans] could be broadcast on another wave-length, then I think that listeners should not be subjected to such boring interludes... If all the switches could be heard going off when the Afrikaans repetition starts, it would sound like a big gun firing. I believe... that the majority of listeners can understand English. If they prefer Afrikaans, well – why not? But do let them have it on another wave-length...

Volgens Gideon Roos (1988a) wat die eerste tweetalige omroeper van die Korporasie was (vgl. Anon., 1934g:1), het hy 'n brief van een luisteraar gekry wat sê: "Dear enemy... until you come on at 7 o clock and pollute the air with your Afrikaans". Nog 'n Engelse leser het geskryf dat hy

ook eerder afskakel as om na die vertaling te luister. "[M]ay I suggest that an inquiry be made with a view to separating the local broadcast into two sections – the one entirely English and the other Afrikaans?" (RHB, 1934:13.)

Nie alle luisteraars het gedink dat twee verskillende stasies 'n goeie idee is nie. "But to suggest that another station be erected specially to cater for the Afrikaans listener-in is asking a bit too much." (Epargne, 1934:14.) 'n Ander leser het gemeen dat die Afrikaanssprekende en nie die Engelssprekende nie rede het om te kla as gevolg van die min uitsaaityd wat aan sy taal afgestaan word (Hodgkinson, 1934:12).

Luisteraarsverenigings, die Transvaal Listeners' Association en Cape Town Listeners' Association, is in Johannesburg en Kaapstad gestig om protes aan te teken en verskeie briewe is in die Engelse koerante gepubliseer oor die swak gehalte van Engels wat deur die SAUK gebruik word (Roos, 1988a; Steyn, 1987b:111).

Die moontlike oplossing van hierdie probleme deur afsonderlike dienste vir die twee tale daar te stel, was vir die meeste kultuurbewuste Afrikaners onaanvaarbaar. Steyn (1987b:104) noem 'n paar redes hiervoor. Een rede was die hoë koste wat 'n verdubbeling van tegniese toerusting en personeel sou meebring (vgl. Anon., 1937c:2); 'n tweede was dat die radio dan sy rol as belangrike kontakmiddel tussen die twee Suid-Afrikaanse kulture sou verloor en 'n derde oorweging was die vrees dat die Afrikaanssprekendes nie in staat sou wees om 'n diens van 'n hoë gehalte te lewer nie en dat van die Afrikaanssprekende luisteraars dan in elk geval 'n Engelse diens sou verkies (vgl. Anon., 1937a:9).

Feitlik alle Afrikaanse koerante en kultuurorganisasies soos die Kaapstadse Skakelkomitee van Afrikaanse Kultuurverenigings en die Nasionale Kultuurraad het die tweetalige diens (met ander woorde twee tale op een diens) gesteun (vgl. Klaas Waarsegger, 1937). Volgens Steyn (1987b:104-105) was daar in hierdie opsig geen verskil tussen Smelters en Gesuiwerdes nie. Binne die bestaande tweetalige diens het hierdie organisasies geëis dat die program-aankondigings om die beurt in Afrikaans en Engels moes wees en dat die Afrikaanse inhoud uitgebrei moes word.

Daar was tog Afrikaners soos FEJ Malherbe en GWM du Toit wat ten gunste van aparte kanale was (Steyn, 1987b:105; vgl. Du Toit, 1937:8). In *Die Burger* het een leser die volgende geskryf: "Ons besluit dus om nie u leiding in hierdie saak te volg nie (dié koerant was ook vir 'n

tweetalige diens) en verlang 'n absoluut suiwer Afrikaanse radio-diens... Dit blyk duidelik dat Engelssprekendes nie gediend is met Afrikaans in hul radiodiens nie. Waarom sal ek ywer om my taal in enigiemand se keel af te druk en Afrikaans moontlik gehaat te maak?" (Potgieter, 1937:6.)

Die Raad wat die regering (met ander woorde Hertzog en die VP-regering) se beleid vertolk het, was ook ten gunste van 'n tweetalige diens (Steyn, 1987b:106; SAUK, 1936/1937:13). Hierdie beleid van die Raad is in oorleg met Reith se aanbevelings geformuleer. Oor die kwessie of verskillende senders vir die twee tale die probleem sou oplos, was Reith (1935:10) se opinie: "So 'n plan sal onprakties wees op 'n tegniese en programbasis, en dit is ook onwenslik om 'n vorm van segregasie in te stel wat elders as onwenslik beskou word. Die tweetaligheidsbeleid van die land is duidelik op die nasionale program van toepassing, maar indien verkies, kan die verskillende streekprogramme meer of minder van een taal bevat (dus, na gelang van die behoeftes van 'n spesifieke streek)." (vgl. Anon., 1935c:1.)

Volgens Orlik (1970:78) het die Raad ook aangevoer dat die Korporasie nie oor die kapitaal beskik om 'n volledige en gelyke Afrikaanse diens in te stel nie (vgl. SAUK, 1936/1937:13). Nie net sou dit 'n verdubbeling van fasiliteite en senders beteken het nie, maar ook die verdubbeling van kundige personeel wat tegniese en geldelik onprakties was (Hayman & Tomaselli, 1989:32).

### 5.3.2 Die radio-referendum

Vroeg in 1937 het die Raad 'n referendum gehou om te probeer vasstel watter soort diens die luisteraars verkies. Van die 50 021 luisteraars wat gestem het, het byna tagtig persent hul huistaal as Engels vermeld, terwyl iets minder as twintig persent Afrikaanssprekend was (Steyn, 1987b:106). Volgens *Die Burger* was hierdie statistiek 'n aanduiding dat "Afrikaanssprekende inluisteraars óf hulle nogeens nie die moeite getroos het om oor hul eie belange te waak nie, óf dat hulle werklik in 'n bedroeflike minderheid is... Maar 'n tweede rede waarom Afrikaanssprekendes die radio laat links lê, is omdat sowel wat taal as uitgangspunt betref, dit nie genoeg Afrikaans georiënteerd is nie." (Anon., 1937d:9.) Meer as driekwart van dié wat gestem het, was ten gunste van eentalige programme op verskillende golflengtes; byna 20 persent het 'n tweetalige diens verkies en iets meer as 5 persent het nie hul vereistes gespesifiseer nie (Steyn, 1987b:106).

*Die Burger* het op 18 Februarie 1937 kommentaar oor die uitslag van die referendum gelewer: "Tweetaligheid is die beleid van ons land in elke saak van gemeenskaplike volksbelang en alleen streng toegepas op 'n 50-50-grondslag sal dit aan albei seksies laat reg geskied en volkome bevrediging gee... Hy moet ons 'n volkome tweetalige diens op die 50-50-basis, Afrikaans en Engels om die beurt en daarby 'n betroubare plattelandse diens gee – dit is die taak van die Radioraad." (Anon., 1937d:9.) "Van een ding kan Afrikaanssprekende inluisteraars versekerd wees, of dit nou eentalige of tweetalige diens sal wees, 1937 sal sien dat Afrikaans sy regmatige plek in die radiodiens inneem." (Anon., 1937a:9.) *Die Burger* was die ontvanger van verskeie briewe van lesers wat beide vir en teen 'n tweetalige diens betoog het (vgl. Anon., 1937e:6; Klaas Waarsegger, 1937; De Klerk, 1937:8).

Die Raad se reaksie op hierdie uitslag was dat dit onwaarskynlik was dat die algehele skeiding van Afrikaanse en Engelse programme as beleid aanvaar sou word. Die voorsitter van die Raad, prof MC Botha, het uitgewys dat minder as 30 persent van die luisteraars gestem het (Steyn, 1987b:106).

Die Raad het op aanbeveling van Marais (Fuchs, 1988) Afrikaners probeer akkommodeer deur as oorgangsmaatreël tweetalige afkondigings in te stel (SAUK, 1936/1937:14). Die verset aan die kant van Engelssprekende luisteraars het verhewig toe die uitsaaistasies van Johannesburg en Kaapstad op onderskeidelik 22 April en 3 Mei 1937 met tweetalige aankondigings begin het. In Johannesburg is musiekstukke eers in Engels aangekondig en die besonderhede daarna in Afrikaans herhaal, terwyl die volgende item eers in Afrikaans en dan in Engels aangekondig is. Die beleidsverandering het uit die staanspoor baie teenstand in die Engelse koerante gekry (Steyn, 1987b:107; Hayman & Tomaselli, 1989:32; Roos, 1988a; Van der Walt, 1973:34). Volgens Fuchs (1988) het dit 'n storm van verontwaardiging ontketen en briewe het in die koerante opgelaai oor hierdie soort van hibridiese stelsel. In 1937 het ME Antrobus, die Hoofkommissaris van Brittanje, vir Reith geskryf "the language controversy continues to reverberate throughout the country" (Antrobus, 1937).

Botha het hom sterk uitgespreek teen wat hy gesien het as 'n veldtog van die Engelse pers teen Afrikaans oor die radio. In reaksie hierop, het die *Rand Daily Mail* gestel dat die protes in die Engelse pers glad nie verrassend behoort te wees nie, aangesien die Raad teen die uitslag van die referendum opgetree het. *The Friend* het verklaar dat Botha valslik onder die indruk is dat die radio vir 'n taalbeweging misbruik kan word. Volgens Antrobus (1937) het die Engelse koerante

in Botha se reaksie 'n bewering gesien dat die radio as propaganda-middel vir die Afrikaanse taal aangewend kan word.

Malan het ook tot die geskil toegetree in ondersteuning van die Raad. Volgens hom het die Raad 'n fout gemaak deur die beginsel van tweetaligheid enigsins in die referendum in te sluit, aangesien dit nie 'n kwessie is waarop 'n meederheidstem saak maak nie, maar 'n reg wat lankal deur die Unie aanvaar is. Volgens Antrobus (1937) het Malan hierdie stelling vir partypolitieke doeleindes in die lig van die komende 1938-verkiesing gemaak.

Die polemiek van 1937 het 'n beduidende invloed op die verhoudinge tussen Afrikaans- en Engelssprekendes gehad. Volgens Steyn (1987b:121) kan dit geargumenteer word dat die tweetalige aankondigings die laaste strooi vir Engelssprekende luisteraars was nadat tweetaligheid sedert 1924 in die staatsdiens bevorder is (sien Hoofstuk 4). Veral Afrikaners was onaangenaam getref deur die anti-Afrikaanse aard van sommige van die briewe; die Afrikaanse koerante het ook uittreksels uit briewe aan die Engelse koerante geplaas. Die verset van die Engelse teen Afrikaans saam met Engels op een kanaal het baie Gesuiwerdes in meer opstand teen samewerking met die Engelse gebring. Ondanks die ontnugtering met die Engelssprekendes, of dalk vanweë, het hierdie veldtog ook die politieke verdeeldheid tussen die Gesuiwerdes en die Smelter-Afrikaners aangemoedig. Die positiewe gesindheid van die Engelssprekendes in die Smeltersregering of wat ten gunste van samesmelting was, is bevraagteken (Steyn, 1987b:121-123). Hierdie gebeure het op die verbrokkelende verhoudinge in die hegemoniese alliansie gewys.

### 5.3.3 Afrikaans en Engels op verskillende kanale

Die verhewigde debat in die koerante oor die tweetalige radiodiens het daartoe gelei dat die Raad moes toegee (Steyn, 1987b:113; Roos, 1954:42). 'n Kortgolfdiens was egter die enigste moontlike oplossing om redelike ontvangs vir al die Afrikaanssprekendes te bied en hulle so gou moontlik tevrede te stel (Van der Walt, 1973:34).

Proefnemings met kortgolfuitsendings het vir 'n oplossing gesorg, al was dit nie in alle opsigte bevredigend nie (Steyn, 1987b:113). Die Departement van Pos- en Telegraafwese het in Augustus 1937 sy kortgolfsender by Robertshoogte (later bekend as Voortrekkerhoogte) tot beskikking van die SAUK gestel. Die Korporasie het terselfdertyd ook daarin geslaag om die

kortgolfsender op Klipheuwel van die maatskappy, Overseas Communications of South Africa, te verkry (Steyn, 1987b:114; vgl. Anon., 1937f).

Intussen het die Afrikaanse koerante en kultuurverenigings hul teenstand teen 'n afsonderlike Afrikaanse diens laat vaar. Die FAK wat in Julie aparte uitsaaidienste afgekeur het, het in Oktober 1937 besluit om aan die nuwe "segregasiebeleid van die Raad sy volle ondersteuning en medewerking toe te sê" mits daardeur 'n Afrikaanse diens van gehalte in die stede en op die platteland verseker sou word (Steyn, 1987b:114).

Veertien maande na die ontstaan van die SAUK is 'n tweede programstelsel, die B-program, met Afrikaans as voertaal begin (Roos, 1950:138; vgl. Fuchs, 1988).

Die nuwe beleid is vanaf 25 Oktober 1937 toegepas toe kortgolfuitsendings vanaf Klipheuwel begin het. Dit het daarop neergekom dat die Kaapstadse mediumgolfsender hoofsaaklik in Engels uitgesaai het, terwyl die kortgolfsender by Klipheuwel hoofsaaklik in Afrikaans uitgesaai het. Die uitsendings vir boere, skole en kinders het tweetalig gebly (Steyn, 1987b:115; SAUK, 1936/1937:15). Op 1 Desember 1937 is hierdie diens aangevul toe ook Johannesburg en Robertshoogte die dienste op soortgelyke wyse begin differensieer het – Johannesburg hoofsaaklik Engels en Robertshoogte hoofsaaklik Afrikaans (Steyn, 1980:115; SAUK, 1936/1937:15). Uit die jaarverslag van die SAUK (1938:4) word dit duidelik gemaak dat daar steeds van die standpunt uitgegaan is dat alle programme in die eerste plek Suid-Afrikaanse programme was. Items moes aangekondig of uitgevoer word in een van die twee landstale ooreenkomstig met die behoeftes van die verskillende gebiede wat deur die onderskeie senders van die Korporasie bedien is.

Stedelinge sou dus veral na Engelse uitsendings moes luister en plattelanders na Afrikaans (Steyn, 1987b:115). Die Afrikaanse pers het uitgewys dat met die toestroming van die Afrikaanssprekendes na die stede dit nie aangeneem kon word dat net die platteland Afrikaans was nie. Dit is gesien as 'n inkrimping vir die Afrikaanse diens vir Afrikaners in die stede (Steyn, 1987b:117). Die nuwe reëling het ook nie die polemiek tot 'n einde gebring nie.

Volgens Fuchs (1988) is die Engelssprekende luisteraars nie deur die instelling van die B-sender geraak nie, aangesien hulle diens onverstoord op die A-sender voortgegaan het. Die Afrikaner was egter "geweldig dankbaar" vir die aparte sender, maar dit het net geduur totdat die ontoereikendheid van die kortgolfsenders ontdek is.

Die twee kortgolfsenders wat vir die Afrikaanse kanaal gehuur is, het nie die probleem van klankgetrouheid opgelos nie en het probleme vir beide luisteraars en tegnici veroorsaak. Kortgolfsenders se kwaliteit wissel gedurende verskillende tye van die dag wat aanpassings in die frekwensie van uitsendings en dus inskakeling deur die luisteraars vereis het (Hayman & Tomaselli, 1989:32; Roos, 1988a; Van der Walt, 1973:34).

Daar was klagtes in die Afrikaanse koerante oor hierdie swak ontvangs van Afrikaanse programme (Steyn, 1987b:118). Sommige Afrikaanssprekende luisteraars kon ook nie die Klipheuwel-uitsendings op kortgolf opvang nie, aangesien sowat 'n derde van alle radio's destyds slegs mediumgolf kon opvang (Steyn, 1987b:117; vgl. Anon., 1935a).

Afrikaanssprekende luisteraars het beswaar gemaak dat Engelssprekende luisteraars op grond van sendersterkte en die gehalte van programme baie meer as hulle uit die radio kry. Die Korporasie het mediumgolfsenders in Johannesburg, Pretoria, Bloemfontein en Kaapstad bygehuur om die gehalte van uitsendings te verbeter, maar dit het nie naastenby die kwaliteit of kwantiteit van die Engelse fasiliteite behels nie. Vir Afrikaners is die situasie verder onaanvaarbaar gemaak met die oprigting van 'n ontvangstasie by Panorama, naby Johannesburg, waardeur meer Engelse BBC materiaal na Suid-Afrikaners herlei is (Orlik, 1970:84; vgl. Roos, 1954:43; Fuchs, 1988; sien 6.3.1).

Die instelling van die B-sender het die programuitgawes van die Korporasie onmiddellik verdubbel sonder 'n gelyktydige toename in lisensie-inkomste (Roos, 1957:7). Twee gebeure sou egter in 1938 plaasvind wat grotendeels verantwoordelik sou wees vir 'n geweldige toename in lisensies (veral onder Afrikaanssprekendes) asook die verbeterde radiodekking van die Unie wat meer mense in staat gestel het om die programme op te vang. Dit was naamlik die eeufeesviering van die Groot Trek en die Britse rugbyspan se besoek (SAUK, 1938:15). Die eerste volledige rugbywedstryd in Afrikaans is op 28 Mei 1938 uitgesaai (Steyn, 1987b:119).

### 5.3.4 Die 1938-Trek

Volgens Hayman en Tomaselli (1989:34) was die simboliese ossewatrek van 1938 'n stimulus vir die installering van landlyne en die skep van 'n nasionale netwerk. Volgens Roos (1950:139) het die drie hoofstasies, Johannesburg, Kaapstad en Durban, hoewel deel van een landwye organisasie, nog in werklikheid as afsonderlike organisasies gefunksioneer. Die radiodekking van die simboliese ossewatrek sou nie net radio gewild maak onder Afrikaners nie, maar ook die

verskillende provinsiale dienste saamsnoer, want uitsendings het hoofsaaklik op 'n uniale basis geskied. Die SAUK het dus die ideaal begin vorm van 'n werklike nasionale diens, maar die oorlog het ook hierdie ontwikkelinge lamgelê.

Hierdie geleentheid is deur die FAK bestuur as deel van die beweging tot groter Afrikaner volkseenheid. Aanvanklik is radiodekking slegs beplan vir die vertrek van die waens van Kaapstad en vanaf 'n paar punte langs die pad. Volgens Roos (1957:18) "toe die mikrofoon die hele land laat deel het in die roerende afskeidsfunksie aan die voet van Jan van Riebeeck se standbeeld daardie middag van 8 Augustus, het dit 'n ongekende geesdrif laat ontbrand, 'n entoesiasme wat daagliks hoër opgelaai het". Hoe verder die trek gevorder het, hoe meer het die belangstelling toegeneem. Die groot aanvraag hierna van Afrikaanse luisteraars vir verdere dekking het die SAUK aangemoedig om 'n verslaggewer, naamlik Gideon Roos, saam met die waens te stuur om deur middel van gebruik van landlyne en plaaslike telefone verslag te doen. Meer as 84 uitsendings is in die tydperk van 8 Augustus 1938 met die vertrek van die simboliese trek uit Kaapstad tot en met 16 Desember 1938 met die eeufeesvieringe by Monumentkoppie uitgesaai. Slegs laasgenoemde het 12 uur van die B-program in beslag geneem (SAUK, 1938:11-12).

Die dekking van die 1938-Trek het die swak kwaliteit van uitsaaifasiliteite in veral die platteland onder die aandag gebring, alhoewel die projek entoesiasties ontvang is. Dit het 'n behoefte gedemonstreer om die plattelandse Afrikaner in 'n groter mate te betrek en het ook gewys dat radio 'n effektiewe voertuig vir die stimulering van Afrikaner kulturele eenheid kon wees (Hayman & Tomaselli, 1989:34; Van der Walt, 1973:121). Volgens Fuchs (1988) het die herdenking van die Groot Trek, die gepaardgaande emosionele oplewing en belangstelling in die Afrikaner se geskiedenis 'n groot invloed op die 1948-verkiesing gehad. Die Raad van die SAUK wou egter seker maak dat geen partypolitieke vinger na die Korporasie gewys kon word nie. Roos moes op Stellenbosch keer dat prof EC Pienaar 'n partypolitieke toespraak lewer. Hy het 'n telegram van Botha gekry om nie partypolitiek te laat uitsaai nie, want dit sou die simboliese trek baie skade aandoen (Roos, 1988a) en was ook teenstrydig met die Korporasie se beleid van geen party-politiek.

Volgens Roos (1950:139; Roos, 1954:43-44; Roos, 1957:17) het die landwye uitsendings van die 1938-Trek Afrikaners saamgesnoer in 'n "stygende emosionele belewenis". "Wyd en syd uitgedra deur die mikrofoon, en voortgestu deur die geesdrif van 'n verenigde volk, verenig deur

die radio soos nooit tevore nie, het die nederige trek 'n triomftog van vier maande geword..." (Roos, 1957:17.)

Volgens Orlik (1970:81) het die Afrikaner as gevolg van die trek-uitsendings werklik radio-bewus geword en is die radio as 'n noodsaaklikheid en nie net meer as 'n luukse beskou nie. Volgens Fuchs (1988) wat dit as die belangrikste gebeurtenis in die uitsaaiwese in die dertigerjare beskou, het dit die Afrikaanse radio vir die Afrikaanse luisteraar bekend gemaak. Die Nasionaliste se strewe na die gelykberegtiging van hul kultuur is hierdeur bevoordeel deurdat Afrikaans hom vir die eerste keer as radiotaal laat geld het (Anon., 1974b:66).

Alhoewel die gehalte van radio-Afrikaans aanvanklik nie goed was nie, wys die aktiwiteite van die Afrikaanse programdiens die mate waarin die SAUK reeds 'n genereerder van kultuur geword het (Teer-Tomaselli & De Villiers, 1998:154; Hayman & Tomaselli, 1989:39). Die klem het geleidelik, afgesien van vermaak, ook op inligting en die opvoeding van die Afrikaner begin val. Volgens Van der Walt (1973:127) is 'n begin gemaak om die radio deel van die Afrikaner se kultuuraksie te maak. 'n Boere-orkes is gestig en operas, operettes en musiekblyspele is in Afrikaans uitgesaai. 'n Vertalingsdiens is gestig om klassieke Europese skrywers toeganklik vir Afrikaanse luisteraars te maak en dramas is deur die Afrikaanssprekende personeel van die Korporasie geskryf. In 1938 alleen is 97 stukke uitgesaai. Radiokompetisies het later skrywers aangemoedig om werke by die SAUK voor te lê (Hayman & Tomaselli, 1989:39; vgl. Van der Walt, 1973:131-134; SAUK, 1938:21-23). Volgens Van der Walt (1973:135) was een van die doelstellings van die Afrikaanse Diens om die Afrikaanse taal tot sy reg te laat kom wat op verskillende maniere in verskeie programme gedoen is. Volgens Jacobs (1988:61) was die primêre vertrekpunt van die Afrikaanse Diens die aanwending van sy voertaal, Afrikaans. Volgens McClurg (1988) kan daar egter twee motiewe, polities en kultureel, gesien word agter die bevordering van die Afrikaanse kultuur in die magstryd wat gesentreer het rondom Afrikaner-isme teenoor Suid-Afrikaner-isme.

Die SAUK het dus binne die laaste twee jaar voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 en binne die eerste paar jaar van sy bestaan, sy dienste verdubbel met die instelling van 'n volwaardige Afrikaanse diens. Die poging om 'n gelyke diens aan albei wit bevolkingsgroepe te lewer, is egter deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog lamgelê (Van der Walt; 1973:35; Hayman & Tomaselli, 1989:32; Orlik, 1970:79). Die uitbreek van die oorlog sou ook die verskille wat tussen die Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes in die uitsaaiwese geblyk het, op 'n spits dryf.

## 5.4 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk sien 'n verbreding van die Afrikanernasionaliste se kultuurbegrip om ook die ekonomie in te sluit. In reaksie op die armblankeprobleem is doelbewuste pogings deur die etniese mobiliseerders binne die staat (Hertzog) en as deel van die burgerlike samelewing (onder andere die AB) aangewend om die Afrikaner ekonomies op te hef en op gelyke grondslag met die Engelse te plaas. 'n Belangrike boodskap van die etniese mobiliseerders was dat hierdie ekonomiese bevordering op nie-klassegrondslag moes plaasvind. Die groep se taal en kultuur is derhalwe aangewend om groepeenheid te bewerkstellig, 'n belangrike stap in hul posisionering teenoor die dominante Engelse groep.

Hoofstuk 4 het getoon hoe die Afrikaner se ekonomiese ondergeskiktheid ook sy posisie en verteenwoordiging in 'n kommersiële uitsaaiwese bepaal het. Met die stigting van die SAUK met 'n definitiewe kultuuropdrag ten opsigte van beide wit tale, het die Afrikaner 'n geleentheid tot gelykberegtiging van Afrikaans as uitsaaitaal gesien. Die uitsaaiwese het dus 'n terrein van die hegemoniese stryd tussen die twee wit taalgroepe geword. Onder die hoofsaaklik Engelse bestuur van die Korporasie is Afrikaners steeds benadeel deur die min uitsaaityd oor die radio, sowel as die swak ontvangs in die platteland waar die meeste Afrikaners steeds woonagtig was.

Ten spyte van die pogings tot die ekonomiese opheffing van die Afrikaner, was die meerderheid van radioluisteraars en lisensiehouers steeds Engelssprekend, soos uit die uitslag van die radio-referendum geblyk het. Die verstedeliking van die Afrikaner in hierdie tydperk sou egter lei tot 'n groter ongelukkigheid met die sendertekorte en meer druk vir Afrikaans oor die radio. Die gevolglike toename in die proporsionele verteenwoordiging van Afrikaans op een sender sou egter tot ontevredenheid by die Engelssprekende luisteraars lei. Die uiteinde van die gevolglike radio-polemiek van 1937 was dat die Korporasie genoop was om, ten spyte van finansiële moeilikhede en die aanvanklike teenstand van die regering en die Afrikaner, aparte senders vir Afrikaans en Engels beskikbaar te stel.

Die belangrikste gebeurtenis vir die Afrikaner se Nasionale beweging in hierdie tydperk was egter die 1938-Trek. Die dekking hiervan op die B-program (die Afrikaanse Diens) het nie net Afrikanereenheid ter wille van ekonomiese opheffing aangemoedig nie, dit het ook die Afrikaner radiobewus gemaak en Afrikaans as uitsaaitaal prominensie gegee.

Die verdeling van die twee tale op aparte dienste en die Afrikaner se groter radiobewustheid sou die Korporasie forseer om aan pariteit tussen die twee dienste, in uitvoering van sy kultuuropdrag, te begin werk, 'n kwessie wat deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog lamgelê sou word.

Die anti-Afrikaanse gevoel wat uit die radio-polemiek geblyk het en die anti-Engelse gevoel wat as gevolg van die ekonomiese mobilisering en met die herdenking van die Groot Trek opgevlam het, sou met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog tot uitbarsting kom en die hegemoniese alliansie finaal laat verbrokkel. Die Korporasie sou in die politieke magstryd tussen die twee wit taalgroepe beland. Die oorlog sou ook die SAUK noop om van sy Reithiaanse model van politieke neutraliteit af te wyk.

# Hoofstuk 6

## Uitsaai en oorlog: Politieke en tegniese struikelblokke in die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal, 1939-1948

### 6.1 INLEIDING

In Hoofstuk 5 is gesien hoe die Afrikaner se Nasionalistiese strewe ook die ekonomiese gelykberegtiging van die groep behels het. Volgens Giliomee (1981a:20) was die vordering op ekonomiese gebied belangrik, maar uiteindelik sou dit daarvan afhang of die Afrikaner as groep op sy eie politieke mag kon verwerf voordat daar 'n werklike deurbraak in die ekonomiese vooruitgang van die Afrikaner sou kom. In hierdie tydperk sedert die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, sou Afrikanerpolitiek 'n inherente deel van die Afrikaner se kultuurstrewe word (Meyer, 1984:68).

'n Anti-Engelse houding het in die laat dertigerjare, maar veral in die vroeë veertigerjare by die Nasionaliste bestaan, deels in reaksie op die anti-Afrikaanse houding van baie Engelssprekendes. Heelwat van die anti-Engelse gesindhede wat byvoorbeeld met die Ossewatrek van 1938 plek-plek tot uiting gekom het, het 'n spieëlbeeld in die anti-Afrikaansheid gehad wat in die radio-polemiek van 1937 (sien Hoofstuk 5), en ook as gevolg van die tweetaligheidsbeginsel in die staatsdiens (sien Hoofstuk 4) geblyk het. Ook die oorlog sou die gesindhede tussen die Afrikaanssprekende en Engelssprekende volksdele negatief beïnvloed (Steyn, 1991:84-85).

Wat die eksterne beleidsraamwerk betref, wil hierdie hoofstuk bepaal hoe die oorlogsverhoudinge tussen hierdie twee taalgroepe en ook binne die Afrikaner as groep, sy hegemoniese strewe beïnvloed het. Die na-oorlogse tydperk sien die kulminasie van die groep se kulturele en ekonomiese bewegings in die politieke magsoorname van die Nasionaliste as teenhegemoniese orde. Derhalwe kyk hierdie hoofstuk oorsigtelik na die effek van die oorlog op die Afrikaner se politieke magstryd en sy ekonomiese posisie, sowel as die rol van sy taal en kultuur in die stryd om politieke mag.

Wat die uitsaaiwese betref, is daar reeds in die vorige hoofstukke gesien hoe die ongemaklike verhoudinge in die regerende alliansie in die uitsaaiwese gereflekteer is. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog sou die SAUK direk by hierdie hegemoniese stryd betrek. Derhalwe staan hierdie hoofstuk stil by die invloed van die oorlog op die politieke verhoudinge binne die

Korporasie en ook die tegnologiese impak daarvan op die strewe na gelykberegtiging vir Afrikaans as uitsaaitaal binne die konteks van die groep se hegemoniese strewe.

## 6.2 DIE EKSTERNE BELEIDSRAAMWERK VAN AFRIKAANS AS UITSAAITAAL, 1939-1948

### 6.2.1 Die Afrikaner se stryd om politieke mag

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het die reeds wankelrige verhoudinge in die Verenigde Party en ook die hegemoniese alliansie tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes, finaal laat verkrummel. Hertzog se standpunt was dat dit 'n oorlog tussen Europese moondhede was, dat dit Suid-Afrika nie raak nie en dat die land daarom 'n posisie van neutraliteit moes handhaaf. Smuts weer was van die opinie dat dit in die belang van Suid-Afrika was om aan die kant van Brittanje tot die oorlog toe te tree. In die Volksraad se finale stemming is Smuts se voorstel met 80 stemme teenoor Hertzog se 67 aanvaar. Die VP het in twee geskeur. Smuts was toe Eerste Minister en het almal wat sy oorlogsbeleid ondersteun het, insluitende die Arbeidersparty en die Dominium Party, in 'n koalisieregering in sy kabinet opgeneem wat verder uit 'n gelyke aantal Engels- en Afrikaanssprekendes bestaan het. Hertzog en Malan het gesamentlik die opposisie gevorm (Liebenberg, 1987b:450-451; Liebenberg, 1987c:452; Mulder & Cruywagen, 1964:51-53; Akademie, 1966:25; Akademie, 1967:32).

Dit was dus 'n verdeelde Suid-Afrikaanse volk wat op 6 September 1939 tot die Tweede Wêreldoorlog toegetree het (Liebenberg, 1987c:452). Die teenstanders van die oorlog was bykans uitsluitend Afrikaanssprekend, terwyl die voorstanders uit beide Afrikaans- en Engelssprekendes bestaan het (Steyn, 1991:77).

Malan en die NP se steun vir Hertzog se neutraliteitsbeginsel het die ideaal van politieke eenheid in die verdeelde Afrikanergemeenskap wat reeds die vorige jaar met die eeufeesvieringe van 1938 'n hoogtepunt bereik het, weer laat opvlam (Nieuwoudt, 1967:35). Sê Malan: "Maar uit daardie oorlogsverklaring is daar as 'n godsdaad iets van blywende betekenis gebore. Dis die bymekaarbring van alle Nasionaalvoelende elemente in Suid-Afrika, of anders uitgedruk, die politieke eenwording van die Afrikanerdom." (Malan, 1961:178; vgl. Mulder & Cruywagen, 1964:53.)

Afrikanereenheid het na 'n realiteit gelyk by 'n groot AB-georganiseerde (Prinsloo, 1987:48) saamtrek op 8 September 1939 by Monumentkoppie, en met die vorming van die Herenigde Nasionale Party bestaande uit Malan se NP en Hertzog se Volksparty die daaropvolgende jaar (Bunting, 1969; Liebenberg, 1987c:455-456; Mulder & Cruywagen, 1964:53). Hertzog was die hoofleier van die nuwe party wat as die Herenigde Nasionale Party sou bekend staan (Liebenberg, 1987c:455; Pelzer, 1979:176). Ten spyte van groot verwagtinge was hierdie samewerking tussen Malan en Hertzog egter van korte duur (Giliomee, 1981a:87).

Dieselfde verskille oor 'n republiek wat in 1933 tot skeuring gelei het (sien Hoofstuk 4), sou toe weer opduik. Die Malaniete het Hertzog as te gematig beskou en nadat Hertzog se eie Vrystaters sy beginsel van gelyke regte vir beide wit taalgroepe verwerp het, het Hertzog uit die politiek getree (Pirow, 1965:321; Akademie, 1966:60; Nieuwoudt, 1967:39; vgl. Liebenberg, 1987c:455-456). 'n Groep van Hertzog se volgelinge het weggebreek en die Afrikaner Party onder NC Havenga gevorm (Akademie, 1966:20; Nieuwoudt, 1967:39). Oswald Pirow het die Nuwe Orde gestig wat die Duitse ideologie van nasionaal-sosialisme aangehang het (Liebenberg, 1987c:457).

Volgens Steyn (1991:77) het die militêre suksesse van Duitsland vanaf Mei 1940 'n groot invloed op die Suid-Afrikaanse politiek gehad. Baie Afrikaners het hierin hul onafhanklikheid in die vorm van 'n republiek sien kom. Volgens Cillié (1980:10) het hierdie sentiment en die verwarring van die oorlogsjare gelei tot die ontstaan van ekstremistiese splintergroepe soos die Nuwe Orde (vgl. Wiid, 1968:34). Hierdie groepe het sterk ten gunste van Duitsland gevoel, en het ook na pro-Nazi propaganda via die Duitse radiostasie, Zeesen, geluister (Floyd, 1975:106; Malan, 1961:223). Benewens hierdie groepe was daar ook die Ossewa Brandwag (OB) onder leiding van Hans van Rensburg wat, alhoewel dit in 1939 as 'n kultuurorganisasie begin het (Steyn, 1980:223), gaandeweg in botsing met Malan en die HNP sou kom (Liebenberg, 1987c:457; Meyer, 1984:33; vgl. Mulder & Cruywagen, 1964:53; vgl. Bunting, 1969). Die gewildheid van hierdie groepe het die persepsie by Engelssprekendes laat ontstaan dat alle Afrikaanssprekendes pro-Nazi was, soos ook in die uitsaaiwese geblyk het (sien 6.3.2).

Hierdie opposisiepartye het mekaar net so hewig en selfs hewiger beveg as wat hulle die regering aangeval het (Liebenberg, 1987c:458). Volgens Floyd (1975:109) was die stryd tussen die HNP, die OB, die Nuwe Orde en die AP 'n stryd om die leierskap van die Afrikaner op politieke gebied. Alhoewel al hierdie groepe ten gunste was van 'n republiek om Suid-Afrika uit 'n Britse

oorlog te hou, was hulle verdeeld oor die plek van die twee wit taalgroepe in so 'n politieke bestel (Steyn, 1991:77; Moodie, 1975:215).

Sedert 1938 het veral die noordelike leiers van die Nasionale Party toenemend die Afrikanerdom, bestaande uit wit Afrikaanssprekendes, as die enigste ware Suid-Afrikaanse volk en nasie gesien. Malan het nooit so ver gegaan nie, maar het die aanvaarding van 'n egte Suid-Afrikaanse nasieskap deur die Engelssprekendes as 'n voorwaarde vir wit eenheid gesien, terwyl beide groepe steeds gelyke taalregte sou geniet (Malan, 1961:234). Hieroor het Malan se stryd met die OB gegaan. Volgens die OB kon daar binne 'n staat nie meer as een volk erken word nie en daardie volk was die Afrikaner. Die Engelse moes hul afsonderlike bestaan as nasiegroep prysgee en in die Afrikanervolk opgaan of emigreer (Giliomee, 1981a:87-88; vgl. Steyn, 1991:80-81).

Volgens Steyn (1980:223) het die OB vir 'n wyle daarin geslaag om die nasionalisme van 1938 lewend te hou, aangehelp deur die Afrikaner se bitterheid oor die diskriminasie deur die regering, die botsings tussen Afrikaans- en Engelssprekendes en die aanvalle van soldate op die geboue van die Afrikaanse koerante en die Potchefstroomse Onderwyskollege (vgl. 6.2.2 en 6.2.3). Afrikaners wat deur politieke twiste verdeeld was, het mekaar in die OB gevind. Dit het die OB se ledetal op 'n stadium tot 400 000 laat groei (Stultz, 1974:79).

In 1941 het die OB 100 000 pamflette getiteld "Die Boererepubliek" versprei. Die taalbepaling van die konsep-grondwet vir 'n nuwe republiek wat hierin gepubliseer is, het gelui: "Afrikaans as die taal van die oorspronklike blanke inwoners van die land, is die eerste amptelike taal. Engels word beskou as 'n tweede of aanvullende amptelike taal, wat op 'n voet van gelykheid behandel word en gelyke vryheid, regte en voorregte geniet met die amptelike taal, oral en wanneer sodanige behandeling deur die staatsgesag beoordeel word as in die beste belange van die staat en sy inwoners." (Steyn, 1991:80; Stultz, 1974:112.) 'n Jaar later is hierdie konsep-grondwet vir 'n toekomstige republiek met sy kontroversiële taalbepaling bekend gemaak en as HNP-beleid in die koerante gepubliseer. Hierdie artikel is gekritiseer deur die vernaamste NP mondstuk, *Die Burger*, asook *Die Volksblad* en *Die Oosterlig* omdat dit op onreg teenoor die Engelssprekendes sou neerkom en ook in stryd was met die erkende Nasionale Party-beleid teenoor die twee taalgroepe (vgl. Malan, 1961:234). Binne enkele maande is die voorgestelde taalbepaling deur die partyleier, Malan en die Transvaalse leier, adv JG Strijdom, gerepudieer (Steyn, 1991:73; Stultz, 1974:112). Teenoor die aantygings teen die Nasionale Party dat hulle hierdie konsep-grondwet aanvaar het, het Malan in die Federale Raad verklaar dat die konsep

destyds deur die Afrikaner Eenheidskomitee as 'n punt vir verdere bespreking opgestel is. Voor dit egter kon plaasvind, het die OB dit onderskep en as hulle voorstel gepubliseer (Malan, 1964:207).

Alhoewel die leiers van die HNP en die Afrikaanse koerante hierdie beginsel verwerp het, het dit die goedkeuring van baie Afrikaners weggedra. Die Smuts-regering se vervolging van Afrikaanssprekendes en die vertraging in die gelykberegtiging van Afrikaans in die staatsdiens (sien 6.2.3) en die uitsaaiwese (sien 6.3.3) sou die groep se taal weer as verenigende simbool na vore laat tree. Die benamings van *Die Nuwe Taalstryd* en *Die Derde Taalstryd* is na die opstel van die ontwerp-grondwet gebruik (Steyn, 1991:85).

Die OB het al hoe meer op die HNP se terrein begin beweeg en verklaar dat net hy in staat sal wees om 'n republiek vir Suid-Afrika te verkry (Malan, 1964:206; vgl. Floyd, 1975:98; vgl. Meyer, 1981:31). Malan het hierdie as 'n verbreking van die Cradock-ooreenkoms gesien waarvolgens die HNP op politieke terrein en die OB op nie-politieke terrein sou beweeg (Malan, 1961:189; Malan, 1964:206). Hy het openlik sy breuk met die OB en sy "volksvreemde ideologie" verklaar en die lede van sy party versoek om uit die organisasie te bedank (Liebenberg, 1987c:458; vgl. Bunting, 1969; Meyer, 1984:33; Pelzer, 1979:177). Die Afrikaner Eenheidskomitee het uitmekaar gespat nadat die HNP-OB stryd in 'n openlike twis ontaard het. Na die breuk met die HNP sou die OB se gewildheid ook afneem (Pelzer, 1979:177; vgl. Malan, 1964:207; Prinsloo, 1987:48).

Hierdie verdeeldheid, tesame met die onsekerheid om te midde van 'n oorlog van regering te verander, asook die wending van die oorlog in die guns van die Geallieerdes, het die VP sterk in die 1943-verkiesing begunstig (Bartlett, 1982:11; Swart, 1963:118; Liebenberg, 1987c:458; vgl. Mulder & Cruywagen, 1964:53). Volgens Floyd (1975:106) het die feit dat Duitsland toe aan die verloorkant was die regse groepe weer na die HNP as hul politieke tuiste laat kyk (vgl. Stultz, 1974:98). Ten spyte van die oorweldigende nederlaag, het Malan 'n mate van sukses behaal deurdat sy mede-opposisiepartye, die AP en die NO heeltemal uitgeskakel is (Liebenberg, 1987c:458). Volgens Malan (1964:215) het die Nasionaliste besef dat 'n republiek nooit tot stand sou kom as hulle nie die politieke mag verwerf nie en het hulle sedert 1943 alle moontlike stappe gedoen om die HNP verder uit te bou. Hiervoor is ook 'n Republikeinse Strydfonds gestig.

Die einde van die Tweede Wêreldoorlog in 1945 het 'n einde gemaak aan die stryd oor Suid-Afrika se deelname aan 'n oorlog wat hom nie regstreeks geraak het nie. Die rassekwessie sou

toe sentraal in die Suid-Afrikaanse politiek staan wat ook die regerende koalisie sou laat verbrokkel (Stultz, 1974:109; Liebenberg, 1987c:472).

Daarenteen het Malan geslaag om diegene wat Suid-Afrika se oorlogspoging teengestaan het, te verenig. Malan en Havenga, leier van die Afrikaner Party, het in 1947 'n ooreenkoms met die oog op die 1948-verkiesing bereik (Malan, 1964:224; Liebenberg, 1987c:473; Anon., 2000). Ook die lede van die OB kon toe lede van dié party word, sonder om uit die OB te bedank (Mulder & Cruywagen, 1964:53; Anon., 2000). Met behulp van die AP het die HNP die 1948-verkiesing teen alle verwagtinge in gewen (Malan, 1964:230-231; Swart 1963:121; Mulder & Cruywagen, 1964:55).

Onder die belangrikste redes vir die VP se nederlaag is die volgende: die gewildheid van die HNP se apartheidsbeleid (soos geformuleer deur die Sauer-kommissie) in die na-oorlogse konteks (Liebenberg, 1987b:474; Swart, 1963:118-119; Liebenberg, 1987c:466-468; vgl. Malan, 1964:222-224); die feit dat die HNP hom veral tot Afrikaanssprekendes gewend het wat in getalsterkte 60:40 teen die Engelssprekendes was (Anon., 2000; Liebenberg, 1987c:474-476; Sadie, 1957:16); die ekonomiese gevolge van die oorlog (sien 6.2.2); die samewerkingsooreenkoms tussen die HNP en die AP (Liebenberg, 1987c:476); en die selfversekerdheid van die VP dat Smuts se wêreldaansien hulle weer die verkiesingsoorwinning sou besorg (Swart, 1963:119; Liebenberg, 1987c:474; Anon., 2000; vgl. Bunting, 1969).

Alhoewel al hierdie faktore bygedra het tot die politieke magsverkryging van die Afrikaner, stel Giliomee (1981a:88) dit dat die oorwinning in die verkiesing deur 'n beslissende mate van Afrikanereenheid verseker is. Dit was die uiteinde van die Afrikaner se kulturele, ekonomiese en uiteindelike politieke mobilisasie om die status van die groep te verbeter. Die HNP was suksesvol in sy propaganda, gevoer deur veral sy organiese instellings, dat dit 'n allesomvattende etniese party is, 'n "volksbeweging" wat die belange van al die verskillende klasse binne die Afrikanergeledere sou bevorder (Giliomee, 1981b:120).

Die uitslag was ook vir Malan 'n persoonlike triomf van Afrikanernasionalisme oor Britse imperialisme. Die HNP en die AP het in 1951 saamgesmelt om die Nasionale Party, dieselfde naam as wat van 1914 tot 1939 gebruik is, te vorm (Anon., 2000; Bartlett, 1982:11). Die beleid van gelykberegtiging van albei taalgroepe wat onder die Smuts-regering nie toegepas is nie, is weer deur Malan ingestel (sien 6.2.2). Sy kabinet, almal Afrikaners, was die eerste tweetalige kabinet van die Unie (Malan, 1964:233; Anon., 2000).

### 6.2.2 Ekonomiese faktore in die Afrikaner se stryd om mag

Die groeiende oorlogsekonomie, tesame met die ekonomiese beweging van die Afrikaner wat by die Ekonomiese Volkskongres in 1939 geloods is, sou die armblankevraagstuk wat die dertigerjare oorheers het, oplos (Giliomee, 1981b:120). Danksy die snelle nywerheidsontwikkeling en die gepaardgaande toename in werkgeleenthede, het die lewenstandaard van veral die armer klas geweldig verbeter (Sadie, 1957:11; Liebenberg, 1987b:459).

Die belangrikste vordering in die Afrikaner se ekonomiese posisie was sy vooruitgang in die handel en nywerheid met die oorname van verskeie klein Engelse en Joodse winkels in die plattelandse gebiede (Giliomee, 1981b:120). Ook in die uitsaaiwese het die Afrikaner opgang gemaak deur sleutelposte, oopgelaat deur Engelssprekende personeellede wat by die oorlog aangesluit het, te vul, alhoewel hierdie aanstellings net tydelik was (sien 6.3.2).

Die politieke en opvoedkundige vordering van die Afrikaner, en sy oorheersing van die meeste geskoolde ambagte, het Engelse sakemanne genoop om aan meer Afrikaners werk te verskaf. Alhoewel Afrikaners in 1936 reeds drie-vyfdes van die getal wit staatsamptenare uitgemaak het, het die Engelse na die oorlog steeds die dominante posisie in die hoër-vlak poste beklee, ook in die uitsaaiwese (Giliomee, 1981b:121; vgl. Sadie, 1957:12). Gedurende die oorlog het die Afrikaner se posisie in die staatsdiens versleg, nie net as gevolg van die verslapping in die toepassing van die tweetaligheidsbeginsel nie (Steyn, 1980:223; sien 6.2.3), maar ook as gevolg van die optrede van die Smuts-regering as onstabiele hegemoniese orde teen die Afrikaner as teenhegemoniese groep (Pelzer, 1979:113; sien 6.2.1).

Volgens Giliomee (1981b:120) was die vernaamste prestasie van die ekonomiese beweging die groei van Afrikaner-ondernemings soos Federale Volksbeleggings en die Rembrandt-groep. Verskeie Afrikaner ekonomiese instellings is ook in die tyd gestig om na die Afrikaner se ekonomiese belange om te sien. Die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) is in 1941 gestig en het Afrikaanse sakemanne in Afrikaanse sakekamers saamgesnoer. Daar is ook pogings aangewend om Afrikaner sake-ondernemings met Engelse ondernemings te laat meeding en deur middel van Afrikaanse sentiment die lojaliteit van Afrikaanse verbruikers te verwerf (Giliomee, 1981b:128; vgl. Sadie, 1957:37-38). Vanaf 1944 is die RDB en die AB se ekonomiese veldtog deur die Blankewerkerbeskermingsbond gevoer (Giliomee, 1981b:119). Die verstedeliking van die Afrikaner en die versterking van sy ekonomiese posisie in die na-oorlogse jare, sou ook lei tot

groter druk op die uitsaaiwese om die Afrikaanse Diens op gelyke grondslag met die Engelse Diens te plaas (sien 6.3.3).

Die ekonomie sou ook 'n groot rol speel in die HNP se verkiesingsoorwinning in 1948, hoofsaaklik vanweë die algemene ontevredenheid met Smuts se ekonomiese beleid. Die ekonomiese gevolge van die Tweede Wêreldoorlog het die VP-regering sleg laat vertoon (Anon., 2000). Suid-Afrikaners het gekla oor behuisingsprobleme, swak salarisse, werkloosheid, die trae vordering in verband met demobilisasie en die heropname van ontslane soldate in maatskappye, onduidelikheid aangaande Smuts se toekomsplanne en die herinneringe aan die oorlogstekorte (Swart, 1963:118-119; Liebenberg, 1987c:476). Hierteenoor het die HNP reeds in 1944 sy ekonomiese plan geformuleer wat in die Nasionale koerante gepubliseer is en ook in pamfletvorm in Engels versprei is (Malan, 1964:217). Die Smuts-regering se onwilligheid om staatsdwang te gebruik om die arbeidskrisis van die boere die hoof te bied, het ook daartoe gelei dat die VP in die 1948-verkiesing nie een plattelandse setel in die Transvaal kon verwerf nie (Giliomee, 1981b:122).

Alhoewel belangrike ekonomiese vordering in die veertigerjare gemaak is, het die Afrikaner egter steeds nie oor die ekonomiese mag beskik nie. Oorheersing op ekonomiese gebied is egter noodsaaklik vir die handhawing van hegemonie (sien Hoofstuk 2). Die nuwe Nasionale regering sou dus na bewindsoorname verskeie stappe, soos die strenger toepassing van die tweetaligheidsvereiste en die aanstelling van Nasionaal-gesinde Afrikaners, neem om sy politieke beheer te verstewig en die Afrikaner ekonomies te bevoordeel (Giliomee, 1981b:126). Die verkiesingsoorwinning van 1948 was dus ook 'n oorwinning vir Afrikaanse taalnasionalisme (Steyn, 1980:224).

### 6.2.3 Taal en kultuur in die magstryd

Volgens Steyn (1991:86) was 'n groot deel van die politieke stryd in die oorlogsjare ook 'n kulturele stryd. Al kon die verskillende Afrikaanse groeperinge nie oor die ideale vorm van republikanisme ooreenstem nie, was hul taal volgens Moodie (1975:239) steeds die basis van volkseenheid. Ná die opstel van die konsep-grondwet vir 'n republiek is daar van *Die Nuwe Taalstryd* of *Die Derde Taalstryd* gepraat (Steyn, 1991:85; sien 6.2.1). Hierdie hernude fokus op taal as verenigende faktor, is ook grotendeels veroorsaak deur die Smuts-regering se optrede teen Afrikaans en Afrikaanssprekendes.

Volgens Cillié (1980:10) het die anti-Afrikaanse sentiment by die Engelse gedurende die oorlogsjare, soos veral in die uitsaaiwese sou blyk (sien 6.3.2), Afrikaners in wat hulle as hul eie land beskou het, laat ontuis voel (vgl. Steyn, 1991:85). Die atmosfeer in die land tussen die Afrikaanse en Engelse groepe was een waar die taalgroepe lynreg in botsing met mekaar gekom het (Floyd, 1975:105). Die vrees van die Afrikaner was dat waar hy voorheen, onder Hertzog, 'n mate van vooruitgang beleef het, hy toe onder Smuts se imperialistiese bestel weer 'n terugslag sou kry. Gedurende die oorlogsjare het die posisie van die Afrikaner in die staatsdiens versleg (Pelzer, 1979:113; Steyn, 1980:223; sien 6.2.2). *Die Burger* het in 1943 in 'n sub-hoofartikel 'n oorsig van dié taalgriewe gegee: "Met die Unie 33 jaar oud, het ons 'n Kabinet die helfte van wie se lede uit Engels eentaliges bestaan; het ons 'n staats- en spoorwegdiens waarin troppe Engels-eentalige amptenare nie alleen te vind is nie, maar selfs herhaaldelik bevorder word; het ons in Kaapland plaaslike bestuurstelsels waarvoor die landswet nie eens vereis dat die amptenare tweetalig moet wees nie." (Steyn, 1991:85.) Ook in die SAUK het die vertragings wat die oorlog in die gelykberegtiging van Afrikaans as uitsaaitaal veroorsaak het, tot groot ontevredenheid gelei (sien 6.3.3).

Net voor die 1943-verkiesing het die VP probeer om tweetaligheid en burgerlike eenheid aan te moedig deur dubbelmedium onderrig in eksklusief eentalige skole te implementeer. Die argument was dat hierdie Afrikaanse skole in die pad staan van tweetaligheid en groter samewerking tussen die twee taalgroepe (Steyn, 1980:209). In reaksie hierop het die FAK 'n Volkskongres belê om hierteen te protesteer (Moodie, 1975:239). Afrikaners het hierin, net soos in die oorweldigende Engelsheid van die radio en die politiek-kulturele stryd wat in 1937 daar rondom ontstaan het (Steyn, 1980:210) 'n poging tot verengelsing deur 'n Engelse regering gesien wat hulle aan Milnerisme herinner het (sien Hoofstuk 3).

Hierdie vraagstuk het by die volgende Parlementsitting tot 'n debat in die Volksraad gelei, alhoewel geen besluit geneem is nie (Malan, 1964:214-215). Volgens Moodie (1975:242) kon hierin tekens van hernude samewerking tussen Afrikaner politieke en kulturele leiers gesien word alhoewel hierdie kwessie nie tot enige stemme gedurende die 1943-verkiesing bygedra het nie. Die Afrikaner se moedertaal was dus weer eens 'n verenigende faktor. Waar dit in Hoofstuk 5 ter wille van ekonomiese mobilisering gebruik is, sou dit tot sy politieke stryd bydra (sien 6.2.1).

Nie net is daar in die Afrikaanse koerante (*Die Burger*, *Die Oosterlig*, *Die Volksblad* en *Die Transvaler*) gekla oor die "taalverwaarlosing" in die staatsdiens en in die uitsaaiwese nie, maar

ook oor die optrede teen Afrikaners. Aanhouding en internering sonder verhoor onder wat as "Smuts se diktatuur" beskryf is (vgl. Anon., 1940:6) het groot bitterheid veroorsaak (Steyn, 1991:85; Wiid, 1968:34-35). Die HNP het reeds in 1942 'n Uniale kongres oor onder andere hierdie kwessie sowel as oor die dwangmaatreëls wat deur die regering toegepas is in die werwing van Afrikaanse rekrute vir die oorlog gehou. Die kongres het baie aandag van die Afrikaanse publiek getrek (Malan, 1964:208).

Die Smuts-regering het ook die OB, die RDB en die AB as Nazi-gesinde organisasies beskou wat die regering se oorlogspoging in belang van 'n Duitse oorwinning wou ondermyn (Meyer, 1998:40; vgl. Stultz, 1974:53). Op 15 Desember 1944 het die regering onder die Nasionale Veiligheidsregulasies geëis dat lede van die staatsdiens, spoorwegwerkers en onderwysers wat ook AB lede was, onmiddellik bedank (Meyer, 1984:40; 29; Pelzer, 1979:82; Stultz, 1974:53; Steyn, 1980:224). Alhoewel die uitsaaiwese nie hierby ingesluit is nie, is druk deur die Engelse bestuur op AB-lede binne die Korporasie uitgeoefen om te bedank (sien 6.3.1). In reaksie hierop het Verwoerd 'n reeks artikels oor die AB en sy funksies geskryf deur die sekretaris van die organisasie, IM Lombard, in *Die Transvaler* gepubliseer om aan te toon dat dit 'n Afrikaner-kultuurorganisasie was wat beslis nie met die ondermyning van die regering se oorlogspoging besig was nie (Meyer, 1984:40; Pelzer, 1979:83; Stultz, 1974:53). Smuts se optrede het meegebring dat meer as 'n 1 000 lede van die AB noodgedwonge, alhoewel tydelik, moes uittree. Slegs 'n klein groepie van hulle het nie na die oorlog aansoek om heropname gedoen nie (Meyer, 1984:68; vgl. Pelzer, 1979:82-83). Minder as vyf maande na hierdie stappe teen die AB, was die oorlog verby en het Smuts sy noodmaatreëls gelig (Pelzer, 1979:83-84).

## 6.3 DIE POLITIEKE EN TEGNOLOGIESE IMPAK VAN DIE OORLOG OP DIE SAUK

### 6.3.1 Die SAUK steun die oorlog

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog sou die SAUK voor die eerste toets van sy outonomiteit en neutraliteit te staan bring (Gerber, 1997:93). Nadat die nuwe regering sy oorlogsbeleid geformuleer het, het Smuts die Korporasie opdrag gegee om dit uit te saai. Die Raad, wat besorg was dat dit in stryd sou wees met hul beleid om nie partypolitiek uit te saai nie, het onmiddellik sy regsadviseurs genader, wat hom geadviseer het om die opdrag uit te voer. Dit is in Afrikaans en Engels gedoen. Volgens Roos (1988a) was dit die eerste keer dat die Korporasie 'n direkte opdrag van die regering ontvang het.

In *The Sunday Times* van 10 Desember 1939 is die Korporasie daarvan beskuldig dat hy kragtige pogings aangewend het om te verhinder dat die verklaring uitgesaai word na aanleiding van die vertraging om eers regsadvies in te win. Die Page-kommissie wat in 1939 aangewys is met die doel om ondersoek in te stel na die SAUK se oorlogsbedrywighede (SAUK, 1940:6-7; Hayman & Tomaselli, 1989:38; Page, 1941:3), sou egter later bevind dat dit aanvaarbaar was dat die direkteur-generaal, René Caprara, oor die uitsending getwyfel het, aangesien dit die beleid van die Korporasie was om tot op daardie stadium nie enigiets van politieke aard uit te saai nie (Page, 1941:6-7).

Kort hierna het die Raad ontmoet om sy eie beleid in verband met die oorlog te bepaal. Die Raad het eenparig besluit om die regering in sy oorlogspoging te steun en ook sy volle samewerking vir die regering te gee. Dit is so aan die regering oorgedra (Roos, 1988a; SAUK, 1939:4; Van der Walt, 1973:122). Volgens McClurg (1988) was die Raad meer verteenwoordigend van Engelse as van Afrikaners en derhalwe kon daar 'n sterk gevoel gewees het dat hulle lojaliteite by die regering lê. Volgens Roos (1957:9-10; Roos, 1998a) was dit ondenkbaar dat die openbare uitsaaier in daardie tyd neutraal sou kon bly en vir die duur van die oorlog het die Korporasie van sy beleid van neutraliteit afgesien. In die hegemoniese stryd wat deur die uitbreek van die oorlog ontketen is, het die SAUK dus besluit om die Smuts-regering te ondersteun.

Die besluit van die Korporasie om die regering se oorlogspoging te steun, het kritiek van beide die Engelse en die Afrikaanse pers uitgelok. Die Engelse pers (*The Cape Argus* en *The Natal Witness*) was bekommerd dat die uitsaaiwese 'n propaganda-masjien vir partypolitiek sou word. *The Natal Mercury* het ook gewaarsku dat dit nodig is om die gesindhede van die personeel wat die uitsendings sou behartig, te bepaal voordat daar tot so 'n stap oorgegaan sou word (Anon., 1940:5). *Die Transvaler* en *Die Vaderland* was ook besorg dat die uitsaaiwese in die hande van die oorwegend Engelse regering vir partypolitieke doeleindes misbruik sou word, maar veral is daar gevrees dat die Afrikaanse kultuur daaronder sou ly (Anon., 1940:5; vgl. Roos, 1988a). Al hierdie vrese het op een of ander wyse gedurende die oorlogsjare tot uiting gekom.

Soos in die res van die land (sien 6.2.1), was daar ook verdeeldheid tussen die Sappe (Smuts-ondersteuners) en die Natte (Malaniete) binne die SAUK oor hierdie besluit om die oorlogspoging te steun. Die meeste bestuurslede van die Korporasie het uit eersgenoemde groep gekom wat hulle in botsing met die Afrikanernasionaliste binne die Korporasie sou bring (vgl. 6.3.2).

MC Botha, die voorsitter van die Raad wat ook vir die oorlogspoging gestem het, was beide 'n lid van die AB (sien Hoofstuk 4) en 'n ondersteuner van Smuts se beleid (Roos, 1988b; Fuchs, 1988). Toe Gideon Roos, op daardie stadium 'n Afrikaanse omroeper (sien Hoofstuk 5), sy ongelukkigheid teenoor Botha met hierdie besluit uitgespreek het, het Botha hom geantwoord met: "Kyk, ek begryp hoe jy voel, ek voel ook so, maar antwoord my net een vraag – kan jy, as iemand wat sy vaderland liefhet, kan jy jou voorstel, dat jou vaderland in oorlog is, en sy amptelike uitsaaidiens is neutraal?" Hiermee het hy ook vir Roos tot ondersteuning van sy standpunt oorgehaal (Roos, 1988b).

Botha en Roos is deur die Nasionaliste verwyt vir hierdie besluit om die oorlogspoging te steun. Volgens Roos (1988b) was Botha op daardie stadium ook rektor van die Universiteit van Pretoria en is hy as gevolg hiervan deur die Nasionaliste daar weggewerk. Botha het hierna verbitterd geraak en het in die 1948-verkiesing vir die SAP in George gestaan, maar het teen PW Botha verloor (Fuchs, 1988; vgl. Anon., 1947a; Anon., 1947b; Anon., 1948). Roos weer, is deur JF (Kowie) Marais, hoof van die Afrikaans Diens, as 'n "bleddie verraaier" uitgekryt. Die Afrikaners het geglo dat hy 'n Anglo-Saksiese oriëntasie het omdat hy aan Oxford gestudeer het (Fuchs, 1988). Afrikaners het Roos later kwalik geneem dat hy, as AB-lid, onder druk uit die Korporasie bedank het, alhoewel die AB (volgens hom) hom 'n eervolle ontslag gegee het en hy dus in diens van die Korporasie kon bly (sien 6.3.2). Volgens Fuchs (1988) was daar ander mense in die SAUK, soos Thys van Lille, wat destyds 'n lid van die AB was, maar wat nie uitgetree het nie. "Hy het nie geskrik nie." Volgens Roos (1988b) het die Nasionaliste gevoel dat enigiemand wat toe nog in die SAUK was, outomaties 'n VP-ondersteuner was.

Ook die direkteur-generaal van die Korporasie, Caprara, was pro-Smuts en het die rang van majoor van die regering ontvang. Volgens Lee (1970:4) het hy deur die dra van die uniform hom ten volle met die oorlogspoging geïdentifiseer en het hy 'n aktiewe rol gespeel om die Korporasie tot ondersteuning van die regering se oorlogspoging te mobiliseer. Hierin het hy teen beide die Nasionaliste binne die Korporasie en dr HF Verwoerd as redakteur van *Die Transvaler* te staan gekom. Volgens McClurg (1988) is Caprara ook telkemale deur die Afrikaanse pers aangeval. James McClurg self, sedert 1940 Superintendent van Nuus en Praatjies (SAUK, 1940:13), was ook pro die oorlogsbeleid.

In die oorlogstyd, Augustus 1942, het prof L Fouché vir MC Botha as voorsitter van die Raad van die SAUK opgevolg (SAUK, 1942:5). Volgens Douglas Fuchs (1988) wat in 1942 Roos as hoof van die Afrikaanse Diens opgevolg het (Roos was toe sekretaris van die Korporasie), het

Smuts Fouché as waghond aangestel "om dop te hou binne die Korporasie, dat die Afrikaners nie maak en breek soos hulle wil nie". Fouché was baie ongewild by die Nasionaliste oor die Blou Boek wat hy oor die Rebellie geskryf het, waarin hy na die Voortrekkers as die "nomads" verwys het (Roos, 1988a). Hy was ook pro-Smuts en anti-Afrikaans (McClurg, 1988). "Onder Fouché was ons onvoorwaardelik polities gekompromiteer tot steun vir die oorlog." (Fuchs, 1988.)

Alhoewel die Korporasie sy outonomiteit gedurende die oorlog behou het, is dit volgens Fuchs (1988) verstaanbaar dat hy in die rigting van die regering begin neig het in die ondersteuning van die oorlogspoging. In September 1941 is die SAUK ingevolge landsveiligheidsregulasies tot 'n openbare inrigting verklaar wat die regering groter mag rakende die Korporasie en die oorlogspoging gegee het (SAUK, 1941:6). Volgens Roos (1988b) het hy as sekretaris van die Korporasie drie opdragte van die militêre owerhede ontvang om iemand om sekuriteitsredes te ontslaan. Hierdie regeringsinmenging het slegs die land se oorlogspoging behels. Volgens Roos (1988a) het die Raad redelik sterk gereageer toe dit blyk asof die Minister van Pos- en Telegraafwese, senator CF Clarkson, in nie-oorlogsake soos personeel- en programaangeleenthede wou inmeng. In 1944 het die SAUK regsadvies hieroor ingewin en adv JGN Strauss se aanbeveling was dat die betrokke minister daarop gewys moet word en indien hy daarmee sou voortgaan, dat die kwessie in die jaarverslag genoem moes word, in welke geval dit dan onder die Parlement se aandag sou kom (Gerber, 1997:93).

Die Korporasie het nie net deur hul ondersteuning van die oorlogspoging die regering gesteun nie, maar is ook aktief deur die Smuts-regering aangewend om die groeiende swart arbeidersmag tot die heersende Engelse faksie oor te win in 'n poging om die hegemoniese krisis wat deur die oorlog veroorsaak is, die hoof te bied (Hayman & Tomaselli, 1989:39-40). Die Korporasie was dus nie net 'n terrein van stryd tussen die Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes nie, maar ook 'n ideologiese voertuig vir die regering van die tyd. Met die samewerking van die Departement van Naturellesake het die Korporasie 'n diens na die hostels in alle stede en groot dorpe ingestel. Die diens is deur middel van telefoonlyne herlei en is elke aand van die week uitgesaai (vgl. SAUK, 1989:2). Ook is 'n program drie oggende van die week uitgesaai, via die Engelse en Afrikaanse kanale, en beide sisteme is in Zoeloe, Xhosa en Sotho, volgens die taal van die streek aangebied (Teer-Tomaselli & De Villiers, 1998:154). Die sisteem is in 1945 opgeskort toe die Departement van Naturellesake sy ondersteuning onttrek het. Dit kan geargumenteer word dat dit tot die ongelukkigheid van Afrikaners binne die Korporasie in hierdie tydperk bygedra het.

Die SAUK het wel 'n onderskeid tussen die oorlogspoging en binnelandse partypolitieke aangeleenthede getref. In 1940 het die Raad besluit om verklarings deur ministers rakende die oorlog uit te saai, maar dit het nie partypolitieke toesprake ingesluit nie (SAUK, 1940:5; McClurg, 1988). Hierdie besluit is dwarsdeur die oorlog toegepas.

Alhoewel die tegnologiese ontwikkeling van die SAUK deur die oorlog gestrem is (Anon., 1986:63-64; sien 6.3.3), het die Korporasie tog 'n rol in die oorlogspoging gespeel. Net voor die uitbreek van die oorlog, is 'n kortgolf ontvangstasie in Panorama, naby Johannesburg, opgerig waardeur BBC nuus in die tydperk 1940 tot 1950 na Suid-Afrikaanse luisteraars herlei is. Die stasie is gebruik as 'n oorlogtydse moniteringsdiens wat die Geallieerdes en die Spilmoondhede se uitsendings 24 uur per dag gemonitor het en as bron van intelligensie vir die Minister van Verdediging opgetree het (Orlik, 1970:84-85; Hayman & Tomaselli, 1989:35-36; SAUK, 1940:6; Roos, 1950:140). Die SAUK se Mobiele Opname-eenhede het die soldate na Noord-Afrika, Madagaskar en Italië vergesel en materiaal na Suid-Afrika gestuur (Roos, 1950:140; Roos, 1954:44; Van der Walt, 1973:122). Deur middel van hierdie spanne en die Korporasie tuis, is boodskappe tussen die soldate en hul familie en vriende tuis uitgeruil (Roos, 1954:44; Anon., 1986:63-64).

Benewens 'n aantal plaaslike programme, is die meeste oorlogsverslae en –programme regstreeks van die BBC herlei (Van der Walt, 1973:122; Orlik, 1970:86). Alle oorlogsmateriaal moes eers deur beide die Britse sensors en deur Smuts goedgekeur word voordat dit uitgesaai is (Wilson, 1975). Op versoek van die regering het die Raad 'n sekere tyd elke dag tot beskikking van die regering gestel vir die uitsending van mededelings van die regering se inligtingsbeampte wat op die oorlog betrekking gehad het (SAUK, 1939:4; vgl. Fuchs, 1988; Roos, 1988a). Smuts het die Korporasie se fasiliteite gebruik om die publiek in te lig en te mobiliseer vir die oorlogspoging (Orlik, 1970:87).

Volgens McClurg (1988) het die Afrikanernasionaliste in hierdie Engels kultureel-gedomineerde uitsaaiwese hulle in 'n nadelige posisie bevind. Hulle is gedwing om die oorlogspoging te steun. Die bestuur het byvoorbeeld daarop aangedring dat krieket op die Afrikaanse programme uitgesaai moes word, wat deur hulle as 'n imperiale simbool beskou is. Volgens Hayman en Tomaselli (1989:38) en McClurg (1988) was die Nasionaliste (insluitende die Afrikaanse personeel van die Korporasie) ontevrede oor die Britse oriëntasie en inhoud van uitsaaiprogramme, soos dié wat van die BBC herlei is, veral op die B-program, die Afrikaanse Diens. Dit het gelei tot verset van Afrikaners binne die Korporasie wat die anti-oorlogse

standpunt van Hertzog en Malan ondersteun het, teen die oorlogspoging. Die gevolg hiervan was dat die SAUK, as instelling in die burgerlike samelewing, die terrein van stryd tussen die Afrikaans- en Engelssprekende bevolkingsdele geword het.

### 6.3.2 Afrikaners binne die Korporasie se verset teen die oorlog

Kowie Marais, die hoof van die Afrikaanse Diens, se standpunt was dat die SAUK neutraal moes bly (Fuchs, 1988). Na die uitbreek van die oorlog het Marais sy personeellede, bestaande uit onder andere Pieter de Waal en Gideon Roos, ingeroep en daarin geslaag om almal, behalwe Roos, tot sy standpunt te oorreed. Ten spyte van die Raad se besluit, het Marais volgehou dat die SAUK polities onsydig moes bly en het ook 'n bedrag aan *Die Transvaler* se anti-oorlogsfonds gestuur en gevra dat sy naam gepubliseer moes word. Hy is toe deur die Raad ontslaan en later, as gevolg van sy anti-oorlogse bedrywighede, deur die regering in Koffiefontein geïnterneer (Roos, 1988b). Roos is in sy plek as hoof van die Afrikaanse Diens aangestel (Fuchs, 1988; Roos, 1988a).

Douglas Fuchs, wat Roos as hoof van die Afrikaanse Diens opgevolg het, is deur Marais beïnvloed en was ook sterk teen die oorlogspoging van die Korporasie (Fuchs, 1988). Hy was ook 'n ingeskrewe lid, alhoewel nie aktief nie, van die OB (Fuchs, 1988; vgl. McClurg, 1988). Volgens Fuchs (1988) het hy in die oorlogsjare vir Caprara gesê dat alhoewel hy nie met die bestuur se oorlogsaktiwiteite saamstem nie, hy eerder op die kulturele dinge van die Afrikaner gaan fokus. In 1946 het Fuchs (1988) ná 'n voorval waar Engels oor die Afrikaanse Diens uitgesaai is 'n memorandum opgestel waarin teen die ongelykheid van Afrikaans beswaar gemaak is. Die memorandum het uitgewys dat die Engelse sendersterkte drie keer sterker as die Afrikaanse Diens s'n was (sien 6.3.3); dat die kontroleur van die Afrikaanse programme, G Dickson, wat hoof oor Fuchs en die Afrikaanse Diens was, eentalig Engelssprekend was; dat die hoof van die kopiereg-afdeling eentalig Engelssprekend was; en dat die hoof van die nuusdiens, J McClurg, wat wel Afrikaans kon verstaan, sterk SAP-georiënteerd was en nie ten gunste van Afrikaans was nie (Fuchs, 1988). Die Schoch-kommissie sou in 1948 bevind dat daar 'n ernstige tekort aan Afrikaanse personeel in die Korporasie is en het aanbeveel dat meer Afrikaanse personeellede verkry moes word en dat slegs tweetalige persone aangestel moes word in poste waarvoor enige kennis van albei landstale wenslik is (Schoch, 1948:51).

Die Afrikaanse aankondigers het geweier om verslae van die regering se Inligtingsburo uit te saai, maar het as rede daarvoor artistieke vooroordele en nie politieke motiverings nie, aangedui.

Tydelike beamptes is toe aangestel om hierdie verklarings in beide amptelike tale te lees. Die Page-kommissie het bevind dat daar geen werklike weiering was nie, alhoewel die houding van een aankondiger, Pieter de Waal, wat te kenne gegee het dat hy hom verplig sou voel om te bedank tensy die versoek toegestaan word, so na aan weiering gekom het dat dit eintlik nie daarvan onderskei kon word nie (Page, 1941:13; vgl. Hayman & Tomaselli, 1989:38; Orlik, 1970:84).

Hierdie politieke spanninge tussen die Engelse en Afrikaanse personeel het 'n sekere mate van wrywing veroorsaak, alhoewel dit aanvanklik nie overt was nie (vgl. McClurg, 1988). Gedurende die oorlog het baie van die Engelssprekende personeel (62 uit 430 in 1943) as vrywilligers vir militêre diensplig aangemeld. Hierdie sleutel administratiewe poste is deur Afrikaanssprekende personeel of diegene wat hulle simpatiekgesind was, gevul (Hayman & Tomaselli, 1989:38; Orlik, 1970:87; vgl. McClurg, 1988). Volgens Van Zyl (1994:64) het dit 'n magsvakuum tot gevolg gehad wat deur Afrikaner burokrate en vervaardigers, die meeste van hulle met pro-Nazi oortuigings, gevul is. Alhoewel hierdie aanstellings slegs tydelik was, is die SAUK volgens Orlik (1970:87) in hierdie tyd vir oorname deur die Afrikaner gereed gemaak.

Die Engelse pers het beweer dat daar 'n anti-oorlogse gevoel in die SAUK was en dat Afrikaanse aankondigers met pro-Nazi oortuigings hul eie kommentaar by die lees van oorlogsverklarings gevoeg het (Hayman & Tomaselli, 1989:38). Volgens McClurg (1988) was daar 'n geweldige vrees vir hierdie gesindheid en die opkomende mag van die OB (sien 6.2.1). Beweringe is gemaak dat die Korporasie deur spioene misbruik is wat byvoorbeeld die aantal skepe in die Durbanse hawe getel het en die inligting in kode oor die radio aan die Nazi's gegee het. McClurg (1988) het na die uitsending van die program "The Shadow of the Swastika" 'n oproep van die Sekretaris van Verdediging ontvang wat gekla het oor die Duitse aanslag van die program waarin woorde soos "Heil Hitler" voorgekom het. Die program was volgens hom in werklikheid 'n stuk pro-Britse propaganda.

Hierdie vrese is in 'n sekere mate aangehelp deur die feit dat uitsendings in Afrikaans vanaf Zeesen in Duitsland propaganda teen die Suid-Afrikaanse oorlogspoging gemaak het. Die inhoud van hierdie uitsendings was pro-Nazi en is veral deur die meer ekstreme Afrikanergroepe soos die OB en die Nuwe Orde aangehang (vgl. Floyd, 1975:106; Orlik, 1970:88). Smuts het AN Wilson aan die begin van die oorlog as regeringsinligtingsbeampte aangestel om anti-Zeesen propaganda te vervaardig. Wilson sou later die Direkteur van die Buro van Inligting word wat

die enigste amptelike bron van inligting vir die pers en die uitsaaiwese oor die land se oorlogspoging sou wees (Wilson, 1975).

Volgens Roos (1988b) was die Afrikaanse personeellede van die Korporasie gedurende die oorlogsjare onder observasie. Hyself is beskou as een van die mense wat nie vertrou moet word nie; Marais was een van die ander. Party personeellede het na Pretoria gegaan en aangebied om in Broadcast House te spioeneer in ruil vir 'n rang in die weermag; gevolglik het Afrikaners in die Korporasie in hierdie tyd verwag om geïnterneer te word (Roos, 1988a). Ook die AB-lede in die Korporasie is gedurende Fouché se termyn vervolg. Na Smuts se ultimatum dat alle AB-lede in die staatsdiens en onderwys moes bedank, het Fouché aan Roos gesê dat hy geen vertroue in 'n sekretaris kan hê wat lid van die Broederbond is nie. "Ek gee jou agt-en-veertig uur om te bedank, óf uit die Broederbond, óf uit die SAUK." Roos het toe die sekretaris van die AB, Lombard, gaan raadpleeg wat hom aanbeveel het om in sy pos te bly; die AB sou hom 'n eervolle ontslag gee. Volgens McClurg (1988) wou die AB 'n sekere aantal Afrikaners in sleutelposisies hou en ander laat bedank. Roos het gekies om ook uit die Korporasie te bedank en het later by die Vrymesselaars aangesluit (vgl. Fuchs, 1988; sien 6.3.2).

Hierdie plofbare situasie in die SAUK het ontvlam toe George Heard en TC Robinson op die *Sunday Times* se voorblad van 3 Desember 1939 'n artikel geplaas het met die opskrif, "Nazism in Broadcast House" (vgl. Roos, 1988a). In die artikel is beweer dat 'n deel van die personeel van die Korporasie nie net probeer om die Smuts-regering se beleid te ondermyn nie, maar dat hulle ook hul simpatie met Hitler openlik betoon (Page, 1941:12). Dit het die SAUK genoop om 'n komitee, bestaande uit vier bestuurders, te benoem om ondersoek na hierdie beweringe in te stel (SAUK, 1939:5). Die Page-kommissie het bevind dat slegs een van die bewerings, naamlik dat die beamptes 'n anti-regeringsgesinde houding geopenbaar het, waar is, en het aanbeveel dat die betrokke beamptes hieroor aangespreek moes word. Een van die beamptes na wie verwys is, was die hoof van die Afrikaanse Diens, Marais (Page, 1941:12).

Hierdie voorval het volgens Roos (1988a) 'n groot opskudding veroorsaak en gelei tot gespanne betrekkinge tussen die Afrikaanssprekende en Engelssprekende lede van die Korporasie. Sommige van die Engelssprekende personeel het oorweeg om, deur te dreig met staking, die ontslag van Afrikaanssprekende personeellede wat as ontrou beskou is, te eis (Page, 1941:14). Volgens Roos (1988a) was die gevoel dat "as jy Afrikaans was, was jy 'n Nazi". Die situasie het so erg geword, dat Caprara die adjunk-kommissaris van die polisie ingeroep het om die personeel tot bedaring te bring (Roos, 1988a; vgl. Page, 1941:14; vgl. Lee, 1970:4). Hierdie

Engelsgesindheid van die Korporasie gedurende die oorlog, sowel as die vertraging in die gelykberegtiging van die Afrikaanse Diens, het tot groot ontevredenheid onder die Afrikaner gelei.

### 6.3.3 Impak van die oorlog op pariteit van senders

Die Tweede Wêreldoorlog het die uitbreiding van die sendernetwerk lamgelê, aangesien bykans alle komponente ingevoer is (Hayman & Tomaselli, 1989:32; Roos, 1950:140; vgl. Van der Walt, 1973:35-36). Veral die Afrikaanse Diens het 'n ernstige terugslag ondervind toe die gebruik van die kortgolfsender op Robertshoogte weens militêre redes eers ingekort en later heeltemal opgeskort is (Van der Walt, 1973:37). In 'n hoofartikel in *Die Vaderland* oor die "Agterboerderdery van die Afrikanerdom" is daar na hierdie voorval as na taalverwaarlosing verwys: "Wanneer 'n radiosender byvoorbeeld vir oorlogsdiens gekommandeer word, is dit die Afrikaanse diens s'n wat die eerste in beslag geneem word." (Steyn, 1991:85.) Die Korporasie het reeds in Junie 1940 'n kortgolfsender bestel om die probleem op te los, maar weens die oorlog is aflewering onbeperk uitgestel (Van der Walt, 1973:37). Alhoewel Durban in 1940 sy volledige diens in Afrikaans bekend gestel het, het dit slegs die B-program aan die A-program gelyk gestel wat uitsaai-ure, en nie sendersterkte nie, betref (Orlik, 1970:85; Roos, 1950:139). Ook in die Page-verslag is die Korporasie aangespreek dat hy gedurende die oorlog beter voorsiening vir die mediumgolfsending van die B-program kon gemaak het (Page, 1941:35). Die Engelse Diens het uitgesaai met senders wat drie keer sterker was as dié van die Afrikaanse Diens (Anon., 1974b:66).

Die bevolkingsverskuiwing van Afrikaners na die stede om aan die behoeftes van die na-oorlogse ekonomiese groei te voldoen (sien 6.2.2), het gelei tot 'n groter aanvraag na mediumgolfsenders vir die Afrikaanse Diens in die stede. Die verskil tussen die twee dienste, en die gevolglike ontevredenheid van Afrikaanse luisteraars, het 'n probleem geword wat onmiddellik aandag geverg het (Roos, 1954:4; Schoch, 1948:33-34; vgl. Orlik, 1970:84-85; Van der Walt, 1973:41-42). Die Nasionaliste het ook in die na-oorlogse tydperk deur middel van die Afrikaanse pers (vgl. Roos, 1988b) die Korporasie se dekking van die Britse koninklike gesin se besoek aan Suid-Afrika gekritiseer (vgl. SAUK, 1947:11).

In die periode tussen die einde van die oorlog in 1945 en die 1948-verkiesing het die tegnologiese tekorte in die uitsaaiwese onder die soeklig gekom (Gerber, 1997:94). Die Schoch-kommissie wat in 1946 hiervoor aangestel is en wie se verslag net voor die verkiesing

gepubliseer is (Schoch, 1948:1-2; Hayman & Tomaselli, 1989:37), het bevind dat die Raad nie voldoende pogings aangewend het om die ontvangs van Afrikaanse programme in die platteland te verbeter of die mediumgolfsender-toekennings gelyk te stel nie (Hayman & Tomaselli, 1989:42; vgl. Van der Walt, 1973:41) ten spyte van die Raad se herhaalde versekerings dat dit sou plaasvind. In 1947 het die SAUK (1947:6) dit in sy jaarverslag as volg gestel: "Die Raad bevestig nogmaals sy herhaaldelik verklaarde beleid, nl. om, sover moontlik, 'n doeltreffende diens oor sowel die A- as die B-senders oor alle dele van die Unie te verskaf."

Alhoewel die Korporasie na die oorlog verskeie nuwe senders bestel het om die probleem aan te spreek, het hy benewens die onbeskikbaarheid van senders, ook toenemend voor 'n finansiële struikelblok te staan gekom. Die enigste uitweg hieruit is gesien in die vermeerdering van lisensiegeld of die instelling van 'n handelsdiens (Roos, 1954:55; Roos, 1950:141; vgl. Van der Walt, 1973:42-425). In 1946 het die SAUK aangekondig dat dit 'n kommersiële diens gaan instel om gelyke dienste vir Afrikaans en Engels te verskaf (SAUK, 1946:2; vgl. SAUK, 1948:6; vgl. Hayman & Tomaselli, 1989:37). Hierdie diens sou as die C-program bekend staan, terwyl die Engelse diens die A-program en die Afrikaanse Diens die B-program genoem sou word. Hierdie benamings is egter later laat vaar nadat die Afrikaanssprekendes hul ongelukkigheid met hierdie benaming, wat volgens hulle die Engelse diens as beter laat klink het, uitgedruk het (Orlik, 1970:88-91; vgl. Teer-Tomaselli & De Villiers, 1998:154). Die kommersiële diens, ten spyte van die feit dat die Raad tradisioneel daarteen was (vgl. SAUK, 1936/1937; vgl. Anon., 1946), het in 1950 as Springbokradio begin uitsaai (SAUK, 1989:2) en sou die Korporasie in staat stel om senderpariteit te bewerkstellig.

Die diskrepansie tussen die Afrikaanse en Engelse dienste het tot na 1948 voortgeduur (Gerber, 1997:94). Die gevoel onder Afrikaners was dat daar in 'n nuwe politieke bedeling 'n einde aan hierdie ongelyke voorsiening sou kom. Nadat die benadeling van Afrikaans in die Korporasie deur middel van die Schoch-verslag aan die lig gekom het, publiseer *Die Oosterlig* die volgende:

> [N]oudat die Afrikanerdom eerstehandse en betroubare inligting het oor die stelselmatige onderdrukking van die Afrikaanse gees deur die Uitlander-gees in die SAUK, is hy meer vasberade as ooit om sodra hy die bewind te verower, vir eens en altyd 'n end te maak aan die Unionistiese heerskappy in die radiowese. In die Nuwe Suid-Afrika sal skoonskip gemaak word, van bo af tot onder uit. Afrikaans en die Afrikaners sal hul regmatige plek inneem in die radiowese: die Korporasie sal 'n Suid-Afrikaanse instelling word en nie 'n rat bly in die Empire se oorlogsmasjien soos vandag die geval is nie. (Steyn, 1991:85.)

Na die verkiesingsoorwinning van die Nasionaliste in 1948 het verskeie ontwikkelinge in die SAUK ten gunste van Afrikaans plaasgevind. Dr SH Pellisier, 'n voormalige Akademie-voorsitter, is as voorsitter van die Raad aangewys (SAUK, 1948:5) en onder sy leiding het die Afrikaanse Diens gelyke status met die Engelse Diens verwerf (vgl. Roos, 1988b). 'n Suid-Afrikaanse nuusdiens is in plek van Reuter, waarmee die Nasionaliste so ongelukkig was (sien Hoofstuk 4), ingestel en die heruitsending van die Afrikaanse nuusdiens vanaf die BBC is ook gestaak (SAUK, 1948:16); in samewerking met die Akademie het Pellissier hom ook beywer vir die suiwerheid en ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal, deur die benoeming van 'n Akademiekomitee van Taaladvies aan die SAUK (Anon., 1986:65; Van Tonder, 1975:22).

## 6.4 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk sien die finale verbrokkeling van die hegemoniese alliansie in gedaante van die VP-regering en Afrikaans-Engelse verhoudinge met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en die besluit van die regering om Suid-Afrika by die oorlog te betrek. 'n Engels-georiënteerde regering onder Smuts was weer aan bewind.

Die oorlog sou egter 'n mate van Afrikanereenheid bewerkstellig deurdat die meeste Afrikaanssprekendes teen die land se oorlogspoging was en dus die teenhegemoniese orde gevorm het. Alhoewel hier ook verdeeldheid was oor veral die republikeinse idee en die nasionaal-sosialistiese gedagtes van die regse groepe, het die vervolging van Afrikaanssprekendes deur die Smuts-regering en die miskenning van Afrikaans in die staatsdiens, onderwys en uitsaaiwese, Afrikaners weer na hul taal as verenigende simbool laat kyk.

Ook in die SAUK was die Afrikaanssprekende en Engelssprekende personeel verdeeld oor die Korporasie se steun van die oorlog. Die bestuur, bestaande uit hoofsaaklik Engelssprekendes, het die oorlogspoging gesteun, terwyl Afrikaners binne die Korporasie daaroor in opstand gekom het. Dit het daartoe gelei dat die twee wit taalgroepe ook in die uitsaaiwese teen mekaar te staan gekom het en die Korporasie dus finaal 'n terrein vir die hegemoniese stryd geword het. Nie net was die Afrikaner ontevrede oor die besluit om die oorlogspoging te steun nie, maar ook oor die Engelse aard van die programme wat in dié tyd uitgesaai is, sowel as die vertraging in die verkryging van pariteit vir die Afrikaanse Diens se senders. Hierdie saak sou veral in die na-oorlogse tydperk aandag geniet.

Die sukses van taal as mobiliseringsfaktor in die Afrikaner se Nasionale beweging op politiek-kulturele en ekonomiese terreine sou blyk uit die mate van Afrikanereenheid wat in hierdie tyd deur die groep se organiese instellings bewerkstellig is. Daarteen het die Smuts-regering al hoe meer ongewild begin raak, veral as gevolg van die gebrek aan 'n definitiewe ekonomiese- en rassebeleid. Dit sou lei tot die Afrikanernasionaliste se politieke magsoorname in die 1948-verkiesing, ten spyte van die feit dat die groep nie oor die ekonomiese mag beskik het nie. Hierdie Nasionale regering sou deur onder andere weer die beginsel van tweetaligheid in die staatsdiens af te dwing en Afrikaans as uitsaaitaal te bevorder, verskeie stappe doen om sy hegemonie te handhaaf.

# Hoofstuk 7

# Samevatting en gevolgtrekking

## 7.1 INLEIDING

Hierdie studie het die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal teen die agtergrond van die Afrikaner se stryd om hegemonie van 1923 tot 1948 ondersoek.

In hierdie tydperk het die Afrikaner van 'n groep, ondergeskik aan die Britse oorheersers, beweeg tot die politieke maghebbers na die oorwinning van die 1948-verkiesing. Die Afrikaner se stryd om mag was egter nie net 'n politieke beweging nie, die doelwit was ook die gelykberegtiging van die Afrikaner op kulturele en ekonomiese terreine. Die groep se taal en kultuur, meer spesifiek die bevordering van Afrikaans, was immers 'n strydpunt in sy ekonomiese en politieke mobilisering wat weer gevolge vir die status van die taal sou inhou. In die konteks van hierdie hegemoniese stryd tussen die twee wit taalgroepe, het die uitsaaiwese in 1923 in Suid-Afrika tot stand gekom, aanvanklik as 'n kommersiële sisteem in privaatbesit, en later as 'n openbare diensinstelling onder 'n mate van staatsbeheer met die stigting van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie in 1936.

Op grond van bogenoemde, is die volgende navorsingsvraag gestel:

> *Watter invloed het die Afrikaner se stryd om hegemonie op die ontwikkeling van Afrikaans as uitsaaitaal, van 1923-1948, gehad?*

Gramsci (1982) se hegemoniese perspektief wat 'n verklaring bied vir hoe een groep in 'n samelewing dominasie oor 'n ander groep of groepe verkry, is gebruik as teoretiese benadering tot hierdie vraag. Volgens die teorie van hegemonie manifesteer die oorheersing van die dominante groep as dominasie en as intellektuele en morele leierskap. Dominasie word hoofsaaklik deur die staat beding, deur byvoorbeeld wetgewing en dwangmag, terwyl morele en intellektuele leierskap deur die burgerlike samelewing, insluitende skole, kerke en die media, bewerkstellig word.

Gramsci se teorie van hegemonie is op hierdie studie van toepassing gemaak deur te fokus op die terrein waarop hegemonie bewerkstellig word. Die uitgangspunt is dat instellings in die burgerlike samelewing, as voertuie van kultuur en ideologie, die ondergeskikte groepe oorreed om bepaalde gesagsverhoudings te aanvaar. Die instemming tot hegemonie word dus beding

deur middel van intellektuele wat deur middel van instellings 'n ideologie versprei. Wat egter noodsaaklik in die bedinging van hegemonie is, is die organiese aard van hierdie ideologie, instellings en intellektuele – naamlik dat dit uit die groep moet ontstaan en ook die vermoë moet hê om die groep se bewussyn en strewes te rig.

Afrikanernasionalisme is as organiese ideologie deur die Afrikaner as teenhegemoniese orde gebruik in sy bedinging om mag aan die begin van die vorige eeu. Afrikaner is gedefinieer as wit moedertaal-Afrikaanssprekendes; derhalwe het die Nasionalistiese strewe slegs hierdie groep behels. Die idees dat hy 'n volk met 'n Goddelike roeping is, wat 'n eie geskiedenis het en 'n unieke taal praat, het gelei tot die ontstaan van 'n sterk groepbewussyn en kulturele identiteit onder die Afrikaner. Derhalwe het Afrikanernasionalisme aanvanklik ontstaan in verset teen Britse oorheersing en die gepaardgaande vrees vir verengelsing. Taal en identiteit is aan mekaar verbind; in die miskenning van hul taal is die ondergang van die groep gesien. In die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme het taal ook deel van die magstryd self geword. Deur die taal tot sy reg te laat kom, hetsy as amptelike of uitsaaitaal, is die groep ook sosiaal en kultureel, sowel as ekonomies, opgehef.

Hegemonie as neo-Marxistiese teorie sien kulturele hervorming as onmoontlik sonder 'n gepaardgaande verandering in die ekonomiese posisie van die groep. In die dertigerjare het Afrikanernasionalisme ontwikkel om ook die gelykberegtiging van die Afrikaner op ekonomiese gebied, waar die groep 'n geweldige agterstand teen die Engelse kapitaliste gehad het, in te sluit. Die Afrikaner se taal en kultuur is aangewend om gelykberegtiging met die Engelse te verseker en ook om hierdie ekonomiese opheffing op eenheidsgrondslag te laat plaasvind. Dit was weer belangrik vir die groep se verkryging van politieke mag.

Alhoewel hierdie kulturele en ekonomiese mobilisering van die Afrikaner aanvanklik net op sy gelykberegtiging met die Engelse gemik was, is daar toenemend in die veertigerjare tot die besef gekom dat politieke magsoorname noodsaaklik is om die groep se ideaal van selfbeskikking op ekonomiese en kulturele terreine te verwesenlik. Derhalwe het Afrikanernasionalisme ontwikkel in 'n magstrewe met die doel om op politieke terrein te oorheers.

Afrikanernasionalisme was dus 'n ware organiese ideologie wat die interafhanklike samelewingsfere van politiek, kultuur en ekonomie deurtrek het.

Gramsci se organiese instellings is gedefinieer as alle instellings in die burgerlike samelewing wat betrokke is by die produksie, reproduksie en verspreiding van kultuur en ideologie. In die Afrikaner se hegemoniese stryd het die organiese instellings wat uit die groep voortgespruit het, sowel as die kwessies waarop hulle gefokus het, soos byvoorbeeld taal en ekonomie, as mobiliseringsagente in die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme gefunksioneer. Kenmerkend van die organiese instellings in die Afrikaner se strewe om mag, was dat hulle mekaar onderling versterk het, ook deur 'n oorvleueling van hul aksies op politieke, kulturele en ekonomiese terreine, om 'n oorkoepelende hegemonie te bewerkstellig.

Die Nasionale Party, wat aan die voorpunt van die Afrikaner se politieke strewe gestaan het, is hierin deur veral die Afrikaanse pers, spesifiek die koerante van die Nasionale Pers, bygestaan. Ook die kultuurorganisasies van die groep, naamlik die Afrikaner Broederbond, die Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns/Wetenskap en Kuns het Afrikanernasionalisme bevorder deur die groep se strewe op kulturele en ekonomiese terreine te rig.

In die strewe na die selfbeskikking van die Afrikaners as groep, het hierdie instellings die Afrikaanse taal as beide verenigende en mobiliseringsimbool aangewend. Die uitsaaiwese, wat die periode van hierdie studie betref, was eerder 'n terrein vir hierdie taalstryd en het in 'n mindere mate as 'n kultuur- en ideologieproduserende instelling gefunksioneer. Die kwessie van Afrikaans as uitsaaitaal binne die uitsaaiwese is dus deur die groep se organiese instellings en intellektuele as mobiliseringsfaktor in hul hegemoniese strewe gebruik.

As organiese intellektuele is Hertzog en Malan mees prominent in hierdie studietydperk as politieke leiers wat veral die Afrikaanse taal gebruik het om die groep se strewe na selfbeskikking te rig. As leiers van die politieke beweging was hulle ook aktief by die groep se kultuurinstellings betrokke. Hegemoniese leiers moet egter nie net saam met die groep en sy strewes groei nie, maar moet ook voortdurend aan die voorpunt van daardie groep se ideale en belange staan. Malan sou dus vir Hertzog as organiese intellektueel opvolg. Waar die taalstryd in Hertzog se tyd 'n strewe na gelykberegtiging was, het dit in Malan se tyd 'n strewe na mag geword. Afrikanernasionalisme soos deur hierdie intellektuele gerig, is op verskillende tye deur organiese intellektuele soos prof MC Botha, Gideon Roos en Kowie Marais, binne die uitsaaiwese vertolk en uitgevoer.

Die breë terrein van hierdie studie is ook as mediabeleid getipeer. Deur middel van historiese navorsing, die metodologiese vertrekpunt van hierdie studie waardeur die verlede gerekonstrueer word in 'n poging om veranderinge in die aard van samelewings te verklaar, is daar gepoog om verbande tussen die ontwikkelinge in die eksterne beleidsraamwerk en die interne beleidvorming in die uitsaaiwese te trek. Derhalwe is spesifieke navorsingsvrae geformuleer om te bepaal hoe die Afrikaner se stryd om hegemonie op politieke, kulturele en ekonomiese terreine die stand van Afrikaans as taal, meer spesifiek as uitsaaitaal, beïnvloed het. Vervolgens word hierdie vrae afsonderlik en samevattend behandel.

## 7.2 HOE HET DIE AFRIKANER SE STRYD OM POLITIEKE MAG DIE STAND VAN AFRIKAANS AS UITSAAITAAL BEÏNVLOED?

Die Afrikaner se hegemoniese stryd aan die begin van die vorige eeu is teen die Engelse oorheersers gevoer. Die Afrikaanse taal was deel van hierdie politieke magstryd, en die wisseling in die Afrikaners se politieke mag sou ook die status van die taal beïnvloed.

Die begin van hierdie studietydperk sien die bewindsoorname van die eerste Nasionale regering met die organiese intellektueel, Hertzog, as leier van die Pakt-regering. Hierdie regering het onmiddellik stappe begin neem om Suid-Afrika staatkundig en ekonomies onafhanklik van die Britse oorheerser te maak, volgens Hertzog se beleid van Suid-Afrika Eerste. Volgens sy tweestroombeleid moes die twee wit taalgroepe in Suid-Afrika, naamlik die Afrikaans- en Engelssprekendes, gelyke regte geniet.

Hertzog het van 1924 tot 1939 regeer. 'n Jaar na hy Eerste Minister geword het in 1925, is Afrikaans naas Engels as amptelike taal van die Unie erken en is die gelyke status van die taal in die staatsdiens deur 'n tweetaligheidsbeginsel in die Unie-grondwet erken. Alhoewel hy sedert 1934, na samesmelting met Smuts in die VP-regering nie meer aan die voorpunt van die Afrikaner se Nasionale strewe gestaan het nie, het hy steeds as Afrikaner in die hegemoniese alliansie vir die gelykberegtiging van Afrikaans gestry.

Die uitsaaiwese as 'n kommersiële sisteem in die gedaante van die ABC het die dominasie van die Engelse in die hegemoniese alliansie weerspieël. Die ABC, hoewel apolities, was Anglo-Saksies georiënteerd in beide eienaarskap, program-inhoud en ook luisteraarskap; Afrikaans het feitlik geen uitsaaityd geniet nie. Die Gesuiwerdes het derhalwe gevoel dat die radio onder die ABC 'n instrument van die Smeltersregering was. In die oorname van die uitsaaiwese deur die

regering onder 'n mate van staatsbeheer met die stigting van die SAUK, het die Afrikaners 'n geleentheid tot die gelykberegtiging van Afrikaans as uitsaaitaal gesien. Dit was 'n definitiewe faktor in Hertzog se besluit tot 'n uitsaaiwese onder openbare beheer. Hierdeur is die Afrikaner teen die kommersiële uitsaaiwese beskerm.

Die verandering in die rigting van die organiese ideologie van die Afrikaner, is ook hierin gesien. Na samesmelting het die ander prominente organiese intellektueel in hierdie studietydperk, Malan, en die Gesuiwerde Nasionale Party afgestig. Hierdie groep was ten gunste van 'n republiek, want slegs in die volkome onafhanklikheid van Brittanje sou die Afrikaner 'n gelyke status met die Engelse geniet wat ook deur laasgenoemde groep erken sou word. Die Nasionaliste was van 1934 tot 1948 die amptelike opposisie en het ook in die vorm van die Nasionale Party as organiese instelling aan die voorpunt van die Afrikaner se hegemoniese strewe gestaan.

Die Nasionale Party het die status van Afrikaans as amptelike en uitsaaitaal in hul hegemoniese strewe aangegryp. Die waargenome verslapping van die toepassing van die tweetaligheidsbeginsel deur die VP-regering is gebruik om hul legitimiteit as ware Afrikanerparty te toon. Hulle het ook probeer om hierdie beginsel as 'n vereiste vir die aanstelling van die eerste raadslede van die Korporasie deurgevoer te kry, maar Hertzog as leier van die Smeltersregering het dit teengestaan. Hierin kan die verskil tussen die Smelters en die Gesuiwerdes en ook die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme as organiese ideologie gesien word: Eersgenoemde was ten gunste van taalgelykheid, terwyl laasgenoemde voorstanders van tweetaligheid was.

In die 1936-Uitsaaiwet waarvolgens die Korporasie tot stand gekom het, het beide Afrikaners binne die regering en as die opposisie verseker dat 'n bepaling dat die Korporasie sy pligte met inagneming van beide kulture sou uitvoer, neergelê is. Hierdie gelykberegtiging van Afrikaans as uitsaaitaal is deur die Afrikaner se etniese mobiliseerders as faktor aangegryp en die SAUK het derhalwe 'n terrein van hierdie hegemoniese stryd geword.

Die Korporasie as organiese instelling het deur middel van Afrikaans as uitsaaitaal, ook as kultuurdraer opgetree wat die Nasionalistiese beweging 'n hupstoot gegee het. Dit het deur middel van die landwye dekking van die 1938-Trek plaasgevind. Hierdeur is Afrikanereenheid aangemoedig wat 'n belangrike faktor sou speel in die groep se strewe na politieke mag.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het beide die Afrikaner se magstrewe en die gelykberegtiging van Afrikaans oor die radio 'n terugslag gekry. Die verlies aan mag en die gepaardgaande besluit van die Smuts-regering om die Britse oorlogspoging te steun, het Afrikanereenheid 'n hupstoot gegee.

Die Smuts-regering se verslapping van die tweetaligheidsbeginsel, die vervolging van AB-lede in die staatsdiens, onderwys en uitsaaiwese, die bedreiging vir Afrikaanse moedertaalonderwysskole, sowel as die verwaarlosing van Afrikaans in die uitsaaiwese, het Afrikaans as eenheidsimbool in die Afrikaner se stryd om politieke mag na vore laat tree. Die term – *Die Derde Taalstryd* – is daarna deur die etniese mobiliseerders gebruik en veral in die na-oorlogse tydperk was die gelykberegtiging van Afrikaans as uitsaaitaal 'n mobiliseringsfaktor. Pariteit is inderdaad na die politieke bewindsoorname van die Nasionaliste met die 1948-verkiesing bereik.

## 7.3 HOE HET DIE AFRIKANER SE KULTUURSTRYD DIE STATUS VAN AFRIKAANS AS UITSAAITAAL BEÏNVLOED?

Hertzog as organiese intellektueel het in die navolging van sy tweestroombeleid gepoog om die Afrikaner se kultuur gelyke status naas die Engelse te gee deur Afrikaans as amptelike taal te erken. Die uitsaaiwese het egter getoon dat die Afrikaner kultuurarm was teenoor die Engelse wat deur 'n wêreldkultuur gerugsteun is, maar dit sou die Afrikaner ook 'n geleentheid tot kultuurontwikkeling bied.

As 'n kommersiële sisteem onder privaatbeheer was die uitsaaiwese winsgedrewe met geen beleidsuitgangspunt van kultuurontwikkeling nie. Die ABC het dus die Engelse kultuur gereflekteer deurdat bykans alle uitsendings in Engels was. Hierin het die Nasionaliste 'n verdringing van die Afrikaanse kultuur en 'n gevaar vir verengelsing gesien. In die oorname van die uitsaaiwese deur die regering is die geleentheid tot gelykberegtiging van die Afrikaanse kultuur gesien en in die 1936-Uitsaaiwet is bepaal dat die Korporasie sy opdragte sou uitvoer met gelyke inagneming van beide die Afrikaanse en Engelse kulture.

Die uitsaaiwese onder openbare beheer sou die Afrikaner die geleentheid bied om sy taal en kultuur aan 'n wyer publiek bekend te stel en sou ook as aansporing vir die produsering van uitsaaigeskikte materiaal in Afrikaans dien. Die radio het toe positief aan die Afrikaner se

kultuuraksie as genereerder van kultuur deelgeneem. Daardeur is die Afrikaanse taal en letterkunde gestimuleer.

In die dertigerjare het die Afrikaanse kultuurverenigings en die Afrikaanse pers as organiese instellings die waarde van die radio in hul etniese mobilisering gesien. Die FAK se Skakelkomitee, tesame met die Akademie se Film-Radio Komitee en die Afrikaanse koerante het doelbewuste pogings aangewend om die Afrikaner meer radiobewus te maak en meer uitsaaityd vir Afrikaans te verkry. Die doel aanvanklik was om Afrikaans op 'n 50-50-grondslag teenoor Engels op een sender te laat funksioneer, maar die ongelukkigheid van die Engelse groep hiermee het gelei tot die skepping van die Afrikaanse Diens, die sogenaamde B-program.

Die grootste kultuurgebeurtenis wat die Afrikaner radiobewus sou maak, en Afrikaans tot sy reg as uitsaaitaal sou laat kom, was die 1938-Trek en die SAUK se dekking daarvan. Dit het die aandag gevestig op die swak uitsaaifasiliteite wat die Afrikaner in die platteland geniet het en ook gewys dat die radio as 'n medium tot kulturele eenheid gebruik kon word. As gevolg van hierdie radiobewustheid van die Afrikaner het die druk om meer uitsaaityd vir Afrikaans en die gelykberegtiging van sendersterkte toegeneem. Hierdeur is Afrikaanse radio vir die Afrikaanse luisteraar bekend gemaak en het die radio 'n plek in die groep se kultuurlewe gekry.

Die Tweede Wêreldoorlog en die gepaardgaande stappe van die Smuts-regering teen die Afrikaanse taalgroep in beide die regering en die uitsaaiwese, het die Afrikaner na sy taal en kultuur as verenigende simbool laat kyk. In die oorlogsjare was die politieke stryd ook 'n kulturele stryd.

## 7.4 WATTER INVLOED HET EKONOMIESE FAKTORE OP DIE ONTWIKKELING VAN AFRIKAANS AS UITSAAITAAL GEHAD?

Die Afrikaner was aan die begin van die vorige eeu 'n ekonomiese verarmde groep, hoofsaaklik op die platteland woonagtig. Die ekonomie, veral in die stede, is deur die Engelse kapitaliste beheer. Die depressie en die droogte van die vroeë dertigerjare sou veroorsaak dat veral die boere geweldig verarm het. Met die gevolglike verstedeliking van die Afrikaner op soek na werkgeleenthede, die sogenaamde Tweede Trek, is hy gekonfronteer met hierdie Engelsbeheerde ekonomie waar sy taal vir hom 'n struikelblok was. Beide hierdie faktore sou lei tot die Afrikaner se armblankeprobleem.

Die Afrikaner het sedert die bewindsoorname van die Hertzog-regering al hoe meer na staatsinmenging begin kyk om hul ekonomiese posisie te verbeter. Hertzog se beleid van beskaafde arbeid en die toepassing van die tweetaligheidsbeginsel in die staatsdiens het meer werkgeleenthede vir Afrikaners, wat meestal tweetalig was, verseker. Die Gesuiwerdes het egter gevoel dat die VP-regering nie genoeg gedoen het om die lot van die armblankes te verlig nie. In die laat dertigerjare is met die ekonomiese mobilisering van die Afrikaner begin waar die etniese mobiliseerders Afrikanerarmoede met Afrikanerskap verbind het. Etniese argumente is vir mobilisering gebruik en deur middel van taal is volkseenheid aangemoedig deur organiese instellings soos Afrikaanse vakbonde, die Reddingsdaadbond en die Afrikaanse Handelsinstituut te stig. Ook die SAUK se dekking van die 1938-Trek sou 'n belangrike rol in die verkryging van volkseenheid ter wille van ekonomiese opheffing speel. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en die oorname van die Engelse Smuts-regering sou aanvanklik die Afrikaner 'n ekonomiese terugslag toedien. Die groeiende oorlogsekonomie sowel as die suksesse van die Afrikaner se ekonomiese beweging wat by die Ekonomiese Volkskongres van 1939 geloods is, sou die armblankevraagstuk oplos. Die Afrikaner, alhoewel ekonomies versterk, sou egter teen 1948 steeds nie oor die ekonomiese mag beskik nie.

Die uitsaaiwese het hierdie ekonomiese groei van die Afrikaner gereflekteer in die verteenwoordiging wat Afrikaans as uitsaaitaal geniet het. Die uitsaaiwese as kommersiële sisteem was hoofsaaklik Engels en Brits-georiënteerd en het die belange van die stedelike elite, wat beide die uitsaaiwese beheer het en die grootste deel van die lisensiehouers gevorm het, gedien. Die Afrikaanse bevolking was in die platteland gekonsentreerd waar die mediumgolfsein se opvangs swak was. Afrikaners in die stede kon nie radiolisensies of die radio-ontvangstoestelle bekostig nie. Derhalwe was die uitsaaitaal ook Engels.

Die verstedeliking van die Afrikaner in die vroeë dertigerjare sou egter lei tot druk vir meer Afrikaans in die uitsaaiwese. Onder die SAUK is 'n aparte diens vir Afrikaans geskep, veral as gevolg van die ontevredenheid van die Engelssprekende luisteraars met die vermeerderde tyd vir Afrikaans op 'n tradisioneel Engelse sender. Die sukses van die dekking van die 1938-Trek om die Afrikaner radiobewus te maak, het ook gelei tot 'n geweldige toename in die hoeveelheid Afrikaanse lisensiehouers. Dit sou egter ook die tekorte in die uitsaaifasiliteite, veral op die platteland, uitwys. Ten spyte van die Korporasie se kultuuropdrag sou die Afrikaanse Diens steeds minderwaardig aan die Engelse Diens wees wat sendersterkte betref.

Die bereiking van pariteit is verder deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog vertraag. Die verstedeliking van die Afrikaner tesame met sy versterkte posisie in die ekonomie in die na-oorlogse jare sou lei tot verhoogde druk vir meer Afrikaans oor die radio, asook die gelykberegtiging van Afrikaans wat sendersterkte betref. Finansiële probleme in die Korporasie sou egter die verkryging van pariteit vertraag. Die instelling van die B-program het die Korporasie se programuitgawes verdubbel sonder 'n gepaardgaande vermeerdering in lisensie-inkomste. Derhalwe het die Korporasie na die instelling van 'n handelsdiens begin kyk om dit te finansier. Dit is na bewindsoorname van die Afrikaner in die vroeë vyftigerjare gedoen, en die Afrikaanse Diens is gelyk aan die Engelse Diens gestel.

## 7.5 SLOTOPMERKINGS EN AANBEVELINGS

In die bespreking van historiese navorsing in Hoofstuk 1 is getoon dat dié metode die interpretasie van inligting deur induktiewe logika behels wat vanuit 'n bepaalde uitgangspunt geskied. Die gevaar wat in enige studie ontstaan wat met 'n bepaalde ideologie te make het, is dat die lewens- en wêreldbeskouing van die navorser die interpretasie van inligting kan beïnvloed. Die navorser se eie vooroordele is dus voortdurend in gedagte gehou in die verwerking van die historiese materiaal.

In 'n poging om tot wetenskaplik-verantwoordbare gevolgtrekkings in hierdie studie te kom, is van 'n kombinasie van primêre en sekondêre bronne gebruik gemaak. Ook in die bronmateriaal wat gebruik is, is gesien hoe die ideologiese posisionering van die bron, sy siening van bepaalde gebeure beïnvloed het, wat veral opmerklik was in 'n vergelyking van Afrikaanse en Engelse bronne. Derhalwe is daar gepoog om 'n kombinasie van hierdie bronne te gebruik om 'n ideologiese vooroordeel uit te skakel.

Deur soveel moontlik primêre en sekondêre bronne op te spoor, is probeer om die geldigheid van hierdie studie te verhoog. Interne kritiek, naamlik die geloofwaardigheid van die bron, is gekontroleer deur meer as een bron, met verskillende standpunte, oor dieselfde onderwerp te raadpleeg. Die beginsel van eksterne kritiek is nagekom deurdat hoofsaaklik outentieke bronne in die studie gebruik is en daar nie oormatig op sekondêre bronne gesteun is nie.

Soos bespreek in Hoofstuk 1, verwys die wetenskaplike vereiste van repliseerbaarheid in historiese navorsing na die dupliseerbaarheid van prosedures, ontledings en gevolgtrekkings. Soos gesien in die literatuuroorsig van ander soortgelyke navorsing, kan 'n ontleding van die

verhouding tussen 'n hegemoniese groep en sy media waardevol wees om die rol wat media speel in die handhawing of verkryging van hegemonie uit te wys.

Die Afrikaner se verlies aan hegemonie met die oorgang na 'n veelrassige demokrasie in 1994 het tot 'n verlies aan status vir Afrikaans as uitsaaitaal gelei, veral na die herstrukturering van die SABC[2] in 1996. Op grond hiervan kan 'n paar voorstelle vir verdere navorsing gemaak word. Eerstens, kan daar vanuit 'n Gramsciaanse perspektief gekyk word na die verhouding tussen die huidige ANC-regering en die SABC om die rol van die uitsaaier in die hegemoniese orde te bepaal; tweedens kan 'n vergelykende studie gedoen word tussen die verhouding tussen die Nasionale Party as apartheidsregering en die uitsaaier en die huidige regering en die uitsaaier; en derdens kan hierdie studie voortgesit word deur te kyk hoe Afrikaans as uitsaaitaal beïnvloed is deur die Afrikaner se handhawing van hegemonie in die periode 1948-1994.

Die totstandkoming van Afrikaanse groepe soos die Pro-Afrikaanse Aksiegroep (Praag) en die Groep van 63 wat hul sedert 1994 vir die handhawing van Afrikaans beywer, laat die vraag ontstaan in watter mate die Afrikaner as teenhegemoniese groep weer die kwessie van die status van Afrikaans as mobiliseringsfaktor gebruik.

Deur middel van wetenskaplike studies oor hierdie onderwerpe kan die rol van die media as kultuur- en ideologieproduserende organiese instelling, sowel as terrein van stryd in die verkryging en handhawing van politieke en ekonomiese mag ontbloot word.

---

2 Die huidige benaming vir die uitsaaier is slegs South African Broadcasting Corporation (SABC).

# Bronnelys

ADAM, H. 1981. Etniese mobilisasie en die politiek van groepsbegunstiging. (*In* Giliomee, H.B. & Adam, H. Afrikanermag: opkoms en toekoms. Stellenbosch : Universiteitsuitgewers en - boekhandelaars. p. 62-76.)

AFRIKANERBOND. 1998. Bearer of an ideal. [Web:] http://www.icon.co.za/~abond/Ideal.htm [Datum van gebruik: 12 Mrt. 1998].

AKADEMIE *sien* SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS.

AKADEMIE *sien* SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS.

ANON. 1934a. Die enge nasionalisme! *Die Burger*: 2, Jan. 4.

ANON. 1934b. Politiek oor radio uitgesluit. Die maatskappy se kontrak: hoofbestuur bevestig vorige berig. *Die Burger*: 1, Jan. 5.

ANON. 1934c. Afstand uitgeskakel tussen stad en platteland. Moderne inrigting op Milnerton. *Die Burger*, Jan. 15.

ANON. 1934d. Televisie kom na Suid-Afrika. Mnr Schlesinger se voorneme. Opening van nuwe radiostasie. Tuis vermaaklikhede net as musiek. Die maatskappy en Afrikaans. *Die Burger*: 1, Jan. 16.

ANON. 1934e. Mnr P Hofmeyr se aftrede. 'n Ontkenning van die Minister. Verslapping van taalvereistes. Publiek kan oordeel uit briefwisseling. *Die Burger*: 1, Feb. 2.

ANON. 1934f. Mnr Hofmeyr se uittrede uit die diens. Onthaal aangebied in Pretoria. Die telegramwisseling. Groter ommeswaai as wat vermoed is. *Die Burger*: 3, Feb. 2.

ANON. 1934g. Aankondiger in Afrikaans. *Die Burger*: 1, Feb. 20.

ANON. 1934h. 'n Eksamen vir die staatsdiens. Applikante moet soort beroepstoets aflê. Regering se plan om geskikste te soek. Kennis van landstale op proef gestel te word. *Die Burger*: 1, Mrt. 10.

ANON. 1934i. Uit die uitsaaisak: Afrikaanse nommers wat kom. *Die Burger*, Mrt. 12.

ANON. 1934j. Toelating tot die staatsdiens. *Die Burger*: 2, Mrt. 14.

ANON. 1934k. Klag oor eentalige posbeampte. Bloemfonteinse voorval. *Die Burger*: 4, Mrt. 20.

ANON. 1934l. Afrikaans tot sy reg in Afdelingsraad. Tale om die ewe in Kaapse liggaam. Klag oor kennisgewing weggeruim. *Die Burger*: 2, Mrt. 21.

ANON. 1934m. Volksraad: debat oor status-wetgewing hervat. Uitdagende bewerings van adv Erasmus. Werklike betekenis van ons onafhanklikheid. *Die Burger*: 5, Apr. 11.

ANON. 1934n. Stadskomitee erken tog die beginsel van gelykheid. Vrugte op arbeid van die skakelkomitee. *Die Burger*: 9, Apr. 19.

ANON. 1934o. Tweetalige onderrig vir verpleegsters. Uitvoerende Komitee besluit. Stappe word gedoen in die Somerset-hospitaal. *Die Burger*: 1, Apr. 19.

ANON. 1934p. Engelse erken ook die onbillikheid. Die aanstelling in Johannesburg. *Die Burger*: 3, Apr. 26.

ANON. 1934q. Hoë poste vir eentaliges. Die vereniging van stadsbeamptes. Stadsraad begaan weer so 'n stap. Regsgeleerde benoem in Johannesburg. *Die Burger*: 3, Apr. 26.

ANON. 1934r. Op wag teen geestelike anneksasie. Afrikaner se tweede skof swaarder as eerste. Dr NJ van der Merwe by die Taalbond-prysuitdeling. *Die Burger*; 2, Apr. 28.

ANON. 1934s. Die tekens van naderende oorlog. SA se pad afgebaken soos voor 1914. Smuts weer besig om volk voor te berei. Maar die protesterende Hertzog van 1912 swyg! *Die Burger*: 1, Jul. 21.

ANON. 1934t. Nuwe betrekkings vir eentaliges. Die weg waarop ons gelei word. Afrikaners op agtergrond. Misleiding om die volk weg te voer. *Die Burger*: 5, Jul. 28.

ANON. 1934u. NP aanvaar samesmelting. Genl Hertzog se kras taal teen dr Malan. Mev Jansen lei die stryd teen oorgawe aan SAP. Premier se bekentenis oor Britse konneksie. *Die Burger*: 7, Aug. 9.

ANON. 1934v. Afrikaners se besware teen die radioprogramme. *Die Burger*: 1, Sep. 3.

ANON. 1934w. Uitsaaidienste aan die staat. Mnr Schlesinger se begeerte: sal veel beter programme kan lewer. *Die Burger*: 2, Sep. 4.

ANON. 1934x. Draadloos in diens van die onderwys. *Die Burger*: 4, Sep. 4.

ANON. 1934y. Wireless talks in schools. Proposal welcomed by teachers. Enthusiasim in rural districts. How voluntary system works in England. *The Cape Argus*: 15, Sep. 4.

ANON. 1934z. Die eentalige beamptes. 'n goed ingeligte se verduideliking. Wat agter skerms gebeur het. Mnr PJH Hofmeyr oor sy bedanking. *Die Burger*: 2, Sep. 5.

ANON. 1934aa. Staatsdiens-beleid. Dwing of uitskop. *Die Burger*: 4, Sep. 6.

ANON. 1934bb. Menings van ons lesers: aanklag teen die uitsaaidiens. *Die Burger*: 4, Sep. 13.

ANON. 1934cc. Tweetaligheid na 25 jaar. Universiteit ken net een seksie. Afrikaans bly 'n vreemdeling. Stadige vordering van die stadsraad. *Die Burger*: 5, Sep. 14.

ANON. 1934dd. Eentaliges op die Spoorweë. 'Afrikaners word verdring.' Spoorbond streef hoë ideaal na. *Die Burger*: 7, Sep. 21.

ANON. 1934ee. Advance of Union broadcasting. Valuable suggestions. Sir J Reith's arrival on Monday. Anticipated outcome of his visit. What the South African listeners desire. *The Cape Argus*: 9, Sep. 22.

ANON. 1934ff. Nasionalisme 'n wêreldvloek. 'Veg vir die Ryk' u godsdiens. Sir JC Beattie as imperialis. Vryheid en vrede onder Britse vlerk. *Die Burger*: 2, Okt. 12.

ANON. 1934gg. Faith in the Empire. Sir Curruthers Beattie's eloquent reasons. The biggest thing for peace. Why South Africans should be imperialists. *The Cape Argus*: 14, Oct. 12.

ANON. 1934hh. Anders as vroeër. *Die Burger*: 6, Nov. 17.

ANON. 1935a. Nuwe wêreld geopenbaar vir skoolkinders. Geslaagde begin van gereelde uitsaaidiens. Towertapyt van die radio. Opvangs deurgaans goed, maar onduidelik in Noorde. *Die Burger*: 1, Feb. 2.

ANON. 1935b. Hertzog praat met JH Thomas. Empaaier-gesprek oor die telefoon. Suid-Afrika as lid van die broederskap. Pers se werk om die Britse Statebond te handhaaf. *Die Burger*: 1, Feb. 8.

ANON. 1935c. Uitsaaiwese onder die staat se toesig. Sir John Reith beveel korporasie aan op Britse model. Beter as 'n partikuliere saak. Leersame beskouings oor die betekenis van die radio. *Die Burger*:1, Mrt. 22.

ANON. 1935d. In die Volksraad: regering gee gevolg aan die Reith verslag. Uitsaaidiens kom onder toesig van staat. Verklaring van minister. Debat oor ooreenkoms met Suid-Rhodesië. *Die Burger*: 3, Mrt. 26.

ANON. 1935e. Verspreiding van Britse gedagte. Propaganda-gevaar vir die Afrikaner. Imperiale stroom in ons geskiedenis. Senator Hofmeyr wys op 'n politieke krisis. *Die Burger*: 5, Jun. 21.

ANON. 1936a. 'n Radiodiens vir die Unie; memorandum van die FAK. *Wapenskou*, 9. Apr.

ANON. 1936b. Nuwe nuusreëling in die radiodiens. Aankondiging van minister. Vra 'n billike kans vir die Beheerraad. *Die Burger*: 1, Aug. 1.

ANON. 1937a. Afrikaans in die radiodiens. Verklaring van die Raad vereis. *Die Burger*: 9, Jan. 7.

ANON. 1937b. Afrikaanse programme vir die week. *Die Burger*, Jan. 28.

ANON. 1937c. Segregasie in radiodiens bly waarskynlik uit. Mening dat Raad nie beginsel sal aanvaar. Kritiek op insluiting van die vraag in referendum. *Die Burger*: 2, Feb. 12.

ANON. 1937d. Referendum-uitslag. 700 000 inluisteraars in die Unie. Platteland afgeskeep. Taalbeleid nog in die weegskaal? *Die Burger*: 9, Feb. 18.

ANON. 1937e. Radiobeleid. *Die Burger*: 6, Mrt. 29.

ANON. 1937f. Expansion of Union's radio services. Broadcasting board and result of recent tests. Programmes are suited to needs of the areas serviced. *The Star*, Aug. 24.

ANON. 1937g. Afrikaanse programme. *Die Burger*: 9, Sep. 21.

ANON. 1940. Reactions to radio and internment policy: government accused of dictatorial methods. *The Forum*: 5-6, Jan. 20.

ANON. 1946. Broadcasting practice in Australia. Major Caprara gathering evidence of national and commercial systems. *The Star*, Feb. 20.

ANON. 1947a. Union isolationists living in fool's paradise. Professor M.C. Botha calls for supernationalism in new phase of history. Scientific approach to colour issue. *Rand Daily Mail*, Aug. 8.

ANON. 1947b. Botha criticises quasi-learned Afrikanerdom. *Rand Daily Mail*, Sep. 9.

ANON. 1948. Die man van die dag. *Die Suiderstem*, Mrt. 19.

ANON. 1968. Voortrekkerpers: gebore uit 'n diepgevoelde behoefte. *Handhaaf*: 41, Feb.

ANON. 1974a. Dit is die SAUK. *Lantern*, Sep.

ANON. 1974b. Uitsaaiwese, 1924-1979. *Lantern*: 64-73, Sep.

ANON. 1979. Dr DF Malan - 1975. *Handhaaf*: 43, Jul.

ANON. 1986. Dit is Radio Suid-Afrika... die SAUK vyftig jaar oud. *Lantern*: 62-66, Des.

ANON. 1993. Die NP en Afrikaans. *Die Burger*. [Web:] http://www.news24.co.za [Datum van gebruik: 8 Feb. 2001].

ANON. 2000. Dr DF Malan: Afrikanernasionalis as Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika. *Die Afrikaner*, Mei. 19. [Web:] www.hnp.org.za/afrikaner/mei2k3/art.htm [Datum van gebruik: 8 Feb. 2001].

ANTROBUS, M.E. 1936. Letter to JWC Reith, 20 May. Cape Town. (Copy in possession of the author.)

ANTROBUS, M.E. 1937. Letter to JWC Reith, 7 Jun. Cape Town. (Copy in possession of the author.)

BARTLETT, A. 1982. Afrikaner-eenheid. *Asbeeld*: 3-14, Mei.

BERGER, A.A. 1998. Media analysis techniques. 2nd ed. Thousand Oaks, Calif. : Sage. 220p.

BOCOCK, R. 1986. Hegemony. Chichester, West Sussex : E Horwood. 136 p.

BOOYSEN, S. 1988. A political world within the parameters of SABC politics: the case of Afrikaner students. *Communicare*, 7(2):24-37, Nov.

BORED STIFF. 1934. Broadcasting in two languages: two wave-lengths ought to be provided. *Rand Daily Mail*: 12, Aug. 20.

BUNTING, B. 1969. The rise of the South African Reich. [Web:] http://www.anc.org.za/books/reich.html [Datum van gebruik: 17 Des. 2001].

CHANDLER, D. 2000. Marxist media theory. [Web:] http://www.aber.ac.uk/media/Documents/marxism/marxism.html [Datum van gebruik: 31 Mei 2001].

CILLIÉ, P.J. 1937. Menings van ons lesers: die radio en "Die Stem". *Die Burger*: 6, Mrt. 23.

CILLIÉ, P.J. 1980. Hertzog en Malan: die jare van skeuring, 1934-1939. Potchefstroom : Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. (Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing, 10.)

CRONJÉ, G. 1963. 'n Sosiologiese beskouing oor die Westerse kultuurproblematiek in Suid-Afrika. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 12(16):26-42, Des.

DAHL, H.F. 1976. The art of writing broadcasting history. *Gazette International Journal for Mass Communication Studies*, 3:130-137.

DAVENPORT, T.R.H. 1991. South Africa: a modern history. 4th ed. London : Macmillan. 662 p.

DE BEER, A.S. & STEYN, E. 1993. The National Party and the media: a special kind of symbiosis. (*In* Louw, P.E., *ed.* South African media policy: debates of the 1990s. Bellville : Anthropos. p. 204-226.)

DEGENAAR, J.J. 1987. Afrikanernasionalisme. (*In* Esterhuyse, W.P., Du Toit, P. van der P. & Van Niekerk, A.A., *reds*. Moderne politieke ideologieë. Johannesburg : Southern. p. 231-260.)

DE KLERK, G.J. 1937. Menings van ons lesers: eentalige uitsaaidiens. *Die Burger*: 8, Mrt. 2.

DU PLOOY, G.M., *ed.* 1995. Introduction to communication. Course book 2: Communication research. Kenwyn : Juta. (Part of a series written by lecturers of the Department of Communication, University of South Africa.) 200 p.

DU TOIT, G.W.M. 1937. Menings van ons lesers: 'n eie radiodiens in Afrikaans. *Die Burger*: 8, Feb. 12.

EPARGNE. 1934. Radio station for each language: isn't that too much to expect? *Rand Daily Mail*: 14, Aug. 21.

FAK. 2001. 'n Bietjie agtergrond. [Web:] http://www.fak.org.za/FAKAgtergrond.htm [Datum van gebruik: 16 Des. 2001].

FEMIA, J.V. 1987. Gramsci's political thought: hegemony, consciousness, and the revolutionary process. Oxford : Clarendon. 303 p.

FLOYD, T.B. 1975. Afrikaner-nasionalisme. Pretoria : Floyd. 178 p.

FLUIT, L. 1974. Vyftig jaar radio. *Die Taalgenoot*: 11, 22, Des.

FOURIE, P.J. 1994. Afrikaans en die uitsaaiwese. *Dialogus*, 1(2):3-5.

FRIEDRICH, P. 1989. Language, ideology and political economy. *American anthropologist*, 91:295-309.

FUCHS, C.D. 1969. Die radio en die gesproke woord. (Referaat gelewer op 2-4 Julie 1969 tydens die Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.) Pretoria. (Ongepubliseer – kopie in besit van outeur.)

FUCHS, C.D. 1974. Die rol van die uitsaaiwese in die uitbouing en handhawing van Afrikaneridentiteit. (Referaat gelewer op 12 Julie 1974 tydens die Algemene Vergadering van die FAK.) Johannesburg. (Ongepubliseer – kopie in besit van outeur.)

FUCHS, C.D. 1988. Verbale kommunikasie aan AM Gerber, 7 Sep. Pretoria. (Kasset in besit van outeur.)

GERBER, A.M. 1997. Legitimiteit en politieke deviansie: die SAUK se hantering van verset teen die driekamerparlement. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - Ph.D.)

GERICKE, F. 1934. Menings van ons lesers: die uitsaaidiens. *Die Burger*: 9, Sep. 26.

GEYER, A.L. 1934. Waaroor gaan die Nasionale stryd? *Die Burger*: 6, Nov. 6.

GEYER, A.L. & MALAN, H.R. 1934a. Die Nasionale stryd vir vryheid onvoltooi. *Die Burger*: 6, Nov. 7.

GEYER, A.L. & MALAN, H.R. 1934b. Die Nasionale stryd en kultuur. *Die Burger*: 6, Nov. 9.

GEYSER, O. 1972. Dr HF Verwoerd die republikein: hoofartikels uit *Die Transvaler*, 1937-1948. Kaapstad : Tafelberg. 100 p.

GIBSON, N. 2001. Transition from apartheid. *Journal of Asian & African studies*, 36(1):65-86, Jan. [Web:] http://search.epnet.com [Datum van gebruik: 24 Sep. 2001].

GILIOMEE, H.B. 1981a. Die ontwikkeling van Afrikaneridentiteit. (*In* Giliomee, H.B. & Adam, H., *reds*. Afrikanermag: opkoms en toekoms. Stellenbosch : Universiteitsuitgewers- en boekhandelaars. p. 77-107.)

GILIOMEE, H.B. 1981b. Die ekonomiese opkoms van die Afrikaners in die twintigste eeu. (*In* Giliomee, H.B. & Adam, H., *reds*. Afrikanermag: opkoms en toekoms. Stellenbosch : Universiteitsuitgewers- en boekhandelaars. p. 108-149.)

GILIOMEE, H.B. & ADAM, H. 1981. Afrikanermag: opkoms en toekoms. Stellenbosch : Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars. 264 p.

GRAMSCI, A. 1982. Selections from the prison notebooks of Antonio Gramsci. London : Lawrence & Wishart. 483 p.

GROSSBERG, L., WARTELLA, E. & WHITNEY, D.C. 1998. Media making: mass media in a popular culture. London : Sage. 442 p.

GUNTER, F.G. 1968. JBM Hertzog, die onderwysman. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 17(21):37-38, Des.

HAYMAN, G. & TOMASELLI, R. 1989. Ideology and technology in the growth of South African Broadcasting, 1924-1971. (*In* Tomaselli, R., Tomaselli, K. & Muller, J., *eds*. Currents of power: state broadcasting in South Africa. Bellville : Anthropos. p. 23-83.)

HERTZOG, A. 1966. Generaal Hertzog: nasionalisme en die Nasionale Party. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 15(19):94-103, Des.

HODGKINSON, P.H. 1934. JB is doing very well: difficulties listeners do not appreciate. *Rand Daily Mail*: 12, Aug. 25.

HOFMEYR, J.H. 1934. Min Hofmeyr se antwoord. *Die Burger*: 3, Feb. 2.

HOPEFUL. 1934. How programmes can be improved: three suggestions for JB. *Rand Daily Mail*: 14, Aug. 22.

HUYSHAMEN, G.K. 1993. Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe. Halfweghuis : Southern. 246 p.

HWENGWERE, M.M. 1996. Public service broadcasting and language: an analysis of policy options for South Africa. Durban : University of Natal. (Dissertation - M.A.)

JACOBS, R. 1988. Die radio as kultuurdraer. *Neon*, 53:61-64, Feb.

JANSEN, N. 1989. Philosophy of mass communication research. Cape Town : Juta. 89 p.

JOOSTE, J.A. 1961. Die bydrae van die SAUK tot die kultuur-ontwikkeling in Suid-Afrika. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 10(14):98-102, Des.

JUTA, C.J. 1966. Aspects of Afrikaner nationalism, 1900-1964: an analysis. Durban : University of Natal. (Thesis - Ph.D.)

KARRIEM, K. 1996. Afrikaanses gevra om nie TV-lisensies te betaal nie. *Beeld*: 14, Mrt. 6.

KENNEY, H. 1990. Up from poverty: what happened to the Afrikaners in SA history. Expert opinion. *Finance week*: 24-26, Aug. 9.

KLAAS WAARSEGGER. 1937. Menings van ons lesers: Afrikaanse radiodiens. *Die Burger*, Feb. 26.

KRÜGER, C.M. 1963. Die ontstaan en waarde van Yskor vir die Republiek van Suid-Afrika. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 12(16):21-25, Des.

KRÜGER, D.W. 1960. South African parties and policies, 1910-1960: a select source book. Cape Town : Human & Rousseau. 471 p.

KRÜGER, D.W. 1967. Generaal Hertzog en die Arbeidersparty, 1923-1930. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 16(20):13-19, Des.

KRÜGER, D.W. 1971. The making of a nation: a history of the Union of South Africa, 1910-1961. Johannesburg : Macmillan. 348 p.

KRÜGER, J. 1966. Herinneringsbeelde van Genl JBM Hertzog. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 15(19):64-71, Des.

KRÜGER, M. 1979. Die FAK: vyftig jaar in diens van volk en vaderland. *Woord en Daad*: 7-9, Jul.

LEE, M. 1970. René Caprara - father of SA broadcasting. *The Star*: 4, Nov. 26.

LIEBENBERG, B.J. 1987a. Botha en Smuts aan bewind, 1910-1924. (*In* Muller, C.F.J., *red.* Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria : Academica. p. 389-418.)

LIEBENBERG, B.J. 1987b. Hertzog aan bewind, 1924-1939. (*In* Muller, C.F.J. *red.*, Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria : Academica. p. 419-451.)

LIEBENBERG, B.J. 1987c. Smuts aan bewind, 1939-1948. (*In* Muller, C.F.J. *red.*, Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria : Academica. p. 452-476.)

LIEBENBERG, J.C.R. & VAN DER MERWE, P.J. 1991. Die wordingsgeskiedenis van apartheid. *Journal for contemporary history*, 16(2):1-24, Dec.

LITTLEJOHN, S.W. 1992. Theories of human communication. 4th ed. Belmont : Wadsworth. 417 p.

LITTLEJOHN, S.W. 2002. Theories of human communication. 7th ed. Belmont : Wadsworth. 417 p.

LOMBARD, C.J. 1934. Menings van ons lesers: ligte musiek vir uitsaai. *Die Burger*: 6, Mrt. 16.

LOUW, K. 1974. Hoor, die draadloos is 'n wonderlike ding! *Die Huisgenoot*, 42-49, Jun. 28.

LOUW, P.E., *ed*. 1993. South African media policy: debates of the 1990s. Bellville : Anthropos. 380 p.

LOUW, P.E. 1994. Shifting patterns of political discourse in the new South Africa. *Communicatio*, 20(1):26-34.

LUGGOLF. 1934. Uit die uitsaaisak: die weer belemmer goeie ontvangs. *Die Burger*: 8, Jul. 30.

MALAN, D.F. 1961. Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen. Kaapstad : Nasionale Boekhandel. 299 p.

MALAN, M.P.A. 1964. Die Nasionale Party van Suid-Afrika: sy stryd en sy prestasies 1914-1964. Kaapstad : Nasionale Party. 349 p.

MALHERBE, D.F. du T. 1942. Afrikaner-volkseenheid. Bloemfontein : Nasionale Pers. (Tweede trek-reeks, nr. 15.) 158 p.

MCCLURG, J. 1988. Verbale kommunikasie met AM Gerber, 21 Sep. Pretoria. (Kasset in besit van outeur.)

MERSHAM, G.M. 1986. The ethnic orientation of SABC-TV broadcasting policy: a critical analysis. Pretoria : University of South Africa. (Dissertation - M.A.)

MEYER, P.J. 1965. Genl Hertzog en die Afrikaanse kultuurstryd. (*In* Nienaber, P.J., Goosen, D.P., Le Roux, T.H., Bosman, F.C.L & Victor, J., *reds*. Gedenkboek vir Generaal Hertzog. Johannesburg : Afrikaanse Pers-boekhandel. p. 113-117.)

MEYER, P.J. 1968. Hy het Afrikaner uit posisie van ondergeskiktheid gedwing. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 15(21):45-46, Des.

MEYER, P.J. 1974. Massamedia en die uitbouing en handhawing van Afrikaner-identiteit. *Handhaaf*: 7-17, Sep.

MEYER, P.J. 1981. Genl JBM Hertzog, Sir John Reith en die uitsaaiwet van 1936. Pretoria : Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. (Genl JBM Hertzog-gedenklesing, 11.) 20 p.

MEYER, P.J. 1984. Nog nie ver genoeg nie: 'n persoonlike rekenskap van vyftig jaar van georganiseerde Afrikanerskap. Kaapstad : Perskor. 189 p.

MOODIE, T.D. 1975. The rise of Afrikanerdom: power, apartheid and the Afrikaner civil religion. Berkeley, Calif. : University of California Press. 328 p.

MOUTON, J. 2001. How to succeed in your master's and doctoral studies: a South African guide and resource book. Pretoria : Van Schaik. 280 p.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1990. Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria : RGN-uitgewers. 310 p.

MULDER, C.P. & CRUYWAGEN, W.A. 1964. Die eerste skof van die Nasionale Party in Transvaal, 1914-1964. Johannesburg : Voortrekkerpers. 256 p.

MULLER, J., TOMASELLI, K. & TEER-TOMASELLI, R. 1985. Ideologie, kultuur en hegemonie: toerusting vir media-ontleding. *Communicatio*, 11(2):51-60.

NAUDÉ, J.D. 1970. Generaal JBM Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party, 1913-1914. Johannesburg : Voortrekkerpers. 194 p.

NAUDÉ, J.F. 1966. Herinneringsbeelde van genl JBM Hertzog. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 13(19):90-93, Des.

NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. London : Allyn & Bacon. 538 p.

NIENABER, G.S. 1965. Artikel 137 van die Unie-Grondwet. (*In* Nienaber, P.J., Goosen, D.P., Le Roux, T.H., Bosman, F.C.L . & Victor, J., *reds*. Gedenkboek vir Generaal Hertzog. Johannesburg : Afrikaanse Pers-boekhandel. p. 97-105.)

NIENABER, G.S. & NIENABER, P.J. 1941. Die geskiedenis van die Afrikaans beweging. Pretoria : Van Schaik. 227 p.

NIENABER, G.S. & NIENABER, P.J. 1960. Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal. Pretoria : Van Schaik. 77 p.

NIENABER, P.J. 1959. Die wonder van Afrikaans. Johannesburg : Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. 80 p.

NIENABER, P.J. 1960. Genl Hertzog en ons taalstryd. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 7(13):4-8, Des.

NIENABER, P.J. 1965a. Genl Hertzog en ons taalstryd. (*In* Nienaber, P.J., Goosen, D.P., Le Roux, T.H., Bosman, F.C.L. & Victor, J., *reds*. Gedenkboek vir Generaal Hertzog. Johannesburg : Afrikaanse Pers-boekhandel. p. 88-96.)

NIENABER, P.J. 1965b. Die Hertzogprys. (*In* Nienaber, P.J., Goosen, D.P., Le Roux, T.H., Bosman, F.C.L. & Victor, J., *reds*. Gedenkboek vir Generaal Hertzog. Johannesburg : Afrikaanse Pers-boekhandel. p. 106-112.)

NIENABER, P.J. 1965c. Genl Hertzog se Onderwyswet. (*In* Nienaber, P.J., Goosen, D.P., Le Roux, T.H., Bosman, F.C.L. & Victor, J., *reds*. Gedenkboek vir Generaal Hertzog. Johannesburg : Afrikaanse Pers-boekhandel. p. 118-129.)

NIENABER, P.J. 1968a. Generaal JBM Hertzog, die taalstryder. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 17(21):35-36, Des.

NIENABER, P.J. 1968b. Die Hertzogprys. (In Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, red. Generaal JBM Hertzog: 'n reeks van twee-en-twintig praatjies uitgesaai in die Afrikaanse Diens van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie vanaf 28 Augustus tot 21 September 1968. Johannesburg : SAUK. p. 41-42.).

NIEWOUDT, C.F. 1967. Die skemertydperk van Genl Hertzog se lewe. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 16(20):34-39, Des.

O'MEARA, D. 1983. Volkskapitalisme: class, capital, and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948. New York : Cambridge University Press. (African study series, nr. 34.) 281 p.

O'MEARA, D. 1997. Afrikaner nationalism and the comparitive theory of the politics of identity: a tribute to Harold Wolpe. (Paper presented to the Inaugural Conference of the Harold Wolpe Memorial Trust: the political economy of social change in South Africa, University of the Western Cape, 1-2 April 1997.) [Web:] http://www.uct.ac.za/misc/wolpe/meara.htm [Datum van gebruik: 16 Sep. 2001].

OOSTHUIZEN, L.M. 1989. Media policy and ethics. Johannesburg : Juta. (Communicamus 5: a series of Communication Science monographs.) 102 p.

OOSTHUIZEN, L.M. 1990. Ideologie, media en Afrikaner-nasionalisme: 'n oorsig. *Communicatio*, 16(1):38-47.

ORLIK, P.B. 1970. The South African Broadcasting Corporation: an historical survey and contemporary analysis. Detroit, Michigan : Wayne State University. (Dissertation - Ph.D.) 263 p.

PAGE, J.M., *voors*. 1941. Verslag van kommissie van ondersoek insake die bedrywighede van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. Pretoria : Staatsdrukker. (Verslag in opdrag van regering van Unie van Suid-Afrika - Sir Patrick Duncan.) (UG 32/41.)

PELZER, A.N. 1965. Die De Wildt-toespraak van Generaal Hertzog in die lig van latere gebeure. (*In* Nienaber, P.J., Goosen, D.P., Le Roux, T.H., Bosman, F.C.L. & Victor, J. *reds*. Gedenkboek vir Generaal Hertzog. Johannesburg : Afrikaanse Pers-boekhandel. p. 256-276.)

PELZER, A.N. 1979. Die Afrikaner-Broederbond: eerste vyftig jaar. Kaapstad : Tafelberg. 193 p.

PIENAAR, G.J. 1974. Die rol van die pers in die uitbouing en handhawing van die Afrikaneridentiteit. *Handhaaf*: 7-14, Aug.

PIETERSE, H.J. 1995. Taalpolitiek: 'n verkenning en enkele toepassings. *Politeia*, 14(2):40-65.

PIROW, O. 1965. Generaal Hertzog as staatsman. (*In* Nienaber, P.J., Goosen, D.P., Le Roux, T.H., Bosman, F.C.L. & Victor, J., *reds*. Gedenkboek vir Generaal Hertzog. Johannesburg : Afrikaanse Pers-boekhandel. p. 280-321.)

POTGIETER, H.J. 1937. Menings van ons lesers: teen tweetalige radiodiens. *Die Burger*: 6, Jan. 6.

PRETORIUS, M. 2000. Dr DF Malan: Afrikanernasionalis as Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika. *Die Afrikaner*, Mei.19. [Web:] http://www.hnp.org.za/afrikaner/mei2k3/art.htm [Datum van gebruik: 6 Sep. 2001].

PRINSLOO, D. 1987. Dr Piet Meyer in Johannesburg, 1936-1984. *Historia*, 32(1):44-54, Mei.

REITH, J.C.W., *voors*. 1935. Broadcasting policy and development. Pretoria : Government printers. (Report commissioned by government of Union of South Africa - genl JBM Hertzog.) (UG 18/1935.)

REITH, J.C.W. 1938. Letter to MC Botha, 11 Jan. Johannesburg. (Copy in possession of the author.)

REUTER. 1934a. State to take over radio? *The Cape Argus*: 13, Sep. 4.

REUTER. 1934b. Sterk radiostasie op Robertshoogte. *Die Burger*: 2, Sep. 8.

REUTER. 1934c. Radiodiens vir die skole. Voorbereidings 'n stap verder. Moet begin om toestelle aan te koop. *Die Burger*: 2, Sep. 10.

R.H.B. 1934. Separate broadcasts? *The Cape Argus*: 13, Sep. 24.

RHODES, T.A.F. 1956. Broadcasting before the SABC was created (1924-1936). Johannesburg : SABC.

ROOS, G. 1950. 'n Halfeeu van Afrikaner-prestasie, 1900-1950. Johannesburg : L en S Boek- en Kunssentrum. 160 p.

ROOS, G. 1954. Broadcasting in South Africa. *Finance and trade review*, 1(5):38-48.

ROOS, G. 1957. Die uitsaaiwese in diens van ons samelewing. Johannesburg : Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. 32 p.

ROOS, G. 1988a. Verbale kommunikasie aan AM Gerber, 28 Jul. Pretoria. (Kasset in besit van outeur.)

ROOS, G. 1988b. Verbale kommunikasie aan AM Gerber, 24 Aug. Pretoria. (Kasset in besit van outeur.)

ROSENTHAL, E. 1975. U het geluister: die vroeë geskiedenis van die uitsaaiwese in Suid-Afrika. Johannesburg : SAUK. 169 p.

SABC *kyk* SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION.

SADIE, J.L. 1957. Die Afrikaner in die landsekonomie. Johannesburg : SAUK. 40 p.

SAUK *kyk* SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE.

SCHOCH, A.A.S. *voors*. 1948. Verslag van die kommissie van ondersoek insake uitsaaidienste.) Kaapstad : *Cape Times*. (Verslag in opdrag van regering van Unie van Suid-Afrika - Goewerneur-generaal.) (UG 25/48.) 75 p.

SHOEMAKER, P.J. & REESE, S.D. 1991. Mediating the message: theories of influences on mass media content. New York : Longman. 233 p.

SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION. 1998. This is the SABC. Johannesburg : SABC.

STEYN, J.C. 1980. Tuiste in eie taal: die behoud en bestaan van Afrikaans. Kaapstad : Tafelberg. 523 p.

STEYN, J.C. 1987a. Trouwe Afrikaners: aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek, 1875-1938. Kaapstad : Tafelberg. 243 p.

STEYN, J.C. 1987b. Die taalpolitieke stryd oor 'n Afrikaanse radiodiens. *SA journal of linguistics*, 5(1):100-123, Jan.

STEYN, J.C. 1991. Afrikanernasionalisme en Engels: 'n kortstondige beleidsafwyking en die agtergrond daarvan. *Historia*, 36(1):73-88, Mei.

STEYN, J.C. 1996. Afrikaans en die openbare media. *Aambeeld*, 24(1):33-35, Jun.

STILLO, M. 2001. Antonio Gramsci. [Web:] http://www.theory.org.uk/ctr-gram.htm [Datum van gebruik: 31 Mei 2001].

STULTZ, N.M. 1974. The nationalists in opposition, 1934-1948. Cape Town : Human & Rousseau. 168 p.

SUID-AFRIKA. 1936. Uitsaaiwet, no. 22 van 1936. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. Volksraad. 1935. Debatte van die Volksraad. Derde sitting, Sewende Parlement, 25 Mrt. Kaapstad : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. Volksraad. 1936a. Debatte van die Volksraad. Vierde sitting, Sewende Parlement, 29 Apr. Kaapstad : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. Volksraad. 1936b. Debatte van die Volksraad. Vierde sitting, Sewende Parlement, 18 Mei. Kaapstad : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. Volksraad. 1936c. Debatte van die Volksraad. Vierde sitting, Sewende Parlement, 19 Mei. Kaapstad : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS. 1932. Verslag oor die jaar 1931-1932. *Bulletin*, 2(7):4-7, Sep.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS. 1933a. Verslag van die Film-Radio-Komitee. *Bulletin*, 3(10), Sep.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS. 1933b. Verslae van kommissies. *Bulletin*, 3(11):2-3, Okt.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS. 1934a. Notule van Raadsvergadering. *Bulletin*, 3(15), Nov.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS. 1934b. Notule van Raadsvergadering. *Bulletin*, 3(16), Nov.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS. 1935a. Opmerkings in verband met Film-Radio-Komitee. *Bulletin*, 4(1), Apr.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS. 1935b. Jaarverslag van die Film-Radio-Kommissie. *Bulletin*, 4(4), Des.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS. 1936a. Film-Radiokommissie-verslag. *Bulletin*, 4(5), Jan.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS. 1936b. Mededelings in verband met die vergadering van die Akademieraad, 6 April 1936. *Bulletin*, 4(6), Apr.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 1966. Hertzog-annale. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 15(19): Des.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 1967. Hertzog-annale. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 16(20): Des.

SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1936/1937. Jaarverslag. Johannesburg : SAUK.

SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1938. Jaarverslag. Johannesburg : SAUK.

SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1939. Jaarverslag. Johannesburg : SAUK.

SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1940. Jaarverslag. Johannesburg : SAUK.

SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1941. Jaarverslag. Johannesburg : SAUK.

SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1942. Jaarverslag. Johannesburg : SAUK.

SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1946. Jaarverslag. Johannesburg : SAUK.

SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1947. Jaarverslag. Johannesburg : SAUK.

SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1948. Jaarverslag. Johannesburg : SAUK.

SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1989. Dit is die SAUK. Johannesburg : SAUK.

SWART, M.J. 1963. Toe grysaards gebots het. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 12(16), Des.

SWART, M.J. 1967. Generaal Hertzog in die Botha-tydperk. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 16(20):41-64, Des.

TEER-TOMASELLI, R. & DE VILLIERS, C. 1998. Radio: theatre of the mind. (*In* De Beer, A.S., *ed.* Mass media towards the millennium: the South African handbook of mass communication. Pretoria : Van Schaik. p. 147-176.)

TOMASELLI, K.G, & TEER-TOMASELLI, R. 1989. Between policy and practice in the SABC, 1970-1981. (*In* Tomaselli, R., Tomaselli, K.G. & Muller, J., *eds*. Currents of power: state broadcasting in South Africa. Bellville : Anthropos. p. 84-152.)

TOMASELLI, K.G., TOMASELLI, R. & MULLER, J. 1987. Narrating the crisis: hegemony and the South African press. Johannesburg : Richard Lyon. 258 p.

UITSAAIWET *sien* SUID-AFRIKA.

VAN AARDT, M. 1989. Afrikaans en taalpolitiek: enkele voorlopige opmerkings. *Koers*, 54(2):174-189, Jun.

VAN DEN BERG, M.J. 1967. Herinneringsbeelde van genl JBM Hertzog. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 16(20):69-77, Des.

VAN DER WALT, C.P. 1968. Generaal Hertzog as staatsman. (*In* Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. Generaal JBM Hertzog: 'n reeks van twee-en-twintig praatjies uitgesaai in die Afrikaanse Diens van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie vanaf 28 Augustus tot 21 September 1968. Johannesburg : SAUK. p. 21-26).

VAN DER WALT, P.J. 1973. Die SAUK, met spesiale verwysing na sy verhouding tot die staat. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M.A.)

VAN JAARSVELD, F.A. 1968. Die De Wildt-toespraak en sy betekenis. (*In* Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. Generaal JBM Hertzog: 'n reeks van twee-en-twintig praatjies uitgesaai in die Afrikaanse Diens van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie vanaf 28 Augustus tot 21 September 1968. Johannesburg : SAUK. p. 31-34).

VAN OOSTRUM, O. 1934. Menings van ons lesers: uitsaai van kerkdienste. *Die Burger*: 4, Okt. 15.

VAN RENSBURG, F.I.J. 1996. Afrikaans: 'n bestekopname. *Aambeeld*, 24(1),7-8, Jun. [Web:] http://www.rau.ac.za/old/publications/aambeeld/june1996/bestekopname.htm [Datum van gebruik: 14 Sept. 1999].

VAN TONDER, J.J. 1975. Dr SH Pellissier: onderwysman en kultuurleier. *Handhaaf*: 20-23, Nov.

VAN WYK, A. 1997. O, moedertaal, o, soetste taal... *Taalgenoot*, 66(4):14, Apr.

VAN ZYL, J. 1994. Civil society and broadcasting in South Africa: protecting the right to communicate. *Communicatio*, 20(2):62-70.

VILJOEN, C. & CRONJÉ, P. 1993. The report of the Task Group on Broadcasting in South and Southern Africa: a personal perspective. (*In* Louw, P.E., *ed.* South African media policy: debates of the 1990s. Bellville : Anthropos. p. 27-39.)

VILJOEN, G van N. 1970. Behoud en uitbouing van die Afrikaner se identiteit. *Handhaaf*: 35-40, Aug.

VOLKSRAAD *sien* SUID-AFRIKA.

WATSON, I. 1986. The Irish language and television: national identity, preservation, restoration and minority rights. *British Journal of Sociology*, 47:255-274.

WEBER, P.A. 1974. Dr Malan en *Die Burger*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 14(4):255-264, Des.

WIID, J.A. 1968. Die geskiedenis van die Afrikaner. (*In* Pienaar, P de V., *red.* Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Kaapstad : Nasionale Boekhandel. p. 15-36.)

WILSON, C.N. 1975. Verbale kommunikasie aan CE Mulder, 14 Jul. Johannesburg. (Kasset in besit van outeur.)